TEHILLIM

Psalms - Lofliedere

1 Geseënd is die man wat nie wandel in die raad van die bose
en nie staan in die weg van die sondaars
en nie sit in die kring van die spotters nie;
2 maar sy behae is in die Tora van יהוה,
en hy oordink Sy Tora dag en nag.
3 En hy sal wees soos ’n boom wat geplant is by waterstrome,
wat sy vrugte gee op sy tyd
en waarvan die blare nie verwelk nie;
en alles wat hy doen,
voer hy voorspoedig uit.
4 So is die bose mense nie,
maar soos kaf wat die wind verstrooi.
5 Daarom sal die bose nie bestaan in die oordeel en die sondaars in die vergadering van die regverdiges nie.
6 Want יהוה ken die weg van die regverdiges,
maar die weg van die bose sal vergaan.

2 Waarom gaan die heidene tekere
en bedink die mense nietige dinge?
2 Die konings van die aarde staan gereed,
en die regeerders hou saam raad teen יהוה en teen Sy messias en sê:
3 “Laat ons Hulle bande stukkend ruk
en Hulle toue van ons afwerp!
4 Hy wat in die hemel woon, lag;
יהוה spot met hulle.”
5 Dan sal Hy met hulle praat in Sy toorn,
en in Sy grimmigheid sal Hy hulle verskrik:
6 “En Ek het My koning oor Tsijon gesalf,
My afgesonderde berg.
7 “Ek wil vertel van die wet:
יהוה het vir my gesê: ‘Jy is My seun,
vandag het Ek self jou voort gebring.
8 ‘Eis van My, en Ek wil heidene gee as jou erfdeel
en die eindes van die aarde as jou besitting.
9 ‘Jy sal hulle verpletter met ’n ysterstaf,
Jy sal hulle stukkend slaan soos ’n erdepot.’”
10 Wees dan nou verstandig, o konings;
laat julle waarsku, o regters van die aarde!
11 Dien יהוה met vrees,
en juig met bewing.
12 Soen die seun, dat hy nie toornig word
en julle op die weg vergaan nie;
want gou kan sy toorn ontvlam.
Geseënd is almal wat by hom skuil!

3 *’n Lied van Dawid toe hy gevlug het vir sy seun Abshalom.*
O יהוה, hoe het my teëstanders vermeerder!
Baie staan teen my op.
2 Baie sê van my:
“Daar is geen verlossing vir hom by Elohim nie.” Sela.
3 Maar U, יהוה, is ’n skild wat my beskut,
my aansien en die Een wat my hoof oplig.
4 Met my stem roep ek יהוה aan,
en Hy verhoor my van Sy kodesh berg. Sela.
5 Ek het gaan lê en geslaap;
ek het wakker geword,
want יהוה onderhou my.
6 Ek sal nie vrees vir tien duisende van mense wat rondom teen my gereed staan nie.
7 Staan op, יהוה;
verlos my, my Elohim!
Want U het al my vyande op die kakebeen geslaan;
U het die tande van die bose stukkend gebreek.
8 Die verlossing behoort aan יהוה;
laat U seën wees oor U volk! Sela.

4 *Vir die musiekleier;*
met snaarinstrumente.

© Kopiereg 2003-2010 Masada – Proeflees uitgawe

'n Lied van Dawid.
Wanneer ek roep, verhoor my,
o Elohim van my geregtigheid!
In benoudheid het U vir my ruimte gemaak;
bewys my guns, en hoor my gebed!
2 O Seuns van die Manne,
hoe lank sal my aansien tot skande wees?
Hoe lank sal julle die nietigheid liefhê, die leuen soek? Sela.
3 Weet tog dat יהוה vir Hom 'n gunsgenoot afgesonder het;
יהוה hoor wanneer ek Hom aanroep.
4 Sidder, en moenie sondig nie;
praat in julle hart op julle bed,
en wees stil[a]. Sela.
5 Offer offerandes van geregtigheid
en vertrou op יהוה.
6 Baie sê: "Wie sal ons die goeie laat sien?"
Verhef oor ons die lig van U aangesig, o יהוה!
7 Groter vreugde het U in my hart gegee as wanneer hulle koring en hulle mos[b] oorvloedig is.
8 Ek wil in vrede gaan lê en meteens aan die slaap raak;
want U, o יהוה, alleen laat my in veiligheid woon.

5 *Vir die musiekleier; met fluite.*

'n Lied van Dawid.
O יהוה, luister na my woorde,
let op my versugting.
2 Gee ag op die stem van my hulpgeroep, my Koning en my Elohim,
want tot U bid ek.
3 In die môre, יהוה, sal U my stem hoor;
in die môre sal ek dit aan U voorlê in afwagting.
4 Want U is nie 'n Ěl wat behae het in boosheid nie;
die kwaad sal by U nie vertoef nie.
5 Die trotses sal voor U oë nie standhou nie;
U haat al die werkers van ongeregtigheid.
6 U sal die leuenaars laat omkom;
יהוה verafsku die man van bloed en bedrog.
7 Maar ek, deur die grootheid van U guns mag ek U huis ingaan,
my buig na U afgesonderde tempel, in U vrees.
8 יהוה, lei my in U geregtigheid weens my vyande;
maak U weg voor my reguit.
9 Want in hulle mond is niks betroubaars nie;
hulle binneste bring teëspoed;
hulle keel is 'n oop graf;
hulle maak hul tong glad.
10 Verklaar hulle skuldig, o Elohim!
Laat hulle val deur hul planne;
dryf hulle weg oor hul baie oortredinge,
want hulle het teen U gerebelleer.
11 Maar laat húlle almal juig wat by U skuil;
laat hulle vir ewig jubel, omdat U hulle beskut;
en laat in U juig die wat U Naam liefhet.
12 Want U seën die regverdige, o יהוה, U omring hom met guns soos met 'n skild.

6 *Vir die musiekleier; met snaarinstrumente; met basstem.*

'n Lied van Dawid.
O יהוה, straf my nie in U toorn nie,
en kasty my nie in U grimmigheid nie.
2 Bewys guns aan my, יהוה,
want ek is verswak;
maak my gesond, יהוה,
want my gebeente is verskrik.
3 Ja, my wese is baie verskrik;
en U, יהוה, tot hoe lank?
4 Keer terug, יהוה, red my wese;
verlos my om U guns ontwil.
5 Want in die dood word aan U nie gedink nie;
wie sal U dank in die graf?
6 Ek is moeg van my gesug;
elke nag laat ek my bed swem;
ek deurweek my bed met my trane.
7 My oog het dof geword van verdriet;
dit het swak geword vanweë al my

[a] Jes 30:15
[b] Normaalweg druiwesap. Baie selde gefermenteer.

© Kopiereg 2003-2010 Masada – Proeflees uitgawe

teëstanders.
[8] Gaan weg van my, al julle werkers van ongeregtigheid,
want יהוה het die stem van my gehuil gehoor.
[9] יהוה het my smeking gehoor;
יהוה neem my gebed aan.
[10] Al my vyande sal beskaamd staan en baie verskrik word;
hulle sal in 'n oomblik beskaamd omdraai.

7 *Shiggajon van Dawid wat hy tot aansien van* יהוה *gesing het weens die woorde van Kus, die Benjaminiet*.
יהוה, my Elohim, by U skuil ek;
verlos my van al my vervolgers en red my;
[2] sodat hy nie soos 'n leeu my verskeur en wegruk sonder dat iemand red nie.
[3] יהוה, my Elohim, as ek dit gedoen het, as daar onreg in my hande is,
[4] indien ek hóm kwaad aangedoen het wat in vrede met my geleef het,
indien ek my vyand sonder rede geplunder het,
[5] mag die vyand my dan vervolg en inhaal en my lewe teen die grond vertrap
en my aansien in die stof laat woon.
Sela.
[6] Staan op, יהוה, in U toorn,
verhef U teen die grimmigheid van my teëstanders en ontwaak vir my,
U wat die reg beveel het!
[7] En laat die vergadering van die volke U omring;
keer dan bo hulle terug in die hoogte!
[8] יהוה oordeel die volke.
Doen aan my reg, יהוה, volgens my geregtigheid
en volgens my onskuld wat by my is.
[9] Laat tog die boosheid van die bose mense eindig,
maar bevestig U die regverdige,
ja, U wat harte en niere toets,
o regverdige Elohim!
[10] My skild is by Elohim wat die opregtes van hart verlos.
[11] Elohim is 'n regverdige regter,
en 'n Ěl wat elke dag toornig is.
[12] Indien hy hom nie bekeer nie, maak Hy Sy swaard skerp;
Hy span Sy boog en mik daarmee
[13] en berei vir Hom dodelike werktuie;
Hy maak Sy pyle brandende wapens.
[14] Kyk, hy is gebonde met boosheid
en is swanger met moeilikheid;
hy baar leuens.
[15] Hy het 'n gat gegrawe en dit uitgehol;
maar hy het geval in die gat wat hy gemaak het.
[16] Die teëspoed wat hy gestig het, keer op sy hoof terug,
en sy geweld kom op sy skedel neer.
[17] Ek wil יהוה loof volgends Sy geregtigheid
en die Naam van יהוה, die Allerhoogste, besing.

8 *Vir die musiekleier; op die Gittiet. 'n Lied van Dawid*.
O יהוה, ons Meester,
hoe wonderlik is U Naam oor die hele aarde!
U wat U glans gelê het bo die hemele.
[2] Uit die mond van kinders en suiglinge het U sterkte gegrondves,
om U teëstanders ontwil,
om die vyand en wraakgierige stil te maak.
[3] Want ek aanskou U hemel, die werk van U vingers,
die maan en die sterre wat U opgestel het-
[4] wat is die mens dat U aan hom dink,
en die mensekind dat U hom besoek?
[5] U het hom 'n weinig minder gemaak as elohim
en hom met aansien en glans gekroon.
[6] U laat hom regeer oor die werke van U hande;
U het alles onder sy voete gestel:
[7] skape en beeste, dié almal,
en ook die diere van die veld,
[8] die voëls van die hemel
en die visse van die see,
wat trek deur die paaie van die see.
[9] O יהוה, ons Meester,
hoe wonderlik is U Naam oor die hele

© Kopiereg 2003-2010 Masada – Proeflees uitgawe

aarde!

9 *Vir die musiekleier, op die wysie van: "Sterf vir die Seun". 'n Lied van Dawid.*
Ek wil יהוה loof met my hele hart;
ek wil al U wonders vertel.
2 In U wil ek bly wees en juig;
ek wil sing tot U Naam, o Allerhoogste.
3 Wanneer my vyande omdraai,
struikel en vergaan hulle voor U.
4 Want U het my reg en my regsaak hanteer;
U het gaan sit op die troon,
en in geregtigheid geoordeel!
5 U het die heidene gedreig,
die bose laat omkom,
hulle naam uitgedelg vir ewig en altyd.
6 Die vyand is nie meer nie - puinhope vir ewig;
die stede het U verwoes;
ook hul nagedagtenis, dié het vergaan.
7 Maar יהוה sit vir ewig;
Hy het Sy troon reggesit vir die oordeel.
8 En Hy self sal die wêreld oordeel in geregtigheid
en die volke vonnis met reg.
9 So is יהוה dan 'n rotsvesting vir die verdrukte,
'n rotsvesting in tye van benoudheid.
10 En hulle wat U Naam ken, vertrou op U,
omdat U die wat U soek, nie verlaat nie, o יהוה!
11 Sing lof tot יהוה wat op Tsijon woon;
verkondig onder die volke Sy dade.
12 Want Hy wat die bloed soek, dink aan hulle;
Hy vergeet die geroep van die ellendiges nie.
13 Bewys guns aan my, יהוה,
aanskou my ellende weens my haters,
U wat my verhef uit die poorte van die dood;
14 sodat ek al U roemryke dade kan vertel, in die poorte van die dogter van Tsijon.
Ek juig oor U verlossing.
15 Die heidene het gesink in die gat wat hulle gemaak het;
hulle voet is gevang in die net wat hulle gespan het.
16 יהוה het Homself bekend gemaak deur oordele wat Hy uit gevoer het;
die bose is verstrik in die werk van sy eie hande.
Higgajon[c]. Sela.
17 Die bose sal teruggaan na die doderyk,
al die heidene wat Elohim vergeet.
18 Want die behoeftige sal nie vir altyd vergeet word,
die verwagting van die ellendiges nie vir ewig verlore gaan nie.
19 Staan op, יהוה,
laat die mens nie sterk word nie;
laat die heidene voor U gesig geoordeel word!
20 O יהוה jaag hulle skrik aan;
laat die heidene weet, hulle is mense! Sela.

10 O יהוה, waarom staan U so ver weg
en hou U verborge in tye van benoudheid?
2 In sy trotsheid vervolg die bose die ellendige.
Laat hulle gegryp word in die listige planne wat hulle uitgedink het!
3 Want die bose spog oor die begeertes van sy hart;
en die inhalige vervloek en verag יהוה.
4 Met trots in sy gesig soek die bose Hom nie
en in sy gedagtes is daar geen Elohim nie!
5 Sy weë is altyd voorspoedig;
hoog daarbo is U oordele,
weg van hom af;
hy blaas op al sy teëstanders.
6 Hy sê in sy hart:
"Ek sal nie wankel nie;
van geslag tot geslag is ek die een wat nie in die moeilikheid sal wees nie."
7 Sy mond is vol van vloek en van bedrog en verdrukking;
onder sy tong is moeilikheid en onreg.
8 Hy sit in die hinderlae by die dorpe;
in skuilplekke maak hy die onskuldige dood;

[c] Mediterend / Oordenkend

© Kopiereg 2003-2010 Masada – Proeflees uitgawe

sy oë loer op die hulpelose.
9 Hy lê en wag in die skuilplek soos ’n
leeu in sy lêplek;
hy lê en wag om die ellendige te vang;
hy vang die ellendige deur sy net toe te
trek;
10 en hy kruip en lê laag,
en die hulpeloses val in sy mag.
11 Hy sê in sy hart:
“Él het dit vergeet;
Hy verberg Sy aangesig;
vir ewig sien Hy dit nie.”
12 Staan op, יהוה! O Él, ig U hand op;
vergeet die ellendiges nie!
13 Die bose, waarom verag hy Elohim
en sê in sy hart: “U soek dit nie?”
14 U het dit gesien; want U aanskou die
moeite en verdriet,
sodat ’n mens dit in U hand sal gee.
Aan U gee die hulpelose dit oor;
U is ’n helper van die wees.
15 Verbreek die arm van die bose en
slegte;
besoek sy boosheid totdat U niks vind
nie!
16 יהוה is Koning vir ewig en altyd;
die heidene het vergaan uit Sy land.
17 יהוה, U het die begeerte van die
hulpeloses gehoor;
U sal hulle hart versterk, U oor sal luister
18 om aan die wees en verdrukte reg te
doen.
Geen mens uit die aarde sal langer
voortgaan om te verdruk nie.

11 *Vir die musiekleier.*

’n Lied van Dawid.
By יהוה skuil ek.
Hoe kan julle dan vir my sê:
“Vlug na julle berg soos ’n voël!”?
2 Want kyk, die bose span die boog;
hulle plaas hul pyl op die snaar om in die
donker te skiet na die opregtes van hart.
3 Wanneer die fondamente omgegooi
word,
wat kan die regverdige doen?
4 יהוה is in Sy afgesoderde tempel;
die troon van יהוה is in die hemel;
Sy oë sien, Sy ooglede toets die
mensekinders.
5 יהוה toets die regverdige;
maar Sy wese haat die bose
en die wat geweld liefhet.
6 Hy sal op die bose vangnette, vuur en
swawel laat reën;
en ’n gloeiende wind sal die deel van
hulle beker wees.
7 Want יהוה is regverdig;
Hy het geregtighede lief;
die opregtes sal Sy aangesig sien.

12 *Vir die musiekleier, met basstem.*

’n Lied van Dawid.
Red, יהוה, want daar is geen vrome meer
nie;
want die getroues het verdwyn onder die
mensekinders.
2 Hulle praat leuens, die een met die
ander;
met vleiende lippe praat hulle
dubbelhartig.
3 Mag יהוה al die vleiende lippe afsny,
die tong wat grootpraat,
4 hulle wat sê:
“Met ons tong is ons sterk;
ons lippe is ons eie!
Wie is meester oor ons?”
5 “Oor die verdrukking van die
hulpeloses, oor die gesug van die
behoeftiges sal Ek nou opstaan,” sê יהוה;
“Ek sal hom in veiligheid stel wat daarna
smag.”
6 Die woorde van יהוה is rein woorde,
silwer wat gelouter is in ’n smeltkroes in
die aarde,
gesuiwer sewe maal.[d]
7 U, o יהוה, sal hulle bewaar;
U sal ons bewaar van hierdie geslag vir
ewig.
8 Die bose draf rond wanneer
waardeloosheid die oorhand kry by die
mensekinders.

13 *Vir die musiekleier.*

’n Lied van Dawid.
Hoe lank, יהוה, sal U my altyddeur
vergeet?
Hoe lank sal U vir my U aangesig

[d] Teh 18:30; 119:140; Mish 30:4

© Kopiereg 2003-2010 Masada – Proeflees uitgawe

verberg?
[2] Hoe lank sal ek planne beraam in my wese,
met kommer in my hart oordag?
Hoe lank sal my vyand hom oor my verhef?
[3] Aanskou tog! Verhoor my, יהוה, my Elohim!
Verlig my oë, sodat ek nie in die dood slaap nie;
[4] sodat my vyand nie kan sê: "Ek het hom oorwin nie",
en my teëstanders nie juig wanneer ek wankel nie.
[5] Maar ek, op U guns vertrou ek;
my hart sal juig oor U verlossing.
[6] Ek wil sing tot יהוה,
omdat Hy aan my goed gedoen het.

14 *Vir die musiekleier.*

'n Lied van Dawid.
Die dwaas sê in sy hart:
"Daar is geen Elohim nie."
Sleg, afskuwelik maak hulle hul dade;
daar is niemand wat goed doen nie.
[2] יהוה het uit die hemel neergesien op die mensekinders,
om te sien of daar iemand verstandig is, wat na Elohim vra.
[3] Hulle het almal afgewyk,
tesame het hulle ontaard;
daar is niemand wat goed doen,
nie eers een nie.
[4] Het al die werkers van ongeregtigheid dan geen kennis nie,
die wat my volk opeet asof hulle brood eet?
Hulle roep יהוה nie aan nie.
[5] Dáár het skrik hulle oorweldig,
want Elohim is by die regverdige geslag.
[6] Die raad van die ellendige kan julle tot skande maak;
maar יהוה is sy toevlug.
[7] Ag, mag die verlossing van Jisra'ěl uit Tsijon kom!
Wanneer יהוה die lot van Sy volk verander,
dan sal Jaäkoḇ juig, Jisra'ěl sal bly wees.

15 *'n Lied van Dawid.*

יהוה, wie mag vertoef in U Tent?
Wie mag woon op U kodesh berg?
[2] Hy wat opreg wandel en geregtigheid doen,
en wat met sy hart die waarheid praat;
[3] wat nie rondgaan met laster op sy tong nie,
sy vriend geen kwaad doen
en geen smaad uitspreek teen sy naaste nie;
[4] in wie se oë die verworpene veragtelik is,
maar hy ag die wat יהוה vrees.
Al het hy gesweer tot sy skade, verander hy nie.
[5] Wat sy geld nie teen rente uitleen
en geen omkoopgeskenk aanneem teen die onskuldige nie.
Hy wat hierdie dinge doen,
sal in ewigheid nie wankel nie.

16 *'n Gedig van Dawid.*

Bewaar my, o Ěl, want by U skuil ek.
[2] Ek het aan יהוה gesê:
"U is my Meester;
vir my is daar geen goed bo U nie."
[3] Maar aangaande die kodeshim wat op die aarde is, sê ek:
"Hulle is die glansrykes in wie al my behae is."
[4] Die smarte van hulle wat agter ander met gawes aanhardloop, sal vermeerder;
ek sal hulle drankoffers van bloed nie uitgiet
en hulle name op my lippe nie neem nie.
[5] יהוה is die deel van my erfenis en van my beker; U onderhou my lot.
[6] Die meetsnoere het vir my in lieflike plekke geval,
ja, my erfenis is vir my mooi.
[7] Ek sal יהוה loof wat my raad gegee het;
selfs in die nag vermaan my niere my.
[8] Ek stel יהוה altyddeur voor my;
omdat Hy aan my regterhand is, sal ek nie wankel nie.
[9] Daarom is my hart bly en my aansien juig;
ook sal my vlees in veiligheid woon;
[10] want U sal my wese in die doderyk nie laat nie;

© Kopiereg 2003-2010 Masada – Proeflees uitgawe

U sal nie toelaat dat U gunsgenoot
verderwing sien nie.
11 U maak my die pad van die lewe bekend;
versadiging van vreugde is voor U aangesig,
lieflikhede in U regterhand, vir ewig.

17 יהוה, hoor 'n regverdige saak,
let op my smeking;
luister tog na my gebed met onbedrieglike lippe.
2 Laat my reg van U aangesig uitgaan;
laat U oë regverdig sien.
3 U het my hart getoets,
dit in die nag ondersoek,
U het my gekeur, U vind niks nie;
wat ek ook dink, my mond oortree nie.
4 Aangaande die handelinge van die mens,
ék het deur die woord van U lippe die paaie van die geweldenaar vermy.
5 My gange het vasgehou aan U spore,
my voetstappe het nie gewankel nie.
6 Ek roep U aan, want U verhoor my, o Ěl!
Neig U oor tot my, luister na my woord!
7 Maak U gunsbewyse wonderbaar,
U wat díe verlos wat by U regterhand skuil vir teëstanders!
8 Bewaar my soos U oogappel;
verberg my in die skaduwee van U vleuels
9 teen die bose wat my geweld aandoen,
my doodsvyande wat my omring.
10 Hulle is in hul eie vet omsluit;
met hul mond praat hulle hoogmoedig.
11 Nou het hulle ons in ons gang omsingel;
hulle rig hul oë daarop om ons op die grond uit te strek.
12 Hy is soos 'n leeu wat gretig is om sy prooi te verskeur, en soos 'n jong leeu wat in skuilplekke klaar lê.
13 Staan op, יהוה, gaan hom tegemoet, werp hom neer;
red my van die bose met U swaard;
14 van die mans deur U hand, o יהוה, van die mans wie se deel in die lewe uit die wêreld is en wie se buik U vul met U verborge skat;
wie se seuns daarvan nog sat is,
wat weer hul oorskot aan hulle kinders laat agterbly.
15 Maar ek sal U aangesig in geregtigheid aanskou;
ek sal versadig word met U beeld wanneer ek wakker word.

18 *Vir die musiekleier. 'n Lied van Dawid, die dienaar van* יהוה*, wat die woorde van hierdie lied tot* יהוה *gespreek het op die dag toe* יהוה *hom gered het uit die hand van al sy vyande en uit die hand van Sha'ul.*
Ek het U hartlik lief, יהוה, my sterkte.
2 יהוה is my rots en my bergvesting
en my redder;
my Ěl, my rots by wie ek skuil;
my skild en die horing van my verlossing, my rotsvesting.
3 Ek roep יהוה aan wat lofwaardig is,
en van my vyande word ek verlos.
4 Bande van die dood het my omring,
en strome van Belija'al[e] het my oorval.
5 Bande van die doderyk was rondom my;
strikke van die dood het my teëgekom.
6 Toe ek benoud was, het ek יהוה aangeroep,
en ek het tot my Elohim geroep om hulp;
Hy het my stem uit Sy paleis[f] gehoor,
en my hulpgeroep voor Hom het in Sy ore gekom.
7 Toe het die aarde geskud en gebewe;
die fondamente van die berge het gesidder en geskud,
omdat Hy toornig was.
8 Rook in Sy neus het opgegaan,
en 'n vuur uit Sy mond het verteer;
kole uit Hom het gebrand.
9 En Hy het die hemel gebuig en neergedaal,
en donkerheid was onder Sy voete.
10 En Hy het op 'n kérub gery en gevlieg;
ja, Hy het gesweef op die vleuels van die wind.

---

[e] Teëspoed, vernietiging, ens.
[f] Ook Tempel.

© Kopiereg 2003-2010 Masada – Proeflees uitgawe

[11] Duisternis het Hy Sy skuilplek gemaak,
Sy hut rondom Hom:
duisternis van waters, dik wolke van die lug.
[12] Deur die glans voor Hom het Sy wolke verbygetrek, hael en gloeiende kole.
[13] En יהוה het in die hemel gedonder,
en die Allerhoogste het Sy stem laat hoor;
hael en gloeiende kole.
[14] En Hy het Sy pyle uitgestuur en hulle verstrooi;
ja, Sy weerlig in menigte,
en Hy het hulle verwar.
[15] En die beddings van die waters het sigbaar geword,
en die fondamente van die wêreld is blootgelê vanweë U dreiging, o יהוה,
vanweë die geblaas van die wind van U neus.
[16] Hy het uit die hoogte Sy hand uitgestrek,
Hy het my gegryp,
Hy het my uit groot waters getrek.
[17] Hy het my verlos van my magtige vyand en van my haters,
omdat hulle te sterk was vir my.
[18] Hulle het my oorval op die dag van my nood;
maar יהוה was my steun.
[19] En Hy het my uitgelei in die ruimte;
Hy het my gered, omdat Hy behae in my gehad het.
[20] יהוה het met my gehandel na my geregtigheid;
Hy het my vergoed volgens die reinheid van my hande.
[21] Want ek het die weë van יהוה gehou
en nie boos van my Elohim afgewyk nie;
[22] want al Sy regsreëlings was voor my,
en Sy wette het ek nie van my verwyder nie.
[23] Maar ek was opreg by Hom,
en ek was op my hoede vir my ongeregtigheid.
[24] So het יהוה my dan vergoed volgens my geregtigheid,
volgens die reinheid van my hande, voor Sy oë.
[25] By die liefderyke betoon U Uself liefderyk, by die opregte man opreg,
[26] by die reine rein;
maar by die valse betoon U Uself verkeerd.
[27] Want U verlos die verdrukte volk;
maar U verneder die oë wat hoog is.
[28] Want U laat my lamp skyn;
יהוה my Elohim laat my duisternis opklaar.
[29] Want met U loop ek ’n bende storm,
en met my Elohim spring ek oor ’n muur.
[30] Die weg van Ěl is volmaak;
die woord van יהוה is gelouter;
Hy is ’n skild vir almal wat by Hom skuil.
[31] Want wie is Elohim buiten יהוה,
en wie is ’n rots behalwe ons Elohim?
[32] Ěl is dit wat my met krag omgord
en my weg volkome maak.
[33] Hy maak my voete soos dié van herte
en laat my staan op my hoogtes.
[34] Hy leer my hande om oorlog te voer,
sodat my arms ’n koperboog span.
[35] Ook het U my die skild van U verlossing gegee,
en U regterhand het my ondersteun,
en U neerbuigende goedheid het my groot gemaak.
[36] U het my voetstap ruim gemaak onder my,
en my enkels het nie gewankel nie.
[37] Ek het my vyande agtervolg en hulle ingehaal,
en ek het nie teruggekom voordat ek hulle vernietig het nie.
[38] Ek het hulle verbrysel,
sodat hulle nie kon opstaan nie;
hulle het geval onder my voete.
[39] En U het my met krag omgord vir die stryd;
U het my teëstanders onder my laat buk.
[40] En U het my vyande vir my laat vlug;
en my haters, dié het ek vernietig.
[41] Hulle het geroep om hulp,
maar daar was geen verlosser nie,
tot יהוה,
maar Hy het hulle nie geantwoord nie.
[42] Toe het ek hulle gemaal soos stof voor die wind;

© Kopiereg 2003-2010 Masada – Proeflees uitgawe

ek het hulle uitgegooi soos modder in die strate.
43 U het my gered uit die getwis van die volk;
U het my 'n hoof gemaak van nasies;
'n volk wat ek nie geken het nie,
het my gedien.
44 Sodra hulle van my gehoor het,
was hulle my gehoorsaam,
uitlanders het kruipende na my gekom.
45 Uitlanders word kragteloos en kom met siddering uit hulle vestings.
46 יהוה leef! En geseënd is my Rots,
en laat die Elohim van my verlossing verhoog wees!
47 Die Elohim wat my die wraak gee
en volke aan my onderwerp;
48 wat my red van my vyande;
ja, U verhef my bo my teëstanders;
U bevry my van die man van geweld.
49 Daarom wil ek U loof, o יהוה, onder die nasies,
en U Naam wil ek met lof besing.
50 Hy wat die verlossinge van Sy koning groot maak
en guns bewys aan Sy gesalfde,
aan Dawid en aan sy nageslag tot in ewigheid.

19 *Vir die musiekleier.*
'n Lied van Dawid.

Die hemele vertel die aansien van Ěl,
en die uitspansel verkondig die werk van Sy hande.
2 Die een dag stort vir die ander 'n boodskap uit,
en die een nag kondig vir die ander kennis aan:
3 daar is geen spraak en daar is geen woorde nie,
onhoorbaar is hulle stem.
4 Hulle maatlyn gaan uit oor die hele aarde,
en hulle woorde tot by die einde van die wêreld.
Vir die son het Hy daarin 'n tent gemaak;
5 en dié is soos 'n bruidegom wat uit sy slaapkamer gaan;
hy is bly soos 'n held om die pad te loop.
6 Sy uitgang is van die einde van die hemel af,
en sy omloop tot by die eindes daarvan,
en niks is verborge vir sy hitte nie.
7 Die Tora van יהוה is volmaak,
dit verkwik die wese;
die getuienis van יהוה is gewis,
dit gee wysheid aan die eenvoudige.
8 Die bevele van יהוה is reg,
hulle verbly die hart;
die gebod van יהוה is suiwer,
dit verlig die oë.
9 Die vrees[g] van יהוה is rein,
dit bestaan tot in ewigheid;
die regsreëlings van יהוה is waarheid,
tesame is hulle regverdig.
10 Hulle is begeerliker as goud, ja, as baie fyn goud;
en soeter as heuning en heuningstroop.
11 Ook word U dienaar daardeur gewaarsku;
in die onderhouding daarvan is groot loon.
12 Wie bemerk afdwalinge?
Spreek my vry van die wat verborge is.
13 Hou U dienaar ook terug van moedswillige sondes;
laat dit nie oor my regeer nie.
Dan sal ek onbestraflik wees en vry van groot oortreding.
14 Laat die woorde van my mond en die oordenking van my hart
welbehaaglik wees voor U, o יהוה, my rots en my verlosser!

20 *Vir die musiekleier.*
'n Lied van Dawid.

Mag יהוה U verhoor in die dag van benoudheid!
Mag die Naam van die Elohim van Jaäkob U beskerm!
2 Mag Hy U hulp stuur uit die kodesh plek
en U ondersteun uit Tsijon!
3 Mag Hy dink aan al U spysoffers en U brandoffer met welgevalle aansien! Sela.
4 Mag Hy U gee na U hart
en al U voornemens vervul!
5 Ons wil juig oor U oorwinning

[g] Die vrees is sinoniem met onderhouding van die Tora. Sh'm 20:20

© Kopiereg 2003-2010 Masada – Proeflees uitgawe

en die vaandels opsteek in die Naam van ons Elohim.
Mag יהוה al U begeertes vervul!
[6] Nou weet ek dat יהוה Sy gesalfde[n] verlos;
Hy sal hom verhoor uit Sy afgesonderde hemel met magtige dade van verlossing van Sy regterhand.
[7] Sommige roem op strydwaens en ander op perde,
maar óns sal roem op die Naam van יהוה ons Elohim.
[8] Húlle het gebuig en geval,
maar óns het opgestaan en is weer opgerig.
[9] Verlos יהוה!
Mag die Koning ons verhoor op die dag wanneer ons roep!

21 *Vir die musiekleier.*
'n Lied van Dawid.
O יהוה, die koning is bly oor U sterkte,
en hoe baie juig hy oor U hulp!
[2] U het hom die wens van sy hart gegee
en die begeerte van sy lippe nie geweier nie. Sela.
[3] Want U kom hom tegemoet met seëninge van die goeie;
op sy hoof sit U 'n kroon van fyn goud.
[4] Die lewe het hy van U begeer;
U het hom dit gegee:
lengte van dae, vir ewig en altyd.
[5] Groot is sy aansien deur U redding;
majesteit en glans het U op hom gelê.
[6] Want U maak hom baie geseënd vir ewig;
U maak hom bly met vreugde by U aangesig.
[7] Want die koning vertrou op יהוה,
en deur die guns van die Allerhoogste sal hy nie wankel nie.
[8] U hand sal al U vyande vind;
U regterhand sal U haters vind.
[9] U sal hulle maak soos 'n vurige oond in U teenwoordigheid;
יהוה sal hulle verslind in Sy toorn,
en vuur sal hulle verteer.
[10] U sal hulle vrug van die aarde af verdelg
en hulle nageslag van die mensekinders af weg.
[11] Want hulle het U met teëspoed bedreig;
hulle het 'n listige plan uitgedink sonder om iets uit te rig.
[12] Want U sal hulle dwing om te vlug;
met U boogsnare sal U mik op hulle gesig.
[13] Verhef U, יהוה, in U sterkte;
ons wil U heldekrag met lof besing!

22 *Vir die musiekleier; op die wysie van: "Die hert van die dagbreek."*
'n Lied van Dawid.
My Ěl, my Ěl, waarom het U my verlaat,
ver van my hulp, van die woorde van my gebrul?
[2] My Elohim, ek roep bedags, maar U antwoord nie;
en snags, en ek vind geen rus nie.
[3] Tog U is Kodesh wat woon onder die lofsange van Jisra'ěl!
[4] Op U het ons vaders vertrou;
hulle het vertrou, en U het hulle gered.
[5] Hulle het U aangeroep en het ontvlug;
op U het hulle vertrou en nie beskaamd gestaan nie.
[6] Maar ek is 'n wurm en geen man nie,
'n smaad van die mense en verag deur die volk.
[7] Almal wat my sien, spot met my;
hulle steek die lip uit,
hulle skud die hoof en sê:
[8] "Laat dit aan יהוה oor! Laat Hy hom red, laat Hy hom bevry:
Hy het mos behae in hom!"
[9] Ja, dit is U wat my uit die moederskoot getrek het,
wat my veilig laat rus het aan my moeder se bors.
[10] Aan U is ek oorgegee van geboorte af;
van die skoot van my moeder af is U my Ěl.
[11] Wees nie ver van my af nie,
want die nood is naby,
want daar is geen helper nie.
[12] Baie bulle het my omsingel,
sterkes van Bashan het my omring.

[n] Ook messias

© Kopiereg 2003-2010 Masada – Proeflees uitgawe

[13] Hulle het hul mond teen my oopgespalk
soos ’n leeu wat verskeur en brul.
[14] Ek is uitgestort soos water;
al my beendere raak los;
my hart het soos was geword;
dit het gesmelt binne-in my ingewande.
[15] My krag is verdroog soos ’n potskerf,
en my tong kleef aan my verhemelte;
en U lê my neer in die stof van die dood.
[16] Want honde het my omsingel;
’n bende kwaaddoeners het my omring;
hulle het my hande en my voete deurboor.
[17] Al my beendere kan ek tel;
húlle kyk, hulle staar my aan!
[18] Hulle verdeel my klere tussen mekaar
en werp die lot oor my gewaad.
[19] Maar U, יהוה, wees nie ver nie;
my Sterkte, maak tog gou om my te help!
[20] Red my wese van die swaard,
my enigste uit die mag van die hond.
[21] Verlos my uit die bek van die leeu,
en uit die horings van die buffels het U my verhoor!
[22] Ek wil U Naam aan my broers vertel,
in die vergadering U prys.
[23] Julle wat יהוה vrees, prys Hom!
Al die nakomelinge van Jaäkoḇ, loof Hom!
Ja, vrees Hom, al die nakomelinge van Jisra’ěl!
[24] Want Hy het die ellende van die ellendige nie verag of verfoei
en sy aangesig vir hom nie verberg nie;
maar Hy het gehoor toe dié Hom aangeroep het om hulp.
[25] Van U kom my lof in ’n groot vergadering;
ek sal my geloftes betaal in teenwoordigheid van die wat Hom vrees.
[26] Die ootmoediges sal eet en versadig word;
húlle sal יהוה prys wat na Hom soek;
mag julle hart vir ewig lewe!
[27] Al die eindes van die aarde sal daaraan dink en hulle tot יהוה bekeer,
en al die geslagte van die nasies sal voor U aangesig aanbid.
[28] Want die koninkryk behoort aan יהוה,
en Hy regeer oor die nasies.
[29] Al die grotes van die aarde sal eet en aanbid;
almal wat in die stof neerdaal,
sal voor Sy aangesig kniel
en hy wat sy wese nie in die lewe kan hou nie.
[30] ’n Nageslag sal Hom dien;
dit sal vertel word van יהוה aan die volgende geslag.
[31] Hulle sal aankom en Sy geregtigheid verkondig aan die volk wat gebore word;
want Hy het dit gedoen.

23 *’n Lied van Dawid.*

יהוה is my herder;
ek het geen tekort nie.
[2] Hy laat my neerlê in groen weivelde;
Hy lei my na stille waters.
[3] Hy hertel my wese;
Hy lei my in die paaie van geregtigheid,
om Sy Naam ontwil.
[4] Al gaan ek ook in ’n dal van doodskaduwee,
sal ek geen teëspoed vrees nie;
want U is met my;
U stok en U staf dié vertroos my
[5] U dek die tafel voor my in die aangesig van my vyande;
U salf my hoof met olie;
my beker loop oor.
[6] Net goedheid en guns sal my volg al die dae van my lewe;
en ek sal in die Huis van יהוה bly tot in lengte van dae.

24 *’n Lied van Dawid.*

Die aarde behoort aan יהוה en die volheid daarvan,
die wêreld en die wat daarin woon;
[2] want Hy het dit gegrond op die seë en dit vasgestel op die riviere.
[3] Wie mag klim op die berg van יהוה?
En wie mag staan in Sy kodesh plek?
[4] Hy wat rein van hande en suiwer van hart is,
wat sy wese nie ophef tot nietigheid en nie vals sweer nie.

© Kopiereg 2003-2010 Masada – Proeflees uitgawe

[5] Hy sal seën wegdra van יהוה
en geregtigheid van die Elohim van sy verlossing.
[6] Dit is die geslag van hulle wat na Hom vra,
wat U aangesig soek, dit is Jaäkoḇ. Sela.
[7] Hef op julle hoofde, o poorte, ja, verhef julle, ewige deure, dat die glansryke Koning kan ingaan!
[8] Wie is tog die glansryke Koning?
יהוה, sterk en geweldig,
יהוה geweldig in die stryd.
[9] Hef op julle hoofde, o poorte, ja, hef op, ewige deure, dat die glansryke Koning kan ingaan!
[10] Wie is tog die glansryke Koning?
יהוה van die leërskare,
Hy is die glansryke Koning! Sela.

25 *'n Lied van Dawid*.

Tot U, o יהוה, hef ek my wese op.
[2] My Elohim, op U vertrou ek;
laat my nie beskaamd staan nie; laat my vyande nie oor my juig nie.
[3] Ja, almal wat U verwag, sal nie beskaamd staan nie.
Hulle sal beskaamd staan wat troueloos handel sonder oorsaak.
[4] יהוה, maak my U weë bekend;
leer my U paaie.
[5] Lei my in U waarheid en leer my,
want U is die Elohim van my verlossing.
U verwag ek die hele dag.
[6] Dink, יהוה, aan U barmhartigheid en U guns,
want dit is van ewigheid af.
[7] Dink nie aan die sondes van my jonkheid en aan my oortredinge nie;
dink aan my volgens U guns,
ter wille van U goedheid, o יהוה!
[8] יהוה is goed en reg;
daarom sal Hy sondaars in die weg onderrig.
[9] Hy sal die ootmoediges lei in die reg
en die ootmoediges Sy weg leer.
[10] Al die paaie van יהוה is guns en trou vir die wat Sy verbond en Sy getuienisse bewaar.
[11] Om U Naam ontwil, יהוה,
vergewe my ongeregtigheid,
want dit is groot.
[12] Wie tog is die man wat יהוה vrees?
Hy sal hom leer in die weg wat hy moet kies.
[13] Hy self sal vernag in die goeie,
en sy nageslag sal die land besit.
[14] Die verborgenheid van יהוה is vir die wat Hom vrees,
en Sy verbond om hulle dit bekend te maak.
[15] My oë is altydr op יהוה,
want Hy sal my voete uit die net lei.
[16] Wend U tot my en bewys my guns,
want ek is eensaam en ellendig.
[17] Die benoudhede van my hart is wyd uitgestrek;
lei my uit my angste.
[18] Aanskou my ellende en my moeite,
en vergewe al my sondes.
[19] Aanskou my vyande, want hulle is talryk,
en hulle haat my met 'n gewelddadige haat.
[20] Bewaar my wese en red my;
laat my nie beskaamd staan nie,
want by U skuil ek.
[21] Laat vroomheid en opregtheid my bewaar,
want U verwag ek.
[22] O Elohim, verlos Jisra'ěl uit al sy benoudhede!

26 *'n Lied van Dawid*.

Doen aan my reg, o יהוה,
want ék wandel in my opregtheid
en vertrou op יהוה sonder om te wankel.
[2] Toets my, יהוה, en beproef my,
keur my niere en my hart;
[3] want U guns is voor my oë,
en ek wandel in U waarheid.
[4] Ek sit nie by valse mense nie,
en met slinkse mense gaan ek nie om nie.
[5] Ek haat die vergadering van kwaaddoeners,
en by die bose sit ek nie.
[6] Ek was my hande in onskuld
en wil gaan rondom U altaar, o יהוה,
[7] om die stem van lof te laat hoor
en om al U wonders te vertel.

© Kopiereg 2003-2010 Masada – Proeflees uitgawe

[8] יהוה, ek het die woning van U huis lief
en die woonplek van U waardigheid.
[9] Ruk my wese nie weg saam met die
sondaars
en my lewe saam met die mans van
bloed nie,
[10] in wie se hande skandelike dade is,
en wie se regterhand vol is van
omkopery.
[11] Maar ék wandel in my opregtheid;
verlos my en bewys my guns.
[12] My voet staan op gelyk grond;
ek sal יהוה loof in die vergaderings.

27 *'n Lied van Dawid.*

יהוה is my lig en my verlossing:
vir wie sou ek vrees?
יהוה is die toevlug van my lewe:
vir wie sou ek bang wees?
[2] Wanneer kwaaddoeners teen my nader
kom om my vlees te eet,
my teëstanders en my vyande,
struikel hulle self en val.
[3] Al word 'n laer teen my opgeslaan,
my hart sal nie vrees nie;
al staan 'n oorlog teen my op,
nogtans vertrou ek.
[4] Een ding het ek van יהוה begeer, dit sal
ek soek:
dat ek mag woon in die huis van יהוה,
al die dae van my lewe,
om die lieflikheid van יהוה te aanskou
en te ondersoek in Sy tempel.
[5] Want Hy steek my weg in Sy hut in die
dag van teëspoed;
Hy verberg my in die skuilplek van Sy
tent;
Hy verhef my op 'n rots.
[6] En nou sal my hoof hoog wees bo my
vyande rondom my,
en ek wil in Sy tent offerandes offer saam
met trompetgeklank;
ek wil sing, ja, sing tot lof van יהוה.
[7] Hoor, o יהוה, ek roep luid;
en bewys my guns en antwoord my.
[8] Van U sê my hart:
"Soek My aangesig!"
Ek soek U aangesig, o יהוה!
[9] Verberg U aangesig nie vir my nie,
wys U dienaar nie af in toorn nie:
U was my hulp!
Verstoot en verlaat my nie, o Elohim van
my verlossing!
[10] Want my vader en my moeder het my
verlaat,
maar יהוה sal my aanneem.
[11] יהוה, leer my U weg
en lei my op 'n gelyk pad, vanweë my
vyande.
[12] Gee my nie oor aan die begeerte van
my teëstanders nie,
want valse getuies het teen my
opgestaan,
en hy wat geweld uitblaas.
[13] Wat indien ek nie geglo het dat ek die
goedheid van יהוה sal sien in die land
van die lewendes nie!
[14] Wag op יהוה! Wees sterk
en laat jou hart sterk wees!
Ja, wag op יהוה!

28 *'n Lied van Dawid.*

Ek roep U aan, o יהוה! My rots,
draai nie stilswygend van my af weg nie,
sodat ek nie, indien U teenoor my bly
swyg,
word soos die wat in die kuil neerdaal
nie.
[2] Hoor die stem van my smekinge
wanneer ek U aanroep om hulp,
wanneer ek my hande ophef na die
binneste van U kodesh plek.
[3] Ruk my nie weg saam met die bose en
saam met die werkers van
ongeregtigheid nie;
wat van vrede praat met hulle naaste,
maar daar is kwaad in hulle hart.
[4] Gee aan hulle volgens hul dade
en volgens die boosheid van hul
handelinge;
gee aan hulle volgens die werk van hul
hande;
vergeld hulle volgens hulle dade.
[5] Omdat hulle nie let op die dade van
יהוה of op die werk van Sy hande nie,
sal Hy hulle afbreek en hulle nie bou nie.
[6] Geseënd is יהוה,
want Hy het die stem van my smekinge
gehoor.
[7] יהוה is my krag en my skild;

© Kopiereg 2003-2010 Masada – Proeflees uitgawe

op Hom het my hart vertrou,
en ek is gehelp;
daarom jubel my hart
en sal ek Hom loof met my lied.
[8] יהוה is 'n sterkte vir hulle,
en Hy is 'n vesting van verlossing vir Sy gesalfde.
[9] Verlos U volk en seën U erfdeel,
en wees vir hulle 'n herder en dra hulle tot in ewigheid.

29 *'n Lied van Dawid.*

Gee aan יהוה, o seuns van Elohim,
gee aan יהוה lof en sterkte!
[2] Gee aan יהוה die agting van Sy Naam;
aanbid יהוה in kodesh glans!
[3] Die stem van יהוה is op die waters,
die Ěl van lof donder;
יהוה is op die groot waters.
[4] Die stem van יהוה is met krag;
die stem van יהוה is met grootheid.
[5] Die stem van יהוה breek seders;
ja, יהוה verbreek die seders van die Líḇanon;
[6] en Hy laat hulle opspring soos 'n kalf,
die Líḇanon en Sirjon soos 'n jong buffel.
[7] Die stem van יהוה sny deur vuurvlamme.
[8] Die stem van יהוה laat die woestyn bewe;
יהוה laat die woestyn van Kaděsh bewe.
[9] Die stem van יהוה laat die takbokke lam en maak die bosse kaal;
maar in sy paleis sê elkeen:
"Waardigheid!"
[10] יהוה het gesit oor die Watervloed;
ja, יהוה sit as Koning tot in ewigheid.
[11] יהוה sal Sy volk krag gee,
יהוה sal Sy volk seën met vrede.

30 *'n Lied, by die inwyding van die Huis. Van Dawid.*

Ek sal U verhoog, יהוה, want U het my opgetrek
en my vyande oor my nie laat bly wees nie.
[2] יהוה, my Elohim, ek het U aangeroep om hulp,
en U het my gesond gemaak.
[3] יהוה, U het my wese uit die doderyk laat opkom;
U het my lewend gemaak uit die wat in die kuil neerdaal.
[4] Sing lof tot יהוה, o Sy gunsgenote,
en loof Hom want Hy is kodesh;
[5] want 'n oomblik is daar in Sy toorn,
'n lewe in Sy goedgunstigheid;
die gehuil duur die nag,
maar in die oggend is daar gejuig.
[6] Ek het wel in my sorgeloosheid gesê:
"Ek sal vir ewig nie wankel nie."
[7] יהוה, U het my berg deur U welbehae sterk laat staan.
U het U aangesig verberg en ek het verskrik geword!
[8] Ek het U aangeroep, יהוה,
en ek het יהוה gesmeek:
[9] Watter voordeel is daar in my bloed wanneer ek neerdaal in die kuil?
Sal die stof U loof?
Sal dit U trou verkondig?
[10] Hoor, יהוה, en bewys my guns!
יהוה, wees my helper!
[11] U het my rou in 'n koordans vir my verander,
U het my rouklere losgemaak en my met vreugde omgord;
[12] sodat lof U kan besing en nie swyg nie.
יהוה, my Elohim, vir ewig sal ek U loof.

31 *Vir die musiekleier: 'n Lied van Dawid.*

By U, o יהוה, skuil ek; laat my nooit beskaamd staan nie.
Bevry my deur U geregtigheid.
[2] Neig U oor tot my, red my gou;
wees vir my 'n rots om in te vlug,
'n baie vaste huis om my te verlos.
[3] Want U is my rots en my bergvesting;
en om U Naam ontwil sal U my lei en my bestuur.
[4] U sal my laat uitgaan uit die net wat hulle vir my gespan het,
want U is my toevlug.
[5] In U hand gee ek my gees oor;
U het my verlos, יהוה, Ěl van trou.
[6] Ek haat die wat nietighede ag,
maar ék vertrou op יהוה.
[7] Ek wil juig en bly wees in U guns,
omdat U my ellende aangesien,

© Kopiereg 2003-2010 Masada – Proeflees uitgawe

my wese in die benoudhede geken het
[8] en my nie oorgelewer het in die hand van die vyand nie;
U het my voete op vrye grond laat staan.
[9] Bewys my guns, יהוה, want ek is benoud;
van verdriet het my oog mat geword, my wese en my liggaam.
[10] Want my lewe kwyn weg van kommer en my jare van gesug;
my krag struikel deur my ongeregtigheid, en my gebeente teer uit.
[11] Vanweë al my teëstanders het ek 'n voorwerp van smaad geword,
ja, grootliks vir my bure,
en 'n voorwerp van skrik vir my bekendes;
die wat my buite sien, vlug weg van my af.
[12] Ek is vergeet uit die hart, soos 'n dooie;
ek het geword soos 'n ding wat lê en vergaan.
[13] Want ek het die skinderstories van baie gehoor- skrik rondom;
terwyl hulle saam raad hou teen my, beplan hulle om my lewe te neem.
[14] Maar ék vertrou op U, o יהוה!
Ek sê: "U is my Elohim."
[15] My tye is in U hand;
red my uit die hand van my vyande en van my vervolgers.
[16] Laat U aangesig skyn oor U dienaar,
verlos my deur U guns.
[17] יהוה, laat my nie beskaamd staan nie, want ek roep U aan;
laat die bose beskaamd staan,
laat hulle stom wees in die doderyk!
[18] Laat die valse lippe stom word wat in trotsheid en veragting onbeskaamd teen die regverdige praat.
[19] Hoe groot is U goedheid wat U weggelê het vir die wat U vrees,
wat U uitgewerk het vir die wat by U skuil,
in teenwoordigheid van die mensekinders!
[20] U verberg hulle in die skuilplek van U teenwoordigheid vir die samesweringe van mense;
U steek hulle weg in 'n hut vir die twis van die tonge.
[21] Geseënd is יהוה,
want Hy het Sy guns aan my wonderbaar gemaak, in 'n sterk stad.
[22] Ek tog het in my angs gesê:
"Ek het verdwyn, weg van U oë";
nogtans het U die stem van my smekinge gehoor toe ek U aangeroep het om hulp.
[23] Julle moet יהוה liefhê, al Sy gunsgenote!
יהוה bewaar die getroues
en vergeld hom oorvloedig wat trots handel.
[24] Wees sterk, en laat julle hart sterk wees,
almal wat op יהוה wag!

32 *'n Lied van Dawid; 'n onderwysing.*

Geseënd is hy wie se oortreding vergewe,
wie se sonde bedek is.
[2] Geseënd is die mens aan wie יהוה die ongeregtigheid nie toereken nie
en in wie se gees geen bedrog is nie.
[3] Toe ek geswyg het, het my gebeente uitgeteer in my gekreun die hele dag;
[4] want U hand was dag en nag swaar op my;
my murg het verander soos deur somergloed. Sela.
[5] My sonde het ek U bekend gemaak,
en my ongeregtigheid het ek nie bedek nie.
Ek het gesê: "Ek wil aan יהוה my oortredinge bely";
en U het die ongeregtigheid van my sonde vergewe. Sela.
[6] Daarom sal elke vrome U aanbid in 'n tyd terwyl U te vinde is;
ja, by 'n oorstroming van groot waters sal hulle nie aan hom raak nie.
[7] U is 'n skuilplek vir my;
U bewaar my vir benoudheid;
U omring my met vrolike liedere van bevryding. Sela.
[8] "Ek wil jou onderrig en jou leer in die weg wat jy moet gaan;
Ek wil raad gee; my oog sal op jou wees.

© Kopiereg 2003-2010 Masada – Proeflees uitgawe

[9] Wees nie soos ’n perd, soos ’n muil
wat geen verstand het nie,
wat ’n mens moet tem met toom en teuel
as sy tuig,
anders kom hy nie naby jou nie.”
[10] Die bose het baie smarte,
maar hy wat op יהוה vertrou,
word met guns omring.
[11] Wees bly in יהוה en juig, o
regverdiges!
En jubel, alle opregtes van hart!

33 Jubel in יהוה o regverdiges!
’n Loflied betaam die opregtes.
[2] Loof יהוה met die lier;
sing vir Hom met die tiensnarige harp.
[3] Sing vir Hom ’n nuwe lied;
speel goed met ’n luide gejubel.
[4] Want die Woord van יהוה is reg,
en al Sy werk is met trou.
[5] Hy het geregtigheid en reg lief;
die aarde is vol van die guns van יהוה.
[6] Deur die Woord van יהוה is die hemele gemaak
en deur die Gees van Sy mond hulle hele leër.
[7] Hy versamel die waters van die see soos ’n hoop;
Hy bêre die vloede weg in skatkamers.
[8] Laat die hele aarde vir יהוה vrees;
laat al die bewoners van die wêreld vir Hom ontsag hê;
[9] want Hy het gepraat, en dit was;
Hy het gebied, en dit staan.
[10] יהוה vernietig die raad van die nasies,
Hy verydel die gedagtes van die volke.
[11] Die raad van יהוה bestaan vir ewig,
die gedagtes van Sy hart van geslag tot geslag.
[12] Geseënd is die nasie wie se Elohim יהוה is,
die volk wat Hy vir Hom as erfdeel uitgekies het.
[13] יהוה kyk van die hemel af;
Hy sien al die mensekinders.
[14] Uit Sy woonplek aanskou Hy al die bewoners van die aarde,
[15] Hy wat die hart van hulle almal vorm,
wat let op al hul werke.
[16] ’n Koning word nie verlos deur ’n groot leër,
’n held nie gered deur groot krag nie.
[17] Die perd help niks vir die oorwinning
en red nie deur sy groot krag nie.
[18] Kyk, die oog van יהוה is op die wat Hom vrees,
op die wat op Sy guns wag;
[19] om hulle wese te red van die dood
en hulle aan die lewe te hou in hongersnood.
[20] Ons wese wag op יהוה;
Hy is ons hulp en ons skild;
[21] want ons hart is bly in Hom,
omdat ons op Sy kodesh Naam vertrou.
[22] Laat U guns, יהוה, oor ons wees,
want ons wag op U!

34 *’n Lied van Dawid, toe hy hom kranksinnig gehou het voor Abiméleg en dié hom weggejaag het, sodat hy heengegaan het*.
Ek wil יהוה altyd loof;
Sy lof sal altyddeur in my mond wees.
[2] My wese sal hom beroem in יהוה;
die ootmoediges sal dit hoor en bly wees.
[3] Maak יהוה saam met my groot,
en laat ons saam Sy Naam verhef!
[4] Ek het יהוה gesoek, en Hy het my geantwoord
en my uit al my vrees gered.
[5] Hulle het Hom aangesien en gestraal van vreugde,
en hulle aangesig hoef nie rooi van skaamte te word nie.
[6] Hierdie ellendige het geroep, en יהוה het gehoor,
en Hy het hom uit al sy benoudhede verlos.
[7] Die Boodskapper van יהוה trek ’n laer rondom die wat Hom vrees,
en red hulle.
[8] Smaak en sien dat יהוה goed is;
geseënd is die man wat by Hom skuil!
[9] Vrees יהוה, o Sy kodeshim, want die wat Hom vrees, het geen gebrek nie.
[10] Die jong leeus ly armoede en het honger;
maar die wat יהוה soek, het geen gebrek aan enigiets nie.
[11] Kom, kinders, luister na my;

© Kopiereg 2003-2010 Masada – Proeflees uitgawe

ek wil julle die vrees van יהוה leer.
12 Wie is die man wat die lewe begeer,
wat dae liefhet om die goeie te sien?
13 Bewaar jou tong van wat verkeerd is,
en jou lippe dat hulle nie bedrog praat nie.
14 Wyk af van wat verkeerd is, en doen wat goed is;
soek vrede en jaag dit na.
15 Die oë van יהוה is op die regverdiges,
en Sy ore tot hulle hulpgeroep.
16 Die aangesig van יהוה is teen die kwaaddoeners,
om hulle gedagtenis van die aarde af uit te roei.
17 Hulle *(die regverdiges)* roep, en יהוה hoor,
en Hy red hulle uit al hul benoudhede.
18 יהוה is naby die wat gebroke is van hart,
en Hy verlos die wat verslae is van gees.
19 Baie is die teëspoed van die regverdige,
maar יהוה red hom uit almal.
20 Hy bewaar al sy bene: nie een daarvan word gebreek nie.
21 Die teëspoed maak die bose dood;
en die wat die regverdige haat, moet daarvoor boet.
22 יהוה verlos die lewe van Sy dienaars;
en almal wat by Hom skuil, hoef nie te boet nie.

35 *'n Lied van Dawid.*

יהוה, twis met die wat met my twis;
bestry die wat my bestry!
2 Gryp die klein skild en die grote,
en staan op as my hulp!
3 En trek die spies uit en stuit my vervolgers!
Sê tot my wese: "Ek is jou verlossing!"
4 Laat hulle wat my lewe soek beskaamd staan en in die skande kom;
laat hulle wat my ongeluk beraam,
agteruitwyk en rooi van skaamte word!
5 Laat hulle word soos kaf voor die wind,
terwyl die boodskapper van יהוה hulle wegstoot.
6 Laat hulle weg duister en glibberig wees, terwyl die boodskapper van יהוה hulle vervolg!
7 Want hulle het sonder oorsaak die kuil met hul net vir my verberg,
hulle het sonder oorsaak gegrawe teen my lewe.
8 Laat verwoesting oor hom kom sonder dat hy dit weet,
en laat sy net hom vang wat hy gespan het;
laat hom daarin val met verwoesting!
9 Maar my wese sal juig in יהוה,
dit sal bly wees in Sy verlossing.
10 Al my beendere sal sê: "יהוה, wie is soos U?
U wat die ellendige red van die wat sterker is as hy;
ja, die ellendige en behoeftige van sy berower!"
11 Kwaadwillige getuies staan op;
wat ek nie weet nie, vra hulle vir my.
12 Hulle vergeld my kwaad vir goed:
verlatenheid vir my wese.
13 En ek- toe hulle siek was, het ek 'n roukleed gedra;
ek het my wese gekwel met vas,
en my gebed het teruggekeer in my boesem.
14 Ek het rondgegaan asof dit 'n vriend, asof dit 'n broer van my was;
ek het gebuk gegaan in die rou soos een wat oor sy moeder treur.
15 Maar wanneer ek struikel, is hulle bly en kom bymekaar;
hulle vergader teen my, lae mense en die wat ek nie ken nie;
hulle laster sonder ophou.
16 Onder die roekeloosste tafelspotters kners hulle met hul tande teen my.
17 יהוה, hoe lank sal U dit aansien?
Bring my wese terug van hulle verwoestinge,
my enigste van die jong leeus af.
18 Ek sal U loof in 'n groot vergadering;
onder 'n groot skare sal ek U prys.
19 Laat hulle oor my nie bly wees wat sonder grond my vyande is nie;
laat die wat my sonder oorsaak haat, nie met die oë knip nie!
20 Want hulle praat nie van vrede nie,

© Kopiereg 2003-2010 Masada – Proeflees uitgawe

maar hulle bedink bedrieglike woorde
teen die stilles in die land.
[21] En hulle maak hul mond wyd oop teen my,
hulle sê: "Ha, ha, ons oog het dit gesien!"
[22] יהוה, U het dit gesien, swyg nie.
יהוה, wees nie ver van my af nie!
[23] Ontwaak en word wakker vir my reg;
my Elohim en Meester, vir my regsaak.
[24] Doen aan my reg volgens U geregtigheid, יהוה my Elohim,
en laat hulle oor my nie bly wees nie!
[25] Laat hulle in hul hart nie sê:
"Ha, ons begeerte!"
Laat hulle nie sê:
"Ons het hom verslind nie!"
[26] Laat hulle wat bly is oor my ongeluk,
beskaamd staan en saam rooi van skaamte word;
laat hulle wat hul teen my groot maak,
met skaamte en skande beklee word!
[27] Laat húlle jubel en bly wees wat 'n behae het in my geregtigheid;
en laat hulle altyddeur sê:
"Groot is יהוה wat 'n vreugde het in die vrede van Sy dienaar!"
[28] En my tong sal U geregtigheid prys,
U lof die hele dag deur.

36 *Vir die musiekleier. 'n Lied van Dawid, die dienaar van* יהוה.

Oortreding sê aan die bose in sy hart:
"Daar is geen vrees van Elohim voor sy oë nie."
[2] Want hy vlei homself in sy oë met die uitvind en haat van sy skuld.
[3] Die woorde van sy mond is boosheid en bedrog;
hy laat ná om verstandig te wees,
om goed te doen.
[4] Hy bedink boosheid op sy bed;
hy gaan staan op 'n weg wat nie goed is nie;
wat boos is, verfoei hy nie.
[5] O יהוה, U guns is tot in die hemele,
U trou tot in die wolke.
[6] U geregtigheid is soos die magtige berge;
U oordele is 'n groot watervloed.
יהוה, U verlos mense en diere!
[7] Hoe kosbaar is U guns, o Elohim!
Daarom skuil die mensekinders onder die skaduwee van U vleuels.
[8] Hulle verkwik hul aan die vettigheid van U huis,
en U laat hulle drink uit die stroom van U genietinge.
[9] Want by U is die fontein van die lewe;
in U lig sien ons die lig.
[10] Laat U guns voortduur vir die wat U ken,
en U geregtigheid vir die opregtes van hart.
[11] Laat die voet van trots nie oor my kom nie,
en laat die hand van die boses my nie verdryf nie.
[12] Daar het die werkers van boosheid geval;
hulle is omgegooi en kan nie weer opstaan nie.

37 *'n Lied van Dawid.*

Wees nie ontsteld oor die kwaaddoeners nie,
beny hulle nie wat onreg doen nie;
[2] want soos gras sal hulle gou verwelk,
en soos groenigheid sal hulle verdroog.
[3] Vertrou op יהוה, en doen goed; bewoon die aarde en word met standvastigheid gevoer,
[4] en verlustig jou in יהוה;
en laat Hy jou gee die begeertes van jou hart.
[5] Laat jou weg aan יהוה oor
en vertrou op Hom, en Hy sal dit doen;
[6] en Hy sal jou geregtigheid laat voortkom soos die lig
en jou reg soos die middag.
[7] Swyg voor יהוה en wag op Hom;
wees nie ontsteld oor hom wie se weg voorspoedig is nie,
oor die man wat bose planne uitvoer nie.
[8] Laat staan die ontsteltenis en verlaat die wraak;
wees nie ontsteld nie: dit stook net kwaad.
[9] Want die kwaaddoeners sal uitgeroei word;

© Kopiereg 2003-2010 Masada – Proeflees uitgawe

maar die wat op יהוה wag, hulle sal die aarde besit.[i]
10 En nog 'n klein rukkie en die bose sal daar nie wees nie;
ja, jy sal ag gee op sy plek, maar hy sal daar nie wees nie.
11 Die ootmoediges daarenteen sal die aarde besit
en hulle verlustig oor groot vrede.
12 Die bose bedink listige planne teen die regverdige en kners met sy tande teen hom.
13 יהוה lag oor hom,
want Hy sien dat sy dag kom.
14 Die bose het die swaard getrek
en hulle boog gespan om die ellendige en behoeftige te laat val,
om dié te slag wat opreg wandel.
15 Hulle swaard sal in hul hart gaan,
en hulle boë sal verbreek word.
16 'n Klein bietjie is vir die regverdige beter as die rykdom van baie bose;
17 want die arms van die bose sal verbreek word,
maar יהוה ondersteun die regverdiges.
18 יהוה ken die dae van die opregtes,
en hulle erfdeel sal tot in ewigheid bly.
19 Hulle sal nie beskaamd staan in die slegte tyd nie,
en in dae van hongersnood sal hulle versadig word.
20 Maar die bose sal omkom
en die vyande van יהוה soos die prag van die weivelde;
hulle verdwyn soos rook, hulle verdwyn.
21 Die bose leen en gee nie terug nie,
maar die regverdige ontferm hom en gee;
22 want die wat deur Hom geseën word, sal die aarde besit;
maar die wat deur Hom vervloek word, sal uitgeroei word.
23 Die koers van 'n man word deur יהוה bepaal,
en Hy het 'n vreugde in sy weg.
24 Wanneer hy val, dan stort hy nie neer nie;
want יהוה ondersteun sy hand.
25 Ek was jonk, ook het ek oud geword,
maar nooit het ek die regverdige verlate gesien,
of dat sy nageslag brood soek nie.
26 Die hele dag ontferm hy hom en leen uit,
en sy nageslag is 'n seën.
27 Wyk af van wat kwaad is,
en doen wat goed is,
en jy sal vir ewig woon;
28 want יהוה het die reg lief en sal Sy gunsgenote nie verlaat nie;
vir ewig word hulle bewaar,
maar die nageslag van die bose word uitgeroei.
29 Die regverdiges sal die aarde besit
en vir ewig daarop woon.
30 Die mond van die regverdige verkondig wysheid, en sy tong sê wat reg is.
31 Die Tora van sy Elohim is in sy hart;[j]
sy koers sal nie wankel nie.
32 Die bose loer op die regverdige
en soek om hom dood te maak.
33 יהוה gee hom nie oor in sy hand nie,
en Hy verklaar hom nie boos wanneer hy geoordeel word nie.
34 Wag op יהוה en hou Sy weg,
en Hy sal jou verhoog, om die aarde te besit;
jy sal met welgevalle neersien op die uitroeiing van die bose mense.
35 Ek het die bose gesien, 'n geweldenaar,
terwyl hy hom uitbrei soos 'n groen inlandse boom.
36 Toe gaan iemand verby, en kyk, hy was daar nie;
en ek het hom gesoek,
maar hy was nie te vinde nie.
37 Let op die vrome en kyk na die opregte,
want daar is 'n toekoms vir die man van vrede.
38 Maar die oortreders word tesame verdelg;
die toekoms van die bose word afgesny.
39 Maar die hulp van die regverdiges is

[i] verse 11, 22, 29 & 34

[j] D'b 6:6; Teh 40:8; 119:1; Jes 51:7

© Kopiereg 2003-2010 Masada – Proeflees uitgawe

van יהוה,
hulle toevlug in tyd van benoudheid.
40 En יהוה help hulle en red hulle;
Hy red hulle van die bose mense
en verlos hulle, want hulle skuil by Hom.

38 *'n Lied van Dawid, by die gedenkoffer.*

O יהוה, straf my nie in U toorn nie
en kasty my nie in U ontevredenheid nie.
2 Want U pyle het my deurdring,
en U hand het op my neergedaal.
3 Daar is geen heel plek in my vlees
vanweë U woede nie;
daar is niks gesond in my gebeente
vanweë my sonde nie.
4 Want my ongeregtighede gaan oor my hoof;
soos 'n swaar pak het hulle vir my te swaar geword.
5 My wonde stink, hulle dra vanweë my dwaasheid.
6 Ek is krom, heeltemal geboë;
die hele dag gaan ek in die rou;
7 want my lendene is vol ontsteking,
en daar is geen heel plek in my vlees nie.
8 Ek is kragteloos en heeltemal verbrysel.
Ek brul van die gebons van my hart.
9 יהוה, voor U is al my begeertes,
en my gesug is vir U nie verborge nie.
10 My hart slaan vinnig, my krag het my verlaat;
en die lig van my oë, ook dit is nie by my nie.
11 Die wat my liefhet en my vriende is,
staan opsy vir my plaag,
en my nabestaandes het ver gaan staan;
12 en die wat my lewe soek, span strikke;
en die wat my ongeluk soek, praat van ondergang, en hulle bedink die hele dag bedrog.
13 Maar ek is soos 'n dowe: ek hoor nie,
en soos 'n stomme wat sy mond nie oopmaak nie.
14 Ja, ek is soos 'n man wat nie hoor nie
en in wie se mond geen teëspraak is nie;
15 want op U, יהוה, wag ek;
U sal verhoor, יהוה my Elohim!
16 Want ek het gesê: "Laat hulle net nie bly wees oor my nie!
Hulle wat by die wankeling van my voet hul groot maak teen my!"
17 Want ek is klaar om te val,
en my smart is altyd met my.
18 Ja, my ongeregtigheid bely ek,
ek is bekommerd oor my sonde.
19 Maar my vyande lewe, hulle is magtig;
en die wat my valslik haat, is groot in aantal.
20 En die wat kwaad vir goed vergeld,
behandel my vyandig, omdat ek die goeie najaag.
21 Verlaat my nie, o יהוה!
My Elohim, wees nie ver van my af nie!
22 Maak tog gou om my te help, יהוה, my verlossing!

39 *Vir die musiekleier, vir Jedútun. 'n Lied van Dawid.*

Ek het gesê: "Ek wil my weë bewaar,
sodat ek nie sondig met my tong nie;
ek wil my mond in toom hou solank as die bose nog voor my is."
2 Ek was stom in stilte, ek het geswyg,
ver van die goeie af;
maar my smart is aangewakker.
3 My hart het warm geword in my binneste;
'n vuur het ontvlam by my gesug;
ek het gepraat met my tong:
4 "יהוה, maak my einde aan my bekend
en wat die lengte van my dae is;
laat my weet hoe verganklik ek is.
5 "Kyk, U het my dae 'n paar handbreedtes gemaak,
en my leeftyd is soos niks voor U nie;
ja, as pure nietigheid staan elke mens daar! Sela.
6 "Waarlik, die mens wandel soos 'n skadubeeld rond;
ja, hulle woel verniet;
hulle stapel op en weet nie wie dit sal insamel nie.
7 "En nou, יהוה, wat verwag ek?
My verwagting is op U.
8 "Red my van al my oortredinge; maak my nie 'n smaad van die dwaas nie.
9 "Ek is stom, ek sal my mond nie oopmaak nie;
want U het dit gedoen.

© Kopiereg 2003-2010 Masada – Proeflees uitgawe

[10] "Neem U plaag van my weg;
ek vergaan vanweë die hou van U hand.
[11] "Tugtig U die mens met strawwe oor die ongeregtigheid,
dan laat U sy skoonheid vergaan soos deur 'n mot;
ja, elke mens is 'n asemtog! Sela.
[12] "Hoor, my gebed, יהוה
en luister na my hulpgeroep;
swyg nie oor my trane nie;
want ek is 'n vreemdeling by U,
'n bywoner soos al my vaders.
[13] "Kyk weg van my af,
dat ek vrolik kan word
voordat ek heengaan en daar nie meer is nie."

40 *Vir die musiekleier.*
'n Lied van Dawid.

Ek het יהוה lank verwag,
en Hy het Hom na my toe neergebuig
en my hulpgeroep gehoor.
[2] En Hy het my uit die kuil van vernietiging, uit die modderige slyk opgetrek
en my voete op 'n rots geplaas;
Hy het my voetstappe vasgestel.
[3] En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee,
'n lofsang tot ons Elohim.
Baie sal dit sien en vrees
en op יהוה vertrou.
[4] Geseënd is die man wat sy vertroue in יהוה stel
en hom nie wend tot hoogmoediges en leuenaars nie.
[5] Baie is die wonders, יהוה my Elohim wat U vir ons gedoen het en U doel met ons.
Niemand kan met U vergelyk word nie.
Wil ek dit verkondig en sê, dan is dit te veel om te vertel.
[6] U het geen behae in slagoffer of spysoffer nie;
U het my ore geopen;
brandoffer en sondoffer het U nie geëis nie.
[7] Toe het ek gesê: "Kyk, ek kom; in die boekrol is dit my voorgeskryf.
[8] Ek het lus, o my Elohim, om U vreugde te doen,
en U Tora is in my hart."
[9] Ek het 'n blye boodskap van geregtigheid in die groot vergadering verkondig;
kyk, my lippe bedwing ek nie.
יהוה, U weet dit.
[10] Ek het nie U geregtigheid in my hart bedek nie;
van U trou en U verlossing praat ek;
U guns en U trou verberg ek nie vir die groot vergadering nie.
[11] U, o יהוה, sal U barmhartighede van my nie terughou nie;
laat U guns en U trou my altyddeur behoed.
[12] Want teëspoede sonder getal het my omring;
my ongeregtighede het my ingehaal, en ek kan nie sien nie;
hulle is meer as die hare van my hoof, en my hart het my verlaat.
[13] Laat dit U behaag, יהוה, om my te red;
יהוה, maak tog gou om my te help!
[14] Laat hulle wat my lewe soek, om dit weg te ruk,
tesame beskaamd staan en rooi van skaamte word;
laat hulle wat behae het in my teëspoed, agteruitwyk en in die skande kom.
[15] Laat hulle wat vir my sê: "Ha, ha!" van hul eie skaamte verskrik wees!
[16] Laat almal wat U soek, in U vrolik en bly wees;
laat die liefhebbers van U verlossing altyddeur sê:
"Groot is יהוה!"
[17] Al is ek ellendig en behoeftig:
יהוה dink aan my;
U is my hulp en my redder;
my Elohim, vertoef tog nie!

41 *Vir die musiekleier.*
'n Lied van Dawid.

Geseënd is hy wat ag gee op die arme;
יהוה sal hom red in die dag van teëspoed.
[2] יהוה sal hom bewaar en hom lewendig hou;
hy sal geseënd wees op die aarde.

© Kopiereg 2003-2010 Masada – Proeflees uitgawe

Ja, U kan hom nie oorgee aan die
begeerte van sy vyande nie.
[3] יהוה sal hom ondersteun op die
siekbed;
in sy swakheid op sy bed bring U
verandering.
[4] Ék het gesê:
"O יהוה, bewys my guns!
Genees my, want ek het teen U
gesondig."
[5] My vyande praat kwaad van my en sê:
"Wanneer sal hy sterf en sy naam
vergaan?"
[6] En wanneer iemand kom om my te
sien, dan praat hy leuens;
sy hart vergader boosheid vir hom;
gaan hy uit na buite, dan praat hy
daarvan.
[7] Al my haters tesame fluister onder
mekaar teen my;
teen my bedink hulle my teëspoed en sê:
[8] "Iets skandeliks is op hom uitgestort;
en nou dat hy lê, sal hy nie weer opstaan
nie."
[9] Selfs die man wat met my in vrede
lewe,
op wie ek vertrou het, wat my brood eet,
het die hakskeen teen my opgelig.
[10] Maar U, o יהוה, bewys my guns en rig
my op,
dat ek hulle dit kan vergeld!
[11] Hieraan weet ek dat U 'n vreugde in
my het:
dat my vyand nie oor my juig nie.
[12] En ek, in my opregtheid ondersteun U
my,
en stel my voor U aangesig tot in
ewigheid.
[13] Geseënd is יהוה Elohim van Jisra'ël,
van ewigheid tot in ewigheid!
Ômĕn, ja Ômĕn.

42 *Vir die musiekleier. 'n Onderwysing van die kinders van Korag.*
Soos 'n hert wat smag na waterstrome,
so smag my wese na U, o Elohim!
[2] My wese dors na Elohim, na die
lewende Elohim;
wanneer sal ek ingaan en voor die gesig
van Elohim verskyn?
[3] My trane is my kos dag en nag,
omdat hulle die hele dag vir my sê:
"Waar is jou Elohim?"
[4] Hieraan wil ek dink en my wese uitstort
in my:
hoe ek gewoond was om voort te trek
met die skare,
hulle gelei het na die huis van Elohim,
met die stem van jubel en lof,
'n feesvierende menigte!
[5] Waarom is jy bedruk, o my wese,
en wat is jy onrustig in my?
Wag op Elohim; want ek sal Hom nog
loof,
die verlossing van Sy aangesig!
[6] O my Elohim, my wese is bedruk in my;
daarom dink ek aan U uit die land van
die Jardĕn
en die Ḥermons, van die klein gebergte
af.
[7] Die vloed roep na die vloed by die
gedruis van U waterstrome;
al U branders en U golwe het oor my
gegaan.
[8] Maar יהוה sal oordag Sy guns gebied,
en in die nag sal Sy lied by my wees,
'n gebed tot die Elohim van my lewe.
[9] Ek wil praat met Ĕl my Rots, "Waarom
vergeet U my?
Waarom gaan ek in rou deur die vyande
se verdrukking?"
[10] Met 'n doodsteek in my gebeente
beledig my teëstanders my wanneer
hulle die hele dag vir my sê:
"Waar is jou Elohim?"
[11] Waarom is jy bedruk, o my wese,
en wat is jy onrustig in my?
Wag op Elohim, want ek sal Hom nog
loof,
die verlossing van my gesig en my
Elohim!

43 Doen aan my reg, o Elohim,
en verdedig my regsaak teen 'n
onbarmhartige volk;
red my van die man van bedrog en
onreg!
[2] Want U is die Elohim van my toevlug;
waarom verstoot U my dan?
Waarom moet ek rondgaan in rouklere

© Kopiereg 2003-2010 Masada – Proeflees uitgawe

deur die vyand se verdrukking?
[3] Stuur U lig en U waarheid;
laat dié my lei;
laat dié my bring na U kodesh berg
en na U wonings,
[4] dat ek kan ingaan na die altaar van Elohim,
na die Ěl van my jubelende blydskap
en U kan loof met die lier,
o Elohim, my Elohim!
[5] Waarom is jy bedruk, o my wese,
en wat is jy onrustig in my?
Wag op Elohim, want ek sal Hom nog loof,
die verlossing van my aangesig en my Elohim!

44 *Vir die musiekleier. Van die kinders van Korag. 'n Onderwysing.*
O Elohim, ons het met ons ore gehoor,
ons vaders het ons vertel
die werk wat U gedoen het in hulle dae,
in die dae van die voortyd.
[2] U self het met U hand nasies verdryf,
maar húlle geplant;
U het volke kwaad aangedoen,
hulle daarenteen laat uitspruit.
[3] Want hulle het die land nie deur hul swaard in besit geneem nie,
en hul arm het hulle nie die oorwinning gegee nie,
maar U regterhand en U arm
en die lig van U aangesig,
omdat U 'n vreugde in hulle gehad het.
[4] U self is my Koning, o Elohim!
Gebied die oorwinninge van Jaäkoḇ.
[5] Deur U sal ons ons teëstanders omstoot;
in U Naam sal ons hulle vertrap wat teen ons opstaan.
[6] Want ek vertrou nie op my boog nie,
en my swaard sal my die oorwinning nie gee nie;
[7] maar U het ons verlos van ons teëstanders en ons haters beskaamd gemaak.
[8] In Elohim roem ons die hele dag,
en U Naam sal ons loof tot in ewigheid. Sela.
[9] En tog het U ons verstoot en tot skande gemaak,
en U trek nie saam met ons leërs uit nie.
[10] U laat ons agteruitwyk vir die teëstander,
en ons haters plunder na hartelus.
[11] U gee ons oor soos slagvee,
en U het ons onder die nasies verstrooi.
[12] U verkoop U volk vir niks
en het nie baie verdien deur hulle koopprys nie.
[13] U maak ons 'n skande vir ons bure,
'n spot en beskimping vir die wat rondom ons is.
[14] U maak ons 'n spreekwoord onder die nasies,
'n hoofskudding onder die volke.
[15] My skande is die hele dag voor my,
en die skaamte van my aangesig oordek my;
[16] weens die stem van die slegprater en lasteraar,
weens die blik van die vyand en wraakgierige.
[17] Dit alles het oor ons gekom,
en tog het ons U nie vergeet
en nie bedrieglik gehandel teen U verbond nie.
[18] Ons hart het nie agteruitgewyk nie,
en ons gange het van U pad nie afgebuig nie,
[19] alhoewel U ons verbrysel het in 'n plek van jakkalse
en ons met 'n doodskaduwee oordek.
[20] Indien ons die Naam van ons Elohim vergeet het
en ons hande uitgesteek het na vreemde elohim,
[21] sou Elohim dit nie naspeur nie?
Want Hy ken die geheime van die hart.
[22] Maar om U ontwil word ons die hele dag gedood;
ons word gereken as slagskape.
[23] Ontwaak! Waarom slaap U, Meester?
Word tog wakker! Verstoot nie vir ewig nie!
[24] Waarom verberg U U aangesig,
vergeet U ons ellende en ons verdrukking?
[25] Want ons wese is in die stof

© Kopiereg 2003-2010 Masada – Proeflees uitgawe

neergebuig;
ons liggaam kleef aan die aarde.
[26] Staan op tot ons hulp en verlos ons om U guns ontwil!

45 *Vir die musiekleier; op die wysie van: "Lelies." Van die kinders van Korag. 'n Onderwysing. 'n Lied van die liefde.*
My hart word bewoë deur goeie woorde;
ek dra my gedigte voor aangaande die Koning;
my tong is die pen van 'n vaardige skrywer.
[2] U is veel skoner as die mensekinders;
guns is uitgestort op U lippe;
daarom het Elohim U geseën vir ewig.
[3] Gord U swaard aan die heup, o Magtige,
U majesteit en U glans;
[4] Ja, ry voorspoedig in U glans,
ter wille van waarheid en ootmoed en geregtigheid;
en laat U regterhand U vreeslike dinge leer!
[5] U pyle is skerp,
hulle tref in die hart van die Koning se vyande,
Volke val onder U!
[6] U troon, o Elohim, is vir ewig en altyd;
die septer van U koninkryk is 'n regverdige septer.
[7] U het geregtigheid lief en haat boosheid.
Daarom het, o Elohim, U Elohim U gesalf met vreugde-olie bo U metgeselle.
[8] Al U klere is mirre en alwyn en kassie;
uit ivoorpaleise maak snarespel U bly.
[9] Dogters van konings is onder U staatsdogters;
die koningin staan aan U regterhand in goud van Ofir.
[10] Hoor, o dogter, en kyk en neig U oor,
en vergeet U volk en die huis van U vader;
[11] en laat die Koning U skoonheid begeer-
want Hy is U Meester - buig U dan voor Hom neer.
[12] En, o dogter van Tsor- met geskenke sal hulle U guns soek, ja, die rykstes van die mense.
[13] Louter glans is die Koning se dogter daarbinne;
van gouddraad is haar kleding.
[14] In veelkleurige klere word sy na die Koning gelei;
jongvroue agter haar, haar vriendinne, word na U gebring.
[15] Hulle word gelei met vreugde en gejuig;
hulle gaan in die Koning se paleis in.
[16] In die plek van U vaders sal U seuns wees;
U sal hulle aanstel as vorste in die hele land.
[17] U Naam wil ek vermeld van geslag tot geslag;
daarom sal die volke U loof vir ewig en altyd.

46 *Vir die musiekleier. Van die kinders van Korag. Met sopraanstemme. 'n Lied.*
Elohim is ons toevlug en krag;
as hulp in benoudhede is Hy in hoë mate beproef.
[2] Daarom sal ons nie vrees nie,
al waggel die aarde en al wankel die berge weg in die hart van die see.
[3] Laat sy waters bruis, laat hulle skuim;
laat die berge bewe deur sy onstuimigheid! Sela.
[4] Die stroompies van 'n rivier maak die Elohimstad bly,
die mees kodesh van die wonings van die Allerhoogste.
[5] Elohim is daar binne-in, dit sal nie wankel nie;
Elohim sal dit help wanneer die dag aanbreek.
[6] Nasies het gebruis,
koninkryke het gewankel;
Hy het Sy stem verhef;
die aarde bewe.
[7] יהוה van die leërskare is met ons;
die Elohim van Jaäkoḇ is ons rotsvesting. Sela.
[8] Kom, aanskou die dade van יהוה,
wat verskriklike dinge oor die aarde bring,
[9] wat die oorloë laat ophou tot by die einde van die aarde,

© Kopiereg 2003-2010 Masada – Proeflees uitgawe

die boog verbreek en die spies stukkend slaan,
die strydwaens met vuur verbrand.
10 Wees stil en weet dat Ek Elohim is;
Ek is verhewe onder die nasies,
Ek is verhewe op die aarde.
11 יהוה van die leërskare is met ons;
die Elohim van Jaäkoḇ is ons rotsvesting.
Sela.

47 *Vir die musiekleier. Van die kinders van Korag. ’n Lied.*
Alle volke, klap jul hande;
juig tot Elohim met ’n stem wat jubel!
2 Want יהוה, die Allerhoogste, is wonderlik,
’n groot Koning oor die hele aarde.
3 Hy bring volke onder ons
en nasies onder ons voete.
4 Hy kies ons erfdeel vir ons uit,
die trots van Jaäkoḇ wat Hy liefhet. Sela.
5 Elohim vaar op met gejuig,
יהוה met die klank van ’n ramshoring.
6 Sing lofsange aan Elohim, sing lof!
Sing lofsange aan ons Koning, sing lof!
7 Want Elohim is Koning van die hele aarde;
sing met begrip.
8 Elohim regeer oor die nasies;
Elohim sit op Sy kodesh troon.
9 Die edeles van die volke het vergader;
’n volk van die Elohim van Aḇraham;
want aan Elohim behoort die skilde van die aarde.
Hoog verhewe is Hy!

48 *’n Lied van die kinders van Korag.*
Groot is יהוה en baie lofwaardig
in die stad van ons Elohim,
Sy kodesh berg!
2 Skoon en verhewe,
die vreugde van die hele aarde
is die berg Tsijon, aan die noordekant,
die stad van die groot Koning!
3 Elohim is in sy paleise
Hy is bekend as sy rotsvesting.
4 Want kyk, die konings het bymekaargekom,
tesame opgetrek.
5 Skaars het hulle dit gesien, of hulle was verstom,
hulle was verskrik, en het in angs weggevlug.
6 Bewing het hulle daar aangegryp,
pyn soos van ’n vrou wat baar.
7 Deur die oostewind verbreek U die skepe van Tarshish.
8 Soos ons gehoor het, so het ons gesien
in die stad van יהוה van die leërskare,
in die stad van ons Elohim:
Elohim sal dit bevestig tot in ewigheid.
Sela.
9 Ons het gedink, o Elohim aan U guns,
binne in U tempel.
10 Soos U Naam , o Elohim, so is U roem
tot die eindes van die aarde;
U regtherhand is vol geregtigheid.
11 Laat die berg Tsijon bly wees,
laat die dogters van Jahuda juig oor U oordele.
12 Gaan rondom Tsijon,
trek daaromheen,
tel sy torings;
13 let op sy skanse,
wandel deur sy paleise,
sodat julle dit aan die volgende geslag kan vertel,
14 dat hierdie Elohim ons Elohim is,
vir ewig en altyd;
Hy sal ons lei tot die dood toe.

49 *Vir die musiekleier. Van die kinders van Korag. ’n Lied.*
Hoor dit, alle volke, luister, alle bewoners van die wêreld,
2 beide geringes sowel as aansienlikes,
ryk en arm tesame!
3 My mond sal louter wysheid praat,
en die oordenking van my hart bring begrip.
4 Ek sal my oor neig tot ’n spreuk;
ek sal my raaisel verklaar met die lier.
5 Waarom sou ek vrees in dae van teëspoed,
wanneer die ongeregtigheid van my onderkruipers my omring-
6 die wat vertrou op hulle vermoë
en hulle beroem op die grootheid van hulle rykdom?
7 ’n Broer kan niemand ooit loskoop nie;

© Kopiereg 2003-2010 Masada – Proeflees uitgawe

ook kan hy nie aan Elohim sy losprys
gee nie;
[8] want die losprys van hulle lewe is te
kosbaar
en vir ewig ontoereikend,
[9] dat hy vir ewig sou voortleef,
die vernietiging nie sou sien nie.
[10] Want hy sien wyse mans sterf,
die dwaas en die onverstandige kom
tesame om
en laat hulle rykdom aan ander na.
[11] Hulle grafte sal hul huise vir ewig
wees,
hul wonings van geslag tot geslag;
hulle noem die lande na hul name.
[12] Maar die mens wat in aansien is, hou
nie stand nie;
hy is soos die diere wat vergaan.
[13] Dit is die weg van die wat op hulleself
vertrou,
en van hulle volgelinge wat in hul woorde
'n behae het. Sela.
[14] Soos skape word hulle bestem vir die
doderyk;
die dood is hulle herder,
en die opregtes regeer oor hulle in die
môre;
en hulle gestalte is daar vir die graf om
te verteer,
sodat daarvoor geen woning meer is nie.
[15] Maar Elohim sal my wese loskoop van
die mag van die graf,
want Hy sal my opneem. Sela.
[16] Wees nie bevrees wanneer 'n man ryk
word,
wanneer die rykdom van sy huis groot
word nie;
[17] want by sy dood sal hy van alles niks
saamneem nie;
sy rykdom sal nie neerdaal agter hom
aan nie.
[18] Al ag hy homself geseënd in sy lewe-
en prys hulle jou, omdat jy aan jouself
goed doen-
[19] tog gaan hy na die geslag van sy
vaders;
tot in ewigheid sal hulle die lig nie sien
nie.
[20] Die mens wat in aansien is
en geen verstand het nie,
is soos die diere wat vergaan.

50 *'n Lied van Asaf.*

Ěl Elohim, יהוה, sal praat
en sal die aarde roep,
van die opgang van die son af tot sy
ondergang toe.
[2] Uit Tsijon, die volkomenheid van
skoonheid,
sal Elohim in ligglans verskyn.
[3] Ons Elohim kom en swyg nie.
Vuur verteer voor Hom,
en rondom Hom storm dit geweldig.
[4] Hy roep na die hemel daarbo,
en na die aarde, om Sy volk te oordeel:
[5] "Versamel My gunsgenote vir My,
hulle wat My verbond met die slagoffer
sluit!"
[6] En die hemele verkondig Sy
geregtigheid,
want Elohim staan gereed om te oordeel!
Sela.
[7] "Hoor, My volk, dat Ek kan praat;
Jisra'ěl, dat Ek jou dit kan inskerp:
Ek is Elohim, jou Elohim!
[8] "Oor jou offers bestraf Ek jou nie,
en jou brandoffers is altyddeur voor My.
[9] "Ek hoef uit jou huis geen bul te neem
of bokke uit jou krale nie;
[10] want al die wilde diere van die bos is
Myne,
die vee op 'n duisend heuwels.
[11] "Ek ken al die voëls van die berge,
en alles wat roer op die veld, is Myne.
[12] "Indien Ek honger het, sal Ek jou dit
nie sê nie;
want die wêreld is Myne en sy volheid.
[13] "Sou Ek vleis van bulle eet
of bloed van bokke drink?
[14] "Offer dank aan Elohim,
en betaal jou geloftes aan die
Allerhoogste;
[15] en roep My aan in die dag van
benoudheid:
Ek sal jou uithelp, en jy moet My loof."
[16] Maar aan die bose sê Elohim:
"Wat vertel jy nog My wette
en neem jy My verbond in jou mond-
[17] terwyl jy die tug haat en My woorde

© Kopiereg 2003-2010 Masada – Proeflees uitgawe

agter jou gooi?
18 "Wanneer jy 'n dief sien,
dan geval dit jou by hom,
en jy neem deel saam met die egbrekers.
19 "Jou mond laat jy los in boosheid,
en jou tong vleg bedrog.
20 Jy sit en praat teen jou broer,
die seun van jou moeder beskinder jy.
21 Hierdie dinge het jy gedoen, en sou Ek swyg?
Jy dink Ek is net soos jy!
Ek gaan jou straf en jou dit ordelik voor oë stel.
22 Verstaan dit tog, o vergeters van Eloah,
sodat Ek nie verskeur
sonder dat iemand red nie.
23 Die een wat dank offer, loof My;
en die een wat op sy weg ag gee,
hom sal Ek die verlossing van Elohim laat geniet.

51

Vir die musiekleier. 'n Lied van Dawid, toe die profeet Natan na hom gekom het, nadat hy by Bátseba ingegaan het.

Bewys my guns, o Elohim,
volgens U guns;
delg my oortredinge uit volgens die grootheid van U barmhartigheid.
2 Was my heeltemal van my ongeregtigheid
en reinig my van my sonde.
3 Want ék ken my oortredinge,
en my sonde is altyddeur voor my.
4 Teen U alleen het ek gesondig
en gedoen wat verkeerd is in U oë,
sodat U regverdig kan wees wanneer U praat,
wees duidelik wanneer U oordeel.
5 Kyk, in ongeregtigheid is ek gebore,
en in sonde het my moeder my ontvang.
6 Kyk, U het 'n welgevalle aan waarheid in die binneste,
en in die verborgene maak U aan my wysheid bekend.
7 Reinig my met hisop, dat ek kan rein wees;
was my, dat ek witter as sneeu kan wees.
8 Laat my vreugde en blydskap hoor;
laat die gebeente juig wat U verbrysel het.
9 Verberg U aangesig vir my sondes
en delg al my ongeregtighede uit.
10 Skep vir my 'n rein hart, o Elohim,
en gee opnuut in die binneste van my 'n vaste gees.
11 Verwerp my nie van U aangesig nie
en neem U Kodesh Gees nie van my weg nie.
12 Gee my weer die vreugde van U verlossing,
en ondersteun my, Edele Gees.
13 Ek wil die oortreders U weë leer,
dat die sondaars hulle tot U kan bekeer.
14 Red my van bloedskuld, o Elohim,
Elohim van my verlossing!
Laat my tong U geregtigheid uitjubel.
15 יהוה, open my lippe, dat my mond U lof kan verkondig.
16 Want U het geen lus in slagoffer nie,
anders sou ek dit gee;
in brandoffer het U geen behae nie.
17 Die offers van Elohim is 'n gebroke gees;
'n gebroke en verslae hart sal U, o Elohim, nie verag nie!
18 Doen goed aan Tsijon na U vreugde;
bou die mure van Jarushalajim op.
19 Dan sal U vreugde hê in die offers van geregtigheid, in brandoffer en voloffer;
dan sal hulle bulle offer op U altaar.

52

Vir die musiekleier. 'n Onderwysing van Dawid, toe Doëg, die Edomiet, gekom het en aan Shaül te kenne gegee en aan hom gesê het: "Dawid het in die huis van Ahiméleg ingegaan".

Wat beroem jy jou in die kwaad, o magtige mens?
Die guns van Ěl duur die hele dag!
2 Jou tong beraam teëspoed,
soos 'n geslypte skeermes, terwyl bedrog bewerk!
3 Jy hou meer van kwaad as van goed,
van die leuen meer as om geregtigheid te praat. Sela.
4 Jy hou net van woorde wat verslind,
o bedrieglike tong!
5 So sal Ěl jou dan ook vir ewig afbreek,

© Kopiereg 2003-2010 Masada – Proeflees uitgawe

jou wegruk en jou uit die tent sleep;
ja, Hy sal jou ontwortel uit die land van die lewendes. Sela.
6 En die regverdiges sal dit sien en vrees;
en hulle sal oor hom lag en sê:
7 "Kyk, die man wat Elohim nie sy toevlug gemaak het nie,
maar vertrou het op die grootheid van sy rykdom,
sterk was in sy begeerlikheid!"
8 Maar ek sal wees soos 'n groen olyfboom in die huis van Elohim;
ek vertrou op die guns van Elohim vir ewig en altyd.
9 Vir ewig sal ek U loof,
omdat U dit gedoen het;
en in teenwoordigheid van U gunsgenote sal ek U Naam verwag,
want dié is goed,.

53 *Vir die musiekleier; op die wysie van: "Máḥalat." 'n Onderwysing van Dawid.*
Die dwaas sê in sy hart:
"Daar is geen Elohim nie!"
Hulle het sleg gehandel
en hul onreg afskuwelik gemaak;
daar is niemand wat goed doen nie.
2 Elohim het uit die hemel neergekyk op die mensekinders om te sien of daar iemand verstandig is, wat na Elohim vra.
3 Hulle het almal afgewyk,
tesame het hulle ontaard;
daar is niemand wat goed doen nie,
ook nie een nie.
4 Het die werkers van ongeregtigheid dan geen kennis nie,
wat my volk opeet asof hulle brood eet?
Hulle roep Elohim nie aan nie.
5 Dáár het skrik hulle oorweldig sonder dat daar skrik was;
want Elohim het die beendere verstrooi van hom wat jou beleër het;
jy sal hulle beskaamd maak,
want Elohim het hulle verwerp.
6 Ag, mag die verlossing van Jisra'ël uit Tsijon kom!
Wanneer Elohim die lot van Sy volk verander,
dan sal Jaäkoḇ juig, Jisra'ël sal bly wees.

54 *Vir die musiekleier; met snaarinstrumente. 'n Onderwysing van Dawid, toe die Sifiete gekom en aan Saul gesê het: "Het Dawid hom nie by ons weggesteek nie?"*
O Elohim, verlos my deur U Naam,
en doen aan my reg deur U mag!
2 Hoor my gebed, o Elohim,
luister na die woorde van my mond!
3 Want vreemdes staan teen my op,
en tiranne soek my lewe;
hulle stel Elohim nie voor hul oë nie.
Sela.
4 Kyk, Elohim is my helper.
Dit is יהוה wat my wese ondersteun.
5 Hy sal my vyande die kwaad vergeld.
Vernietig hulle in U trou!
6 Vrywillig wil ek aan U offer;
ek wil U Naam, o יהוה, loof, want dit is goed;
7 want Hy het my uit alle benoudheid gered,
en my oog het op my vyande neergesien.

55 *Vir die musiekleier; met snaarinstrumente. 'n Onderwysing van Dawid.*
Hoor my gebed o Elohim,
en verberg U nie vir my smeking nie.
2 Luister na my en verhoor my;
in my onrus dwaal ek rond en is verward,
3 weens die geroep van die vyand,
weens die geraas van die bose;
want hulle stort onreg op my af,
en in toorn behandel hulle my as vyand.
4 My hart krimp inmekaar in my binneste,
en verskrikkinge van die dood het op my geval.
5 Vrees en bewing kom oor my,
en angs oordek my.
6 Toe het ek gesê: "Ag, het ek maar vlerke soos 'n duif gehad, dan sou ek wegvlieg en wegbly!
7 "Kyk, ek sou ver wegvlug;
ek sou vernag in die woestyn! Sela.
8 "Gou sou ek vir my 'n skuilplek soek teen die onstuimige wind, teen die storm."
9 Verwar, o יהוה, verdeel hulle taal,

© Kopiereg 2003-2010 Masada – Proeflees uitgawe

want ek sien geweld en twis in die stad.
10 Dag en nag omring hulle dit op sy mure,
en binnekant is boosheid en moeite.
11 Wat teëspoed aanbring, is daarbinne,
en verdrukking en bedrog wyk nie van sy markplein nie.
12 Want dit is geen vyand wat my verneder nie, anders sou ek dit dra;
dit is nie my hater wat hom teen my groot maak nie, anders sou ek my vir hom wegsteek;
13 maar jy, ’n man soos ek, my vriend en my vertroueling!
14 Ons wat innig met mekaar omgegaan het,
in die huis van Elohim gewandel het met die woelige skare.
15 Laat die dood hulle oorval,
laat hulle lewendig in die doderyk neerdaal;
want boosheid is in hulle woning, in hulle binneste.
16 Maar ek, ek roep Elohim aan,
en יהוה sal my verlos.
17 Ek kla en steun saans en smôrens en smiddags,
en Hy hoor my stem.
18 Hy verlos my wese in vrede van die stryd teen my,
want menigtes is teen my.
19 Ěl sal hoor en hulle antwoord;
ja, Hy wat op die troon sit van lankal af, Sela;
omdat by hulle geen verbetering is
en hulle Elohim nie vrees nie.
20 Hy het sy hande uitgesteek teen die wat in vrede met hom geleef het;
hy het sy verbond verbreek.
21 Sy woorde van sy mond is gladder as botter,
maar sy hart is oorlog;
sy woorde is sagter as olie,
maar hulle is ontblote swaarde.
22 Werp jou sorg op יהוה,
en Hy sal jou onderhou;
Hy sal nooit die regverdige laat wankel nie.
23 Maar U, o Elohim, sal hulle laat neerdaal in die put van vernietiging;
mans van bloed en bedrog sal hulle dae nie tot op die helfte bring nie;
maar ék vertrou op U.

56 *Vir die musiekleier; op die wysie van: "Die Duif van die ver Terebinte." Van Dawid.*
Bewys my guns, o Elohim,
want mense vertrap my;
hy wat my beveg, verdruk my die hele dag.
2 My vyande vertrap my die hele dag,
want baie veg teen o Allerhoogste.
3 Die dag wanneer ek vrees, sal ék op U vertrou.
4 Deur Elohim sal ek Sy woord prys;
ek vertrou op Elohim,
ek vrees nie;
wat kan vlees my doen?
5 Die hele dag verdraai hulle my woorde;
al hulle gedagtes is teen my, om kwaad te doen.
6 Hulle val aan, lê en loer,
hulle let op my voetstappe net terwyl hulle op my lewe wag.
7 Weens hul boosheid, werp hulle uit.
Werp volke neer in toorn, o Elohim!
8 U het my omswerwinge getel;
hou my trane in U kruik;
is hulle nie in U boek nie?
9 Dan sal my vyande agteruitwyk op die dag wanneer ek roep;
dit weet ek dat Elohim aan my kant is.
10 Deur Elohim sal ek die Woord prys;
deur יהוה sal ek die Woord prys.
11 Ek vertrou op Elohim, ek vrees nie;
wat kan ’n mens my doen?
12 Op my, o Elohim, rus geloftes aan U gedoen;
lofoffers sal ek U betaal;
13 want U het my lewe gered van die dood,
ja, my voete van struikeling,
om te wandel voor Elohim
in die lig van die lewende!

57 *Vir die musiekleier; op die wysie van: "Moenie verwoes nie." Van Dawid. ’n Gedig, toe hy vir Saul in die spelonk*

© Kopiereg 2003-2010 Masada – Proeflees uitgawe

gevlug het.
Bewys my guns, o Elohim, bewys my guns,
want by U het my wese geskuil,
en in die skaduwee van U vleuels sal ek skuil
totdat die teëspoed verbygegaan het.
[2] Ek roep die Allerhoogste Elohim aan,
Ěl wat dit *alles* vir my vervolmaak.
[3] Hy stuur uit die hemel en verlos my;
hy wat my vertrap word onderwerp. Sela.
Elohim sal Sy guns en Sy trou stuur.
[4] Ék moet onder leeus lê, wraakgieriges,
mensekinders wie se tande spiese en pyle is,
en wie se tong 'n skerp swaard is.
[5] Verhef U bo die hemele, o Elohim, U glans bo die hele aarde!
[6] Hulle het 'n net gespan vir my voetstappe, hulle het my wese neergebuig;
hulle het 'n kuil voor my gegrawe,
hulle val daar binne-in. Sela.
[7] My hart is gerus, o Elohim,
my hart is gerus;
ek wil sing en prys.
[8] Ontwaak, my aansien!
Ontwaak, harp en lier!
Ek wil die dagbreek wakker maak!
[9] Ek wil U loof onder die volke, o יהוה,
sing tot U onder die nasies.
[10] Want U guns is groot tot by die hemele
en U trou tot by die wolke.
[11] Verhef U bo die hemele, o Elohim,
U glans bo die hele aarde!

58 *Vir die musiekleier; op die wysie van: "Moenie verwoes nie." Van Dawid. 'n Gedig.*

Praat julle werklik geregtigheid, in stilte?
Oordeel julle regverdig, mensekinders?
[2] Nee, julle bedryf ongeregtighede in die hart;
julle weeg op aarde die geweld van julle hande af.
[3] Afvallig is die bose mense van die geboorte af;
die leuenaars dwaal van die moederskoot af.
[4] Hulle het gif soos die gif van 'n slang;
soos 'n dowe adder wat sy oor toestop,
[5] wat nie luister na die stem van die besweerders,
of van hom wat ervare is om met towerspreuke om te gaan nie.
[6] O Elohim, verbreek hulle tande in hulle mond;
slaan die tande van die jong leeus uit, o יהוה!
[7] Laat hulle verdwyn soos water wat wegloop;
Laat Hy Sy pyle rig sodat hulle in stukke gesny word.
[8] Laat hulle wees soos 'n slak wat wegsmelt so ver as hy loop,
soos 'n misgeboorte
laat hulle die son nie sien nie.
[9] Voordat julle potte die doringtak voel,
groen sowel as die vuurgloed,
sal Hy hulle wegvee.
[10] Die regverdige sal bly wees wanneer hy die wraak sien;
hy sal sy voete was in die bloed van die bose.
[11] En die mense sal sê:
"Gewis, daar is vrug vir die regverdige;
gewis, daar is 'n Elohim wat op die aarde oordeel!"

59 *Vir die musiekleier; op die wysie van: "Moenie verwoes nie." Van Dawid. 'n Gedig, toe Saul gestuur het en hulle die huis laat bewaak het om hom dood te maak.*

Red my van my vyande, o my Elohim!
Beskerm my teen my teëstanders!
[2] Red my van die werkers van ongeregtigheid,
en verlos my van die mans van bloed!
[3] Want kyk, hulle lê en loer vir my lewe;
sterkes val my aan,
sonder oortreding en sonder sonde van my kant, o יהוה!
[4] Buiten my skuld hardloop hulle en maak hulle klaar.
Ontwaak om my te help, en kyk!
[5] Ja U, יהוה, Elohim van die leërskare,
Elohim van Jisra'ěl,
word wakker om oor al die heidene besoeking te doen;

© Kopiereg 2003-2010 Masada – Proeflees uitgawe

bewys geen guns aan al die ongeregtige
trouelose nie! Sela.
6 Elke aand kom hulle terug;
hulle huil soos honde
en dwaal deur die stad.
7 Kyk, hulle smaal met hul mond;
swaarde is op hulle lippe,
want wie sou dit hoor?
8 Maar U, o יהוה, lag oor hulle;
U spot met al die heidene.
9 My Sterkte, op U wil ek wag,
want Elohim is my rotsvesting.
My Elohim van guns
10 My Elohim gaan voor my uit;
Elohim sal my op my vyande laat
neersien.
11 Moet hulle nie ombring nie, sodat my
volk dit nie vergeet nie:
verstrooi hulle deur U krag,
en werp hulle neer,
o יהוה, ons Skild!
12 Sonde van hulle mond is die woord van
hulle lippe;
laat hulle dan gevang word in hul trots,
en vanweë die vloek en die leuen wat
hulle vertel.
13 Vernietig hulle in grimmigheid,
vernietig hulle,
sodat hulle nie meer daar is nie;
en laat hulle weet dat Elohim regeer in
Jaäkoḇ,
tot by die eindes van die aarde! Sela.
14 En elke aand kom hulle terug;
hulle huil soos honde
en dwaal deur die stad.
15 Húlle swerf rond om kos te soek;
wanneer hulle nie versadig word nie,
vertoef hulle die hele nag.
16 Maar ék sal sing van U sterkte
en elke môre jubel oor U guns,
want U was ’n rotsvesting vir my
en ’n toevlug in die dag toe ek benoud
was.
17 My Sterkte, tot U wil ek lofsing,
want Elohim is my rotsvesting,
my Elohim van guns.

60 *Vir die musiekleier; op die wysie van: "Die Lelie van die Getuienis." ’n Gedig van Dawid, om te onderrig. Toe hy oorlog gevoer het teen die Arameërs van Mesopotámië en die Arameërs van Soba, en Joab teruggekom en die Edomiete verslaan het in die Soutdal, twaalf duisend.*
O Elohim, U het ons verstoot, ons
vanmekaar geskeur;
U was toornig;
herstel ons!
2 U het die land laat bewe,
dit gekloof;
genees sy breuke, want dit wankel!
3 U het U volk harde dinge laat sien;
U het ons bedwelmende wyn laat drink.
4 U het aan die wat U vrees, ’n banier
gegee,
om te vlug vir die boog! Sela.
5 Sodat U bemindes gered mag word;
verlos deur U regterhand en verhoor ons!
6 Elohim het gepraat in Sy kodesh plek:
"Ek wil jubel, Ek wil Sheḵem verdeel
en die dal van Sukkot afmeet.
7 "Gíl’ad is Myne en Manashshe is Myne,
en Efrajim is die beskutting van My hoof;
Jahuda is My wetgewer.
8 "Moaḇ is My waskom;
op Edom werp Ek My skoen;
jubel oor My, Paleshet!"
9 Wie sal my bring in die versterkte stad?
Wie kan my lei tot in Edom?
10 Het U, o Elohim, ons nie verwerp nie?
En U trek nie uit, o Elohim, saam met
ons leërs nie.
11 Verleen ons hulp teen die vyand,
want die mens se hulp is waardeloos.
12 In Elohim sal ons kragtige dade doen,
en Hy self sal ons vyande vertrap.

61 *Vir die musiekleier*,
met snaarinstrumente. ’n Lied van Dawid.
O Elohim, hoor my smeking,
luister na my gebed!
2 Van die einde van die aarde af roep ek
U aan wanneer my hart beswyk;
lei my op ’n rots wat vir my te hoog is.
3 Want U het ’n toevlug vir my geword,
’n sterk toring teen die vyand.
4 Ek wil in U tent vertoef vir ewig,
in die skuilplek van U vleuels my verberg.
Sela.

© Kopiereg 2003-2010 Masada – Proeflees uitgawe

[5] Want U, o Elohim, het my geloftes gehoor;
U het die erfenis gegee
van die wat U Naam vrees.
[6] Mag U dae by die koning se dae byvoeg;
mag sy jare wees soos van geslag tot geslag.
[7] Mag hy vir ewig voor Elohim op die troon sit;
beskik guns en trou, dat dié hom bewaar.
[8] Só wil ek lofsing tot U Naam tot in ewigheid,
om my geloftes te betaal, dag ná dag.

62 *Vir die musiekleier; op die wysie van: "Jedútun." 'n Lied van Dawid.*
Ja, my wese is stil in Elohim;
van Hom is my verlossing.
[2] Hy alleen is my rots en my verlossing, my rotsvesting;
ek sal nie grootliks wankel nie.
[3] Hoe lank sal julle aanstorm op 'n man, julle almal hom verbrysel soos 'n muur wat oorhang, 'n omgestote klipmuur?
[4] Ja, hulle hou raad om hom van sy hoogte af te stoot;
hulle het behae in leuens;
met hul mond seën hulle,
maar met hul binneste vloek hulle. Sela.
[5] Wees net maar stil in Elohim, my wese, want van Hom is my verwagting!
[6] Sekerlik, Hy is my rots en my verlossing, my rotsvesting;
ek sal nie wankel nie.
[7] By Elohim is my verlossing en my aansien;
die rots van my sterkte, my toevlug is in Elohim.
[8] Vertrou op Hom altyd, o volk!
Stort julle hart uit voor Sy aangesig!
Elohim is 'n toevlug vir ons. Sela.
[9] Ja, nietigheid is die mensekinders, leuens is die aansienlikes;
in die weegskaal moet hulle opgaan, almal saam is hulle minder as nietigheid.
[10] Vertrou nie op verdrukking
en bou geen ydele hoop op rowery nie;
indien die vermoë aangroei,
sit die hart nie daar op nie!
[11] Een ding het Elohim gesê,
tweekeer wat ek dit gehoor het:
dat die sterkte aan Elohim behoort,
[12] en aan U, o יהוה, behoort die guns;
want U vergeld elkeen na sy werk.

63 *'n Lied van Dawid, toe hy in die woestyn van Jahuda was.*
O Elohim, U is my Ěl,
ek soek U;
my wese dors na U,
my vlees smag na U,
in 'n dor en dorsland, sonder water.
[2] Só het ek U in die kodesh plek aanskou, om U sterkte en U glans te sien.
[3] Want U guns is beter as die lewe;
my lippe moet U prys.
[4] Só sal ek U prys my lewe lank,
in U Naam my hande ophef.
[5] Soos met murg en vet sal my wese versadig word,
en my mond sal roem met jubelende lippe
[6] wanneer ek aan U dink op my bed,
in die nagwake oor U peins.
[7] Want U was 'n hulp vir my,
en in die skaduwee van U vleuels sal ek jubel.
[8] My wese is aan U verkleef;
U regterhand ondersteun my.
[9] Maar húlle wat soek om my lewe te vernietig,
hulle sal kom in die onderste plekke van die aarde.
[10] Hy sal oorgelewer word in die mag van die swaard;
hulle sal die deel van die jakkalse word.
[11] Maar die koning sal bly wees in Elohim;
elkeen wat by Hom sweer, sal Hom roem;
want die mond van die leuenaars sal gestop word.

64 *Vir die musiekleier. 'n Lied van Dawid.*
Hoor my stem, o Elohim, in my gebed;
bewaar my lewe van die skrik van die vyand.
[2] Steek my weg vir die geheime planne van die kwaaddoeners,

© Kopiereg 2003-2010 Masada – Proeflees uitgawe

vir die gewoel van die werkers van ongeregtigheid;
3 wat hulle tong skerp maak soos 'n swaard,
hulle pyl rig, bitter woorde,
4 om in skuilplekke na die opregte te skiet;
skielik skiet hulle hom en vrees nie.
5 Met 'n listige plan bewapen hulle hulself;
hulle spreek af om strikke te span;
hulle sê: "Wie sal dit sien?"
6 Hulle bedink ongeregtighede:
"Ons is gereed! 'n Fyn uitgedinkte plan!"
Ja, 'n man se binneste en onpeilbare hart!
7 Maar Elohim tref hulle met 'n pyl,
skielik is hulle wonde daar.
8 En hulle laat iemand struikel,
hul eie tong is teen hulle;
almal wat hulle sien, vlug weg.
9 En alle mense vrees
en verkondig die werk van Elohim.
En gee wyslik ag op wat Hy doen.
10 Die regverdige sal bly wees in יהוה
en by Hom skuil,
en al die opregtes van hart sal Hom prys.

65 *Vir die musiekleier. 'n Lied van Dawid.*

Aan U kom 'n lofsang toe, o Elohim, in Tsijon,
en aan U moet die gelofte betaal word.
2 o Hoorder van die gebed, tot U moet alle vlees kom!
3 Ongeregtige dinge het die oorhand oor my gehad,
maar U bedek ons oortredinge.
4 Geseënd is hy wat U kies en laat nader kom,
dat hy kan woon in U voorhowe.
Ons wil versadig word met die goeie van U huis, U kodesh paleis.
5 Vreeslike dinge antwoord U ons in geregtigheid,
o Elohim van ons verlossing,
vertroue van al die eindes van die aarde en van die verste see!
6 Wat die berge grondves deur U krag, wat omgord is met mag,
7 wat die gebruis van die seë stilmaak, die gebruis van hulle golwe
en die rumoer van die volke;
8 sodat die bewoners van die eindes vrees vir U tekens;
U laat die uitgange van die môre en die aand jubel.
9 U het die land besoek en oorvloed gegee;
U verryk dit grootliks;
die stroom van Elohim is vol water.
U berei hulle koring;
ja, so berei U die land.
10 U maak sy vore nat, sy kluite gelyk;
deur reënbuie maak U dit week;
U seën sy uitspruitsel.
11 U kroon die jaar met U goedheid,
en U voetspore drup van vettigheid.
12 Die weivelde van die woestyn drup,
en die heuwels gord hulleself met gejuig.
13 Die weivelde is beklee met troppe kleinvee,
en die dale is bedek met koring;
hulle juig en sing.

66 *Vir die musiekleier. 'n Lied.*

Juig tot Elohim, o ganse aarde!
2 Besing die glans van Sy Naam,
maak Sy lofsang aansienlik!
3 Sê aan Elohim: "Hoe vreeslik is U werke!
Deur die grootheid van U sterkte sal U vyande kruipende na U toe kom.
4 "Die hele aarde sal voor U buig
en U lof besing;
Hulle sal U Naam prys." Sela.
5 Kom en aanskou die dade van Elohim,
Hy wat gedug is in werking oor die mensekinders.
6 Hy het die see verander in droë land;
hulle het te voet deur die rivier gegaan.
Daar was ons bly in Hom.
7 Hy regeer vir ewig deur Sy mag;
Sy oë hou wag oor die nasies.
Laat die opstandiges hulleself nie verhef nie. Sela.
8 Loof, ons Elohim, volke en laat hoor die stem wat Hom roem,
9 wat aan ons wese die lewe gee
en nie toelaat dat ons voet wankel nie.

© Kopiereg 2003-2010 Masada – Proeflees uitgawe

[10] Want U het ons getoets, o Elohim;
U het ons gelouter soos ’n mens silwer louter.
[11] U het ons in die net gebring,
’n swaar las op ons heupe gelê.
[12] U het mense oor ons hoof laat ry;
ons het deur vuur en deur water gegaan,
maar U het ons uitgelei na oorvloed.
[13] Ek sal U huis met brandoffers ingaan;
ek sal my geloftes aan U betaal,
[14] wat my lippe geuitter en my mond gesê het toe ek benoud was.
[15] Brandoffers van vet diere sal ek U bring saam met offerrook van ramme;
ek sal beeste saam met bokke berei. Sela.
[16] Kom luister, en laat my vertel,
julle almal wat Elohim vrees,
wat Hy aan my wese gedoen het.
[17] Ek het Hom aangeroep met my mond,
en lofsange was op my tong.
[18] Indien ek ongeregtigheid bedoel het in my hart, sou יהוה nie gehoor het nie.
[19] Waarlik, Elohim het gehoor;
Hy het geluister na die stem van my gebed.
[20] Geseënd is Elohim
wat my gebed nie afgewys
en Sy guns aan my nie onttrek het nie!

67 *Vir die musiekleier; met snaarinstrumente. ’n Lied.*

Elohim bewys ons guns en seën ons;
Hy laat Sy aangesig by ons skyn! Sela.
[2] Sodat die mense op aarde U weg kan ken,
onder al die nasies U verlossing.
[3] Die volke sal U loof, o Elohim,
die volke almal saam sal U loof.
[4] Die nasies sal bly wees en jubel,
omdat U die volke regverdig oordeel
en die nasies op aarde lei. Sela.
[5] Die volke sal U loof, o Elohim,
die volke almal saam sal U loof.
[6] Die aarde het sy opbrengs gelewer;
Elohim, ons Elohim, sal ons seën.
[7] Elohim sal ons seën,
en al die eindes van die aarde sal Hom vrees.

68 *Vir die musiekleier. Van Dawid. ’n Lied.*

Elohim staan op,
Sy vyande raak verstrooid,
en Sy haters vlug voor Sy aangesig weg!
[2] Soos rook verdryf word,
verdryf U hulle;
soos was smelt voor die vuur,
vergaan die bose voor Elohim.
[3] Maar die regverdiges is bly,
hulle juig voor Elohim,
en hulle is vrolik met blydskap.
[4] Sing tot Elohim, sing lof tot Sy Naam,
vul die pad op vir Hom
wat deur die woestyn ry:
Jah is Sy Naam;
en jubel voor Hom!
[5] ’n Vader van die wese
en ’n regter van die weduwees
is Elohim in Sy kodesh woning.
[6] Elohim laat die eensames in ’n huisgesin woon,
Hy lei uit in voorspoed die wat met kettings gebind is;
maar die opstandiges sal in ’n dor land woon.
[7] O Elohim, toe U uitgetrek het voor U volk,
toe U voortgestap het in die wildernis, Sela,
[8] het die aarde gebewe!
Ook het die hemele gedrup voor Elohim;
hierdie Sinai voor Elohim, die Elohim van Jisra’ël!
[9] Met ’n milde reën het U, o Elohim, U erfdeel besproei;
en toe dit moeg was, het U dit versterk.
[10] U skare het daarin gewoon;
U het dit in U goedheid berei vir die ellendige, o Elohim!
[11] יהוה het die woord laat hoor;
die vrouens wat die goeie tyding gebring het, was ’n groot skare:
[12] Die konings van die leërskare vlug haastig;
en sy wat tuis gebly het, verdeel die buit.
[13] Indien julle daar lê tussen die veekrale,
is die vlerke van die duif oordek met silwer

© Kopiereg 2003-2010 Masada – Proeflees uitgawe

en sy vere met liggeel goud.
14 Toe die Almagtige konings daarin verstrooi het,
het dit gesneeu op Tsalmon.
15 'n Berg van Elohim is die berg Bashan,
'n berg met kruine is die berg Bashan.
16 Waarom kyk julle afgunstig, o berge met kruine,
na die berg wat Elohim begeer het vir Sy woning?
Ja, יהוה sal daar woon tot in ewigheid.
17 Die waens van Elohim is tien duisende, duisend maal duisende;
יהוה het van Sinai gekom na Sy Kodesh Plek.
18 U het opgeklim na die hoogte,
U het gevangenes weggevoer,
U het geskenke geneem onder die mense;
ja, ook opstandiges,
Dat Jah Elohim daar sal woon!
19 Geseënd is יהוה!
Dag ná dag dra Hy ons;
Ěl is ons verlossing! Sela.
20 Ěl is vir ons 'n Ěl van verlossing,
en יהוה, die Meester het uitkomste teen die dood.
21 Gewis, Elohim sal die kop van Sy vyande verbrysel,
die harige skedel van hom wat in sy oortredinge rondloop.
22 יהוה het gesê: "Ek sal terugbring uit Bashan,
Ek sal terugbring uit die dieptes van die see;
23 sodat jy jou voet kan steek in bloed,
die tong van jou honde van die vyande sy deel kan hê."
24 O Elohim, hulle sien U optogte,
die optogte van my Ěl, my Koning in die kodesh plek.
25 Vooraan gaan die sangers,
daaragter die snaarspelers,
tussen jongmeisies in wat die tamboeryn slaan.
26 Loof Elohim, in die vergaderinge;
יהוה, julle wat uit die fontein van Jisra'ěl is!
27 Daar is Binjamin, die kleinste, wat oor hulle regeer het;
die leiers van Jahuda, hulle menigte;
die leier van Séḇulon, die leier van Náftali.
28 Jou Elohim het jou sterkte gebied,
wees sterk,
o Elohim, wat vir ons gewerk het!
29 Ter wille van U tempel in Jarushalajim sal die konings aan U geskenke bring.
30 Dreig die wilde gedierte van die riete,
die trop bulle saam met die kalwers van die volke,
die wat hulleself onderwerp met stukke silwer.
Hy het die volke verstrooi wat vreugde het in oorloë.
31 Edeles sal uit Mitsrajim kom,
Kush sal haastig sy hande uitsteek na Elohim.
32 Sing tot Elohim, o koninkryke van die aarde;
lofsange tot יהוה! Sela.
33 Van Hom wat ry in die hoogste hemele,
wat uit die voortyd is;
kyk, Hy verhef Sy stem, 'n magtige stem.
34 Gee sterkte aan Elohim!
Sy hoogheid is oor Jisra'ěl
en Sy sterkte in die wolke.
35 Vreeslik is Elohim uit jou kodesh plekke, o Jisra'ěl!
Die Ěl van Jisra'ěl,
Hy gee aan die volk sterkte en krag.
Geseënd is Elohim!

69 *Vir die musiekleier; op die wysie van: "Lelies." 'n Lied van Dawid.*

Verlos my, o Elohim,
want die waters het tot by my nek gekom.
2 Ek sink in grondelose modder
waar geen staanplek is nie;
ek het in waterdieptes gekom,
en die stroom loop oor my.
3 Ek is moeg van my geroep,
my keel brand,
my oë word dof terwyl ek wag op my Elohim.
4 Die wat my sonder oorsaak haat,
is meer as die hare van my hoof;

© Kopiereg 2003-2010 Masada – Proeflees uitgawe

die wat klaar staan om my te vernietig,
wat sonder grond my vyande is, is magtig;
wat ek nie gesteel het nie, het ek dan herstel.
[5] O Elohim, U weet van my dwaasheid,
en my skuldige dade is vir U nie verborge nie.
[6] Laat die wat U verwag, o Meester, יהוה van die leërskare,
nie deur my skaam wees nie!
Laat die wat U soek, nie deur my verneder word nie,
o Elohim van Jisra'ěl!
[7] Want om U ontwil dra ek bespotting,
bedek skande my aangesig.
[8] Vreemd het ek vir my broers geword
en 'n onbekende vir die seuns van my moeder.
[9] Want die ywer vir U huis het my verteer,
en die bespottings van die wat U bespot, het op my geval.
[10] Wat my aangaan, my wese het geween met vas;
maar dit het bespotting vir my geword.
[11] Ek het ook 'n rougewaad my kleding gemaak
en vir hulle 'n spreekwoord geword.
[12] Die wat in die poort sit en van my praat,
ook die spotlied van die wat sterk drank drink.
[13] Maar ek, my gebed is tot U, o יהוה.
In die tyd van guns, o Elohim,
verhoor my deur die grootheid van U guns,
deur die trou van U verlossing!
[14] Red my uit die modder
en laat my nie sink nie;
laat my gered word van my haters en uit waterdieptes.
[15] Laat die waterstroom nie oor my loop
en die diepte my nie verslind nie,
en laat die put sy mond bo my nie toesluit nie!
[16] Verhoor my, o יהוה, want U guns is goed;
draai U na my volgens die grootheid van U barmhartighede.
[17] En verberg U aangesig nie vir U dienaar nie;
want ek is benoud.
Verhoor my dan gou!
[18] Kom nader na my wese, verlos dit;
bevry my van my vyande.
[19] U ken my bespotting en my beskaming en my skande;
al my teëstanders is voor U.
[20] Die bespotting breek my hart,
en ek is verswak;
ja, ek het gewag op medelyde,
maar verniet;
en op vertroosters, maar het hulle nie gevind nie.
[21] En hulle het aan my gal gegee as my kos,
en vir my dors het hulle my asyn laat drink.
[22] Laat hul tafel voor hulle 'n vangnet wees en vir hulle wat sorgeloos is, 'n strik.
[23] Laat hulle oë donker word, sodat hulle nie sien nie;
en maak dat hulle heupe altyddeur wankel.
[24] Stort oor hulle U grimmigheid uit,
en laat U toorngloed hulle inhaal.
[25] Laat hulle laer woes word,
laat in hulle tente geen bewoner wees nie.
[26] Want hulle vervolg hom wat deur U swaar getref is,
en vertel van die smart van díe wat U gewond het.
[27] Voeg skuld by hulle skuld,
en laat hulle nie in U geregtigheid kom nie.
[28] Laat hulle uit die boek van die lewe gedelg word
en nie saam met die regverdiges opgeskryf word nie.
[29] Maar ek is ellendig en in pyn;
laat U verlossing, o Elohim, my beskerm!
[30] Ek wil die Naam van Elohim prys met 'n lied
en Hom groot maak met danksegging;
[31] en dit sal יהוה welgevalliger wees as

© Kopiereg 2003-2010 Masada – Proeflees uitgawe

beeste,
as ’n bul wat horings en gesplete kloue het.
32 Wanneer die nederiges dit sien, sal hulle jubel;
julle wat na Elohim soek, laat julle hart lewe!
33 Want יהוה luister na die behoeftiges en verag Sy gevangenes nie.
34 Laat hemel en aarde Hom prys,
die see en alles wat daarin roer.
35 Want Elohim sal Tsijon verlos en die stede van Jahuda bou;
en daar sal hulle woon en dit besit.
36 En die nageslag van Sy dienaars sal dit erf,
en die liefhebbers van Sy Naam sal daarin woon.[k]

70 *Vir die musiekleier. ’n Lied van Dawid, by die gedenkoffer.*
O Elohim, maak tog gou om my te red,
O יהוה, om my te help!
2 Laat hulle wat my lewe soek,
beskaamd staan en rooi van skaamte word;
laat hulle wat behae het in my teëspoed,
omdraai en in die skande kom.
3 Laat hulle wat sê: “Ha, ha!”
teruggaan weens hul skaamte.
4 Laat in U vrolik en bly wees almal wat U soek;
en laat die liefhebbers van U verlossing altyd sê: “Groot is Elohim!”
5 Maar ek is ellendig en behoeftig:
O Elohim, kom tog gou na my!
U is my hulp en my verlosser;
O יהוה, vertoef tog nie!

71 By U, o יהוה, skuil ek:
laat my nooit beskaamd staan nie!
2 Red my deur U geregtigheid en bevry my;
neig U oor tot my en verlos my!
3 Wees vir my ’n rots om in te woon,
om gedurig in te gaan;
U wat bevel gegee het om my te verlos,
want U is my rots en my bergvesting.
4 My Elohim, red my uit die hand van die bose,
uit die mag van hom wat onreg doen,
en van die geweldenaar.
5 Want U is my verwagting,
Meester יהוה, my vertroue van my jeug af.
6 Op U het ek gesteun van my geboorte af,
van die moederskoot af is U my bevryder;
oor U is my lof altyddeur.
7 Ek was vir baie soos ’n wonder;
maar U is my kragtige toevlug.
8 My mond is vol van U lof,
die hele dag van U glans.
9 Verwerp my nie in die tyd van die ouderdom nie,
verlaat my nie wanneer my krag gedaan is nie.
10 Want my vyande praat teen my,
en die wat op my lewe loer,
hou saam raad
11 en sê: “Elohim het hom verlaat;
agtervolg en gryp hom, want daar is geen redder nie!”
12 o Elohim, wees nie ver van my af nie;
my Elohim, maak tog gou om my te help!
13 Laat hulle wat my as vyand behandel,
beskaamd staan, verteer word;
laat hulle wat my ongeluk soek,
hulleself toedraai in spot en skande.
14 Maar ék sal altyddeur wag en al U lof vermeerder.
15 My mond sal U geregtigheid vertel,
die hele dag U verlossing;
want ek ken nie die maat daarvan nie.
16 Ek sal kom met die magtige dade van Meester יהוה;
ek sal U geregtigheid vermeld,
dié van U alleen.
17 Elohim, U het my geleer van my jeug af,
en tot nou toe verkondig ek U wonders.
18 En ook tot die ouderdom en die grysheid toe,
o Elohim, verlaat my nie,
totdat ek aan die volgende geslag U krag verkondig,

[k] Teh 5:11, 119: 132, Jesh 56:6

© Kopiereg 2003-2010 Masada – Proeflees uitgawe

U mag aan almal wat sal kom.
19 Ook is U geregtigheid, o Elohim, tot in die hoogte;
U wat groot dinge gedoen het,
o Elohim, wie is soos U?
20 U wat my baie en bose teëspoed laat sien het,
sal my weer lewend maak en my weer ophaal
uit die watervloede van die aarde.
21 U vermeerder my grootheid,
en troos my aan elke kant.
22 So wil ek U trou dan ook loof met die lier, my Elohim!
Ek wil U lof besing op die harp,
o Kodesh Een van Jisra'ěl!
23 My lippe sal jubel wanneer ek tot U sing,
en ook my wese, wat U verlos het.
24 Ook sal my tong U geregtigheid die hele dag prys,
want hulle het beskaamd gestaan,
want hulle wat my teëspoed soek,
het rooi van skaamte geword.

72 *Van Shelomo*.

O Elohim, gee aan die koning U regte
en U geregtigheid aan die Seun van 'n koning.
2 Laat Hy U volk regeer met geregtigheid
en U ellendiges met reg.
3 Die berge sal vrede dra vir die volk,
en die heuwels, deur geregtigheid.
4 Hy sal aan die ellendiges van die volk reg verskaf,
die kinders van die behoeftige verlos
en die verdrukker verbrysel.
5 Hulle sal U vrees solank as die son skyn
en solank as die maan daar is, van geslag tot geslag.
6 Hy sal neerdaal soos reën op die grasveld, soos buie, 'n swaar reën op die aarde.
7 In Sy dae sal die regverdige bloei
en volheid van vrede,
totdat die maan nie meer is nie.
8 En Hy sal regeer van see tot see
en van die Rivier tot by die eindes van die aarde.
9 Die bewoners van dor plekke sal voor Hom kniel,
en Sy vyande sal die stof lek.
10 Die konings van Tarshish en van die eilande sal geskenke aanbied,
die konings van Sheḇa en Seḇa belasting aanbring.
11 Ja, al die konings sal hulle voor Hom buig,
al die nasies sal Hom dien.
12 Want Hy sal die behoeftige red wat daar roep om hulp,
en die ellendige en wie geen helper het nie.
13 Hy sal hom ontferm oor die arme en behoeftige,
en die lewens van die behoeftiges sal Hy red.
14 Hy sal hulle lewens verlos van verdrukking en geweld,
en hulle bloed sal kosbaar wees in Sy oë.
15 Mag Hy dan lewe!
en mag hulle aan Hom gee van die goud van Sheḇa
en altyddeur vir Hom bid;
mag hulle die hele dag Hom seën!
16 Mag daar volheid van koring wees in die land,
op die kruin van die berge;
mag die vrug daarvan ruis soos die Líḇanon;
en mag hulle bloei uit die stad soos die plante van die aarde!
17 Mag Sy Naam vir ewig wees;
mag Sy Naam uitspruit solank as die son daar is!
En mag al die nasies in Hom geseën word,
Hom geseënd prys!
18 Geseënd is יהוה Elohim,
die Elohim van Jisra'ěl,
wat alleen wonders doen!
19 En Geseënd is vir ewig Sy glansryke Naam!
En laat die hele aarde met Sy glans gevul word!
Ômĕn, ja Ômĕn.
20 Hier eindig die gebede van Dawid, die seun van Jishaï.

73 *'n Lied van Asaf*.

© Kopiereg 2003-2010 Masada – Proeflees uitgawe

Waarlik, Elohim is goed vir Jisra'ël,
vir die wat rein van hart is.
[2] Maar wat my aangaan, my voete het amper gestruikel,
my voetstappe het byna gegly.
[3] Want ek was afgunstig op die onsinniges
toe ek die voorspoed van die bose mense sien.[/]
[4] Want daar is geen kwellings by hulle nie,
sterk en vet is hulle *liggaam*.
[5] Hulle is nie in die teëspoed van mense nie,
en saam met ander mense word hulle nie gepla nie.
[6] Daarom is die trots om hulle soos 'n halssnoer,
die geweld bedek hulle soos klere.
[7] Hulle oë peul uit van vet;
die verbeeldinge van die hart loop oor.
[8] Hulle spot en praat in bose verdrukking;
hulle praat uit die hoogte.
[9] Hulle stel hul mond teen die hemel,
en hul tong wandel op die aarde.
[10] Daarom draai hulle mense hul hierheen,
en waters in volheid word deur hulle geslurp.
[11] En hulle sê: "Hoe sou Ël dit weet?"
en "Sou daar kennis by die Allerhoogste wees?"
[12] Kyk, so is die bose mense,
en altyd onbesorg vermeerder hulle die rykdom!
[13] Waarlik, tevergeefs het ek my hart rein gehou
en my hande in onskuld gewas.
[14] Die hele dag tog is ek geslaan,
en my tugtiging was daar elke môre.
[15] Sou ek gesê het: "Ek wil óók so praat,"
dan sou ek ontrou gewees het aan die geslag van U kinders!
[16] Toe het ek nagedink om dit te verstaan,
maar dit was moeite in my oë,
[17] totdat ek in die kodesh plekke van Ël gegaan
en op hulle einde gelet het.
[18] Waarlik, U stel hulle op gladde plekke;
U laat hulle in puin val.
[19] Hoe vinnig verval hulle in puin,
Totaal weggevee deur vernietiging!
[20] Soos 'n droom verdwyn nadat 'n mens wakker word, o יהוה,
so verdwyn hulle beeld wanneer U opstaan!
[21] Toe my hart bitter ontstel
en ek in my niere geprikkel was,
[22] toe was ék dom en het niks geweet nie;
ek was soos 'n dier by U.
[23] Nogtans is ek altyd by U;
U het my regterhand gevat.
[24] U sal my lei deur U raad
en my daarna in glans opneem.
[25] Wie het ek buiten U in die hemel?
Buiten U begeer ek ook niks op die aarde nie.
[26] Al beswyk my vlees en my hart,
Elohim is die rots van my hart
en my deel tot in ewigheid.
[27] Want kyk, die wat hulle ver van U af hou, vergaan;
U roei almal uit wat van U afhoereer.
[28] Maar wat my aangaan, dit is vir my goed om naby Elohim te wees;
in Meester יהוה het ek my toevlug gestel,
om al U werke te vertel.

74 *'n Onderwysing van Asaf.*

O Elohim, waarom het U ons vir ewig verstoot?
Waarom rook U toorn teen die skape van U weiding?
[2] Dink aan U vergadering wat U in die begin van tyd bekom het,
wat U verlos het om die stam van U erfdeel te wees,
aan die berg Tsijon waar U op gewoon het.
[3] Hef U voete op na die ewige puinhope:
alles het die vyand in die kodesh plek verniel.
[4] U teëstanders het te midde van U

[/] Ijob 21:7, Jirm 12:1-2

© Kopiereg 2003-2010 Masada – Proeflees uitgawe

vergaderplekke[m] gebrul;
hulle het hul tekens as tekens gestel.
5 Dit lyk soos wanneer iemand byle
omhoog hou tussen digte bome.
6 En nou, die houtsnywerk daarvan het
hulle alles met byl en hamers stukkend
geslaan.
7 Hulle het U kodesh plek aan die brand
gesteek;
tot die grond toe het hulle die woonplek
van U Naam geskend.
8 Hulle het in hul hart gesê:
"Laat ons hulle almal saam onderdruk!"
Hulle het al die vergaderplekke van Ěl in
die land verbrand.
9 Ons sien nie ons tekens nie;
daar is geen profeet meer nie,
en by ons is daar niemand wat weet hoe
lank nie.
10 Hoe lank, Elohim, sal die teëstander
spot,
sal die vyand U Naam vir altyd verag?[n]
11 Waarom trek U U hand, ja, U
regterhand, terug?
Trek dit uit U boesem! Vernietig!
12 Nogtans is Elohim my Koning van die
begin van tyd af,
wat verlossinge werk op die aarde.
13 U het deur U sterkte die see gekloof;
U het die koppe van die seemonsters op
die waters verbreek.
14 U het die koppe van die Lewiátan
verbrysel;
U het hom gegee as kos vir die mense in
die woestyn.
15 U het fontein en stroom oopgeslaan;
U het standhoudende riviere laat
opdroog.
16 Aan U behoort die dag,
aan U behoort ook die nag;
U het ligte en son vasgestel.
17 U het al die grense van die aarde
bepaal;
somer en winter, U het hulle gemaak.
18 Dink hieraan: Die vyand het יהוה
gespot, en 'n dwase volk het U Naam
verag.[o]
19 Gee aan die wilde diere die wese van U
tortelduif nie oor nie;
vergeet nie vir altyd die lewe van U
ellendiges nie.
20 Aanskou die verbond,
want die donker plekke van die land is
vol wonings van geweld.
21 Laat die verdrukte nie beskaamd
terugkom nie;
laat die ellendige en behoeftige U Naam
prys.
22 Staan op, o Elohim, verdedig U saak;
dink aan die bespotting wat U die hele
dag aangedoen word deur 'n dwaas.
23 Vergeet nie die geroep van U
teëstanders nie,
die rumoer van U opstandige vyande,
wat altyddeur opgaan!

75 *Vir die musiekleier; op die wysie van: "Moenie verwoes nie." 'n Lied van Asaf.*

Ons sal U dank, o Elohim,
ons sal dank, en naby is U Naam;
hulle vertel U wonders.
2 "Wanneer Ek die vasgestelde tyd
aangryp, oordeel Ék regverdig.
3 "Al wankel die aarde en al sy bewoners;
Ék het sy pilare vasgestel. Sela.
4 "Ek sê tot die onsinniges:
'Wees nie onsinnig nie!'
en tot die bose:
'Verhef die horing nie!'
5 "Verhef julle horing nie daarbo
en praat nie met trots uitgerekte nek
nie."
6 Want nie van die opgang of van die
ondergang,
ook nie van die woestyn van berghoogtes
nie....
7 maar Elohim is regter:
Hy verneder die een en verhef die ander.
8 Want in die hand van יהוה is 'n beker,
en die wyn skuim;
dit is oorvloedig gemeng,
en Hy skink daaruit;

[m] Dit kan ook vasgestelde tyd of fees beteken.
[n] Sien vers 18; Jesh 52:5
[o] Sien vers 10; Jesh 52:5

© Kopiereg 2003-2010 Masada – Proeflees uitgawe

ja, al die bose mense van die aarde
moet die afsaksel daarvan opslurp,
uitdrink.
9 Maar ék sal vir ewig verkondig,
ek wil lofsing tot die Elohim van Jaäkoḇ.
10 En ek sal al die horings van die bose
mense stukkend breek;
die horings van die regverdige sal opgelig
word.

76 *Vir die musiekleier; met snaarinstrumente. ’n Lied van Asaf.*
In Jahuda is Elohim bekend,
Sy Naam is groot in Jisra’ĕl.
2 Ook het in Shalĕm[p] Sy tent verrys
en in Tsijon Sy woning.
3 Daar het Hy die blitspyle van die boog
verbreek,
die skild en swaard en oorlog. Sela.
4 U is glansryk ,
meer voortreflik as die roofberge.!
5 Die sterkes van hart is gestroop;
hulle het hul slaap geslaap,
en geeneen van die dapper mans het
hulle hande gevind nie.
6 Deur U dreiging, o Elohim van Jaäkoḇ,
het strydwa en perd saam bedwelmd
geword.
7 U, vreeslik is U,
en wie kan voor U aangesig bestaan
wanneer U toorn uitgebreek het?
8 Uit die hemel het U ’n oordeel laat hoor;
die aarde het gevrees en stil geword,
9 toe Elohim opgestaan het vir die
oordeel,
om al die ootmoediges van die land te
verlos. Sela.
10 Want die grimmigheid van die mens
moet U loof;
met die oorblyfsel van grimmighede gord
U Uself.
11 Maak geloftes aan יהוה julle Elohim en
betaal dit!
Laat almal wat rondom Hom is, geskenke
bring aan die Vreeslike,
12 wat die trots van die vorste wegsny,
vreeslik is vir die konings van die aarde.

[p] Jarushalajim se ou naam.

77 *Vir die musiekleier; op die wysie van: "Jedútun." ’n Lied van Asaf.*
My stem is tot Elohim en ek roep;
my stem is tot Elohim, en Hy het na my
geluister.
2 Op die dag van my benoudheid het ek
יהוה gesoek;
snags bly my hand uitgestrek sonder
ophou;
my wese het geweier om getroos te
word.
3 Ek het aan Elohim gedink, en ek het
gekreun;
ek het gekla, en my gees het flou
geword. Sela.
4 U het my ooglede oopgehou;
ek was te onrustig om te praat.
5 Ek het gedink oor die dae van die begin
van tyd, oor die jare lank gelde.
6 Ek dink aan my snarespel in die nag,
ek peins met my hart,
en my gees soek dingend.
7 Sou יהוה vir altyd verstoot
en nooit weer goedgunstig wees nie?
8 Het Sy guns vir altyd opgehou?
Het die belofte van geslag tot geslag
opgehou?
9 Het Ĕl vergeet om guns te bewys?
Het Hy in toorn Sy barmhartighede
toegesluit? Sela.
10 Toe het ek gesê: “Dit is my kommer:
dat die regterhand van die Allerhoogste
verander!”
11 Ek onthou die dade van Jah;
ek dink aan U wonders uit die begin van
tyd
12 en ek wil al U werk oordink,
en ek wil U dade bekend maak.
13 O Elohim, U weg is in om Kodesh te
wees.[q]
Wie is ’n groot Ĕl soos Elohim?
14 U is die Ĕl wat wonders doen;
U het U sterkte onder die volke bekend
gemaak.
15 U het U volk met ’n sterk arm verlos,
die kinders van Jaäkoḇ en van Josĕf.
Sela.

[q] Jesh 35:8

© Kopiereg 2003-2010 Masada – Proeflees uitgawe

16 Die waters het U gesien, o Elohim,
die waters het U gesien,
hulle het gebewe;
ja, die watervloede het gesidder.
17 Die wolke het water uitgegiet,
die hemele donder laat hoor,
ook het U pyle rondgeflits.
18 U rollende donder het weerklink;
weerlig het die wêreld verlig;
die aarde het gesidder en gebewe.
19 U weg was in die see
en U paaie in groot waters,
en U spore was nie bekend nie.
20 U het U volk soos 'n kudde gelei deur
die hand van Moshe en Aharon.

78 *'n Onderwysing van Asaf.*

My volk, luister na my Tora;
neig julle oor tot die woorde van my mond.
2 Ek wil my mond open met 'n spreuk,
raaisels van die begin van tyd uitter.
3 Wat ons gehoor het en weet en ons vaders ons vertel het,
4 sal ons nie verberg vir hulle kinders nie,
maar aan die volgende geslag vertel die roemryke dade van יהוה
en Sy mag en Sy wonders wat Hy gedoen het.
5 Hy tog het 'n getuienis opgerig in Jaäkoḇ en 'n Tora gegee in Jisra'ěl,
wat Hy ons vaders beveel het
om dit aan hulle kinders te leer,
6 sodat die volgende geslag dit kan weet,
die kinders wat gebore word,
dat hulle kan opstaan en vertel aan hulle kinders,
7 en hulle vertroue op Elohim kan stel
en die dade van Elohim nie vergeet nie,
maar Sy gebooie kan bewaar,
8 en nie word soos hulle vaders nie,
'n koppige en opstandige geslag,
'n geslag met 'n onvaste hart
en wie se gees nie trou was teenoor Elohim nie.
9 Die kinders van Efrajim, gewapende boogskutters,
het omgespring op die dag van oorlog.
10 Hulle het die verbond van Elohim nie gehou nie
en geweier om te wandel in Sy Tora.
11 En hulle het Sy dade vergeet
en Sy wonders wat Hy hulle laat sien het.
12 Voor hulle vaders het Hy wonders gedoen,
in die land Mitsrajim, die veld van Tsoan.
13 Hy het die see gekloof en hulle laat deurgaan
en die waters laat staan soos 'n wal.
14 En Hy het hulle bedags gelei met 'n wolk en die hele nag met 'n lig van vuur.
15 Hy het rotse gekloof in die woestyn en hulle oorvloedig laat drink soos uit watervloede.
16 En Hy het strome laat uitgaan uit die rots en die waters laat afloop soos riviere.
17 Nog het hulle voortgegaan om teen Hom te sondig,
om opstandig te wees teen die Allerhoogste in die dor land.
18 En hulle het Ěl versoek in hul hart deur voedsel te vra na hulle sin.
19 En hulle het teen Elohim gepraat.
Hulle het gesê: "Sal Ěl 'n tafel kan dek in die woestyn?
20 "Kyk, Hy het die rots geslaan, dat waters gevloei en spruite gestroom het-
sou Hy ook brood kan gee of vleis kan verskaf aan Sy volk?"
21 Daarom het יהוה gehoor en toornig geword,
en 'n vuur is aangesteek teen Jaäkoḇ,
en toorn het ook opgegaan teen Jisra'ěl;
22 omdat hulle nie in Elohim geglo
en op Sy hulp vertrou het nie.
23 En Hy het aan die wolke daarbo bevel gegee
en die deure van die hemel oopgemaak;
24 en Hy het manna op hulle laat reën om te eet
en koring van die hemel aan hulle gegee.
25 Mense het die brood van die magtiges geëet;
Hy het hulle padkos tot versadiging gestuur.
26 Hy het die oostewind laat uitbreek aan die hemel
en die suidewind deur Sy sterkte

© Kopiereg 2003-2010 Masada – Proeflees uitgawe

aangevoer;
[27] en Hy het vleis soos stof op hulle laat reën
en gevleuelde voëls soos sand aan die seë;
[28] en Hy het dit binne-in Sy laer laat val,
rondom Sy wonings.
[29] Toe het hulle geëet en ten volle versadig geword,
en hulle begeerte het Hy bevredig.
[30] Hulle was nie weg van hul begeerte nie,
hulle voedsel was nog in hulle mond,
[31] toe die toorn van Elohim teen hulle opgegaan het
en Hy 'n slagting onder hulle kragtige mans aangerig
en die jongmanne van Jisra'ěl neergevel het.
[32] Ondanks dit alles het hulle verder gesondig
en nie aan Sy wonders geglo nie.
[33] So het Hy dan hulle dae laat vergaan in nietigheid
en hulle jare in verskrikking.
[34] Elke keer wanneer Hy hulle gedood het,
het hulle na Hom gevra
en teruggekom en Ěl gesoek;
[35] en hulle het daaraan gedink dat Elohim hul rots was
en die Allerhoogste Ěl hul verlosser.
[36] En hulle het Hom met hul mond gevlei
en Hom met hul tong belieg;
[37] maar hulle hart het nie aan Hom vasgehou nie,
en hulle was nie trou in Sy verbond nie.
[38] Maar Hy is barmhartig,
Hy versoen die ongeregtigheid en verdelg nie,
en dikwels draai Hy Sy toorn af
en wek nie al Sy grimmigheid op nie.
[39] En Hy het daaraan gedink dat hulle vlees was,
'n wind wat weggaan en nie terugkom nie.
[40] Hoe dikwels was hulle opstandig teen Hom in die woestyn,
het hulle Hom gegrief in die wildernis;
[41] en hulle het Ěl keer op keer versoek
en die Kodesh Een van Jisra'ěl getart.
[42] Hulle het nie aan Sy hand gedink,
aan die dag toe Hy hulle van die teëstander verlos het nie;
[43] toe Hy Sy tekens gedoen het in Mitsrajim
en Sy wonders in die veld van Tsoan.
[44] En Hy het hulle riviere en hulle strome in bloed verander,
sodat hulle nie kon drink nie.
[45] Hy het onder hulle steekvlieë gestuur wat hulle verteer het,
en paddas wat verwoesting oor hulle gebring het.
[46] En Hy het hulle opbrengs aan die kaalvreter gegee
en die vrug van hulle werk aan die treksprinkaan.
[47] Hy het hulle wingerdstok deur die hael vernietig
en hulle wildevyeboom deur ryp.
[48] Ook het Hy hulle diere aan die hael oorgegee
en hulle vee aan die weerlig.
[49] Hy het die gloed van Sy toorn onder hulle gestuur,
grimmigheid en woede en benoudheid,
'n uitsending van teëspoedbodes.
[50] Hy het 'n pad vir Sy toorn gebaan,
hulle wese nie gered van die dood nie,
maar hulle lewe aan die pes oorgegee.
[51] En Hy het al die eersgeborenes in Mitsrajim getref,
die eerstelinge van hul krag in die tente van Gam.
[52] Maar Hy het Sy volk laat wegtrek soos skape
en hulle gelei soos 'n kudde in die woestyn.
[53] Ja, Hy het hulle veilig gelei,
sodat hulle nie gevrees het nie;
maar die see het hulle vyande oordek.
[54] En Hy het hulle gebring na Sy kodesh grondgebied,
na die bergland wat Sy regterhand verwerf het.
[55] En Hy het nasies voor hulle uit verdryf
en aan hulle 'n afgemete erfdeel

© Kopiereg 2003-2010 Masada – Proeflees uitgawe

toegeken,
en Hy het die stamme van Jisra'ěl in hulle tente laat woon.
[56] Maar hulle het Hom versoek
en was opstandig teen die Allerhoogste Ěl,
en hulle het Sy getuienisse nie bewaar nie.
[57] En hulle was afvallig
en het troueloos gehandel soos hul vaders;
hulle het omgedraai soos 'n bedrieglike boog.
[58] En hulle het Hom getart deur hul hoogtes
en deur hul gesnede beelde Sy jaloesie gewek.
[59] Elohim het dit gehoor en toornig geword,
en Hy het Jisra'ěl heeltemal verwerp.
[60] En Hy het die tabernakel in Silo prysgegee,
die tent wat Hy opgeslaan het onder die mense.
[61] En Hy het Sy sterkte oorgegee in gevangenskap en Sy glans in die hand van die teëstander.
[62] En Hy het Sy volk oorgelewer aan die swaard
en toornig geword op Sy erfdeel.
[63] Die vuur het hulle jongmanne verteer,
en hulle jongdogters is nie geprys nie.
[64] Hulle priesters het deur die swaard geval,
en hulle weduwees het nie gehuil nie.
[65] Toe het יהוה wakker geword soos een wat slaap,
soos 'n held wat skree deur wyn;
[66] en Hy het Sy teëstanders van agter geslaan,
Hy het hulle 'n ewige vernedering aangedoen.
[67] En Hy het die tent van Josěf verwerp,
en die stam van Efrajim het Hy nie gekies nie,
[68] maar die stam van Jahuda gekies,
die berg Tsijon wat Hy liefhet.
[69] En Hy het Sy kodesh plek soos hemelhoogtes gebou,
soos die aarde wat Hy vir ewig gegrondves het.
[70] En Hy het Sy dienaar Dawid gekies
en hom van die skaapkrale af geneem.
[71] Agter die lammerooie het Hy hom gaan weghaal,
om Jaäkoḇ, Sy volk, op te pas
en Jisra'ěl, Sy erfdeel.
[72] En hy het hulle opgepas
na die opregtheid van sy hart
en hulle gelei met die verstandige oorleg van sy hande.

79 *'n Lied van Asaf*.

O Elohim, heidene het gekom in U erfdeel,
hulle het U kodesh tempel verontreinig,
Jarushalajim tot puinhope gemaak.
[2] Hulle het die lyke van U dienaars aan die voëls van die hemel as kos gegee,
die vlees van U gunsgenote aan die wilde diere van die land.
[3] Hulle het húlle bloed rondom Jarushalajim soos water uitgegiet
sonder dat iemand hulle begrawe.
[4] Ons het vir ons bure 'n belediging geword,
'n spot en beskimping vir die wat rondom ons is.
[5] Hoe lank, יהוה,
sal U vir ewig toornig wees,
sal U ywer brand soos 'n vuur?
[6] Stort U grimmigheid uit oor die heidene wat U nie ken nie,
en oor die koninkryke wat U Naam nie aanroep nie.
[7] Want hulle het Jaäkoḇ verteer
en sy woning verwoes.
[8] Reken ons die ongeregtighede van die voorvaders nie toe nie;
laat U barmhartigheid ons gou ontmoet,
want ons is baie swak.
[9] Help ons, o Elohim van ons verlossing,
om die aansien van U Naam,
en red ons en bedek ons sondes ter wille van U Naam.
[10] Waarom sou die heidene sê:
"Waar is hulle Elohim?"
Laat die wraak oor die vergote bloed van U dienaars voor ons oë onder die

© Kopiereg 2003-2010 Masada – Proeflees uitgawe

heidene bekend word.
[11] Laat die gesug van die gevangene voor
U aangesig kom;
laat die kinders van die dood oorbly na
die grootheid van U arm.
[12] En vergeld ons bure sewevoudig in
hulle skoot die vernedering
waarmee hulle U, o יהוה, verneder het.
[13] En ons, U volk en die skape van U
weiding,
ons sal U vir ewig loof,
van geslag tot geslag sal ons U lof vertel.

80 *Vir die musiekleier; op die wysie van: "Lelies". 'n Getuienis. Van Asaf.*
Luister tog o Herder van Jisra'ěl;
U wat Josěf soos skape lei,
wat bo-oor die kérubs troon, verskyn in
ligglans!
[2] Wek U mag op voor Efrajim en Binjamin
en Manashshe,
en kom red ons!
[3] Elohim, herstel ons,
en laat U aangesig skyn,
sodat ons verlos kan word!
[4] יהוה, Elohim van die leërskare,
hoe lank nog rook U toorn by die gebed
van U volk?
[5] U het hulle brood van trane laat eet,
hulle trane drievoudig laat drink.
[6] U het ons 'n voorwerp van stryd
gemaak vir ons bure,
en ons vyande dryf die spot.
[7] Elohim van die leërskare, herstel ons,
en laat U aangesig skyn,
sodat ons verlos kan word!
[8] 'n Wingerdstok het U uitgetrek uit
Mitsrajim;
U het die nasies uitgedryf
en hom geplant.
[9] U het voor hom plek gemaak,
en hy het wortels geskiet
en die land gevul.
[10] Die berge was oordek met sy
skaduwee,
en met sy ranke die magtige seders.
[11] Hy het sy ranke uitgebrei tot by die
see en sy lote na die Rivier toe.
[12] Waarom het U sy mure stukkend
gebreek,
sodat almal wat met die pad verbygaan,
hom kaalpluk?
[13] Die wildevark uit die bos eet hom op,
en wat roer op die veld, wei hom af.
[14] Ons smeek U, o Elohim van die
leërskare, kom tog terug;
aanskou uit die hemel en kyk,
en gee ag op hierdie wingerd;
[15] en die wingerdstok wat U regterhand
geplant het,
en oor die seun wat U vir Uself
grootgemaak het.
[16] Hy is met vuur verbrand,
hy is afgekap;
weens die dreiging van U gesig kom hulle
om.
[17] Laat U hand wees oor die man van U
regterhand,
oor die seun van Adam wat U vir Uself
grootgemaak het.
[18] Dan sal ons nie van U afwyk nie;
hou ons in die lewe,
dan sal ons U Naam aanroep.
[19] יהוה, Elohim van die leërskare, herstel
ons;
laat U aangesig skyn,
sodat ons verlos kan word!

81 *Vir die musiekleier; op die Gittiet.
'n Lied van Asaf.*
Jubel tot Elohim, ons sterkte!
Juig tot die Elohim van Jaäkoḇ!
[2] Hef aan 'n lied en laat die tamboeryn
klink,
die lieflike lier saam met die harp.
[3] Blaas die ramshoring op nuwemaan,
op volmaan vir ons feesdag.
[4] Want dit is 'n wet vir Jisra'ěl,
'n regsreëling van die Elohim van Jaäkoḇ.
[5] Hy het dit ingestel as getuienis in Josěf
toe Hy uitgetrek het teen die land van
Mitsrajim.
'n Taal wat ek nie geken het nie, het ek
gehoor:
[6] "Ek het sy skouer bevry van die las,
sy hande het die mandjie gelos.
[7] "In die nood het jy geroep, en Ek het
jou gered;
Ek het jou geantwoord in die skuilplek
van die donder;

© Kopiereg 2003-2010 Masada – Proeflees uitgawe

Ek het jou getoets by die waters van Meriḇa. Sela.
[8] "Hoor, My volk, en Ek wil jou dit inskerp;
Jisra'ěl, indien jy tog na My wou luister!
[9] "Daar mag by jou geen vreemde elohim wees nie,
en voor 'n uitlandse elohim mag jy jou nie neerbuig nie.
[10] "Ek is יהוה jou Elohim wat jou laat optrek het uit die land van Mitsrajim;
maak jou mond wyd oop, dat Ek dit kan vul.
[11] "Maar My volk het nie na My stem geluister nie,
en Jisra'ěl was vir My nie gewillig nie.
[12] "En Ek het hulle oorgegee aan die hardheid van hul hart,
dat hulle in hul eie planne kon wandel.
[13] "Ag, indien My volk maar na My wou luister,
Jisra'ěl in My weë wou wandel!
[14] "Gou sou Ek hul vyande onderwerp
en My hand teen hul teëstanders uitstrek.
[15] "Die haters van יהוה sou kruipende na Hom toe kom;
maar húlle tyd sou vir ewig wees.
[16] "Ja, Hy sou hulle voed met die beste van die koring;
en met heuning uit die rots sou Ek jou versadig."

82 *'n Lied van Asaf.*

Ěl staan in die vergadering van die elohim;
Hy oordeel te midde van die elohim.
[2] Hoe lank sal julle onregverdig oordeel
en partydig wees vir die bose mense? Sela.
[3] Doen reg aan die swakke en die wees;
gee aan die ellendige en die arme sy reg.
[4] Red die swakke en behoeftige,
bevry hulle uit die hand van die bose mense.
[5] Hulle weet nie en verstaan nie;
hulle loop rond in duisternis.
Al die fondamente van die aarde wankel.
[6] Ek self het gesê: "Julle is elohim,
en julle is almal seuns van die Allerhoogste.
[7] "Nogtans sal julle sterf soos mense,
en soos een van die vorste sal julle val."
[8] Staan op, o Elohim, oordeel die aarde!
Want U het erfbesit van al die nasies.

83 *'n Lied van Asaf.*

O Elohim, hou U nie stil nie,
swyg nie en rus nie, o Ěl!
[2] Want kyk, U vyande maak rumoer,
en U haters lig die hoof op.
[3] Teen U volk smee hulle listig 'n plan
en hou onder mekaar raad teen U beskermdes.
[4] Hulle sê: "Kom, laat ons hulle vernietig,
dat hulle geen volk meer is nie,
sodat die naam van Jisra'ěl nie meer onthou word nie."
[5] Want hulle het van harte saam raad gehou;
teen U sluit hulle 'n verbond:
[6] die tente van Edom en die Jisma'ëliete,
Moab en die Hagareners,
[7] Geḇal en Ammon, en Amaleḵ, Paleshet
saam met die inwoners van Tsor.
[8] Ook het Ashshur by hulle aangesluit;
hulle is 'n arm vir die kinders van Lot.
Sela.
[9] Maak met hulle soos met Mídjan,
soos met Sísera,
soos met Jaḇin by die spruit Kison:
[10] hulle is verdelg by Ěndor, hulle het mis geword vir die grond.
[11] Maak hulle, hul edeles, soos Oreḇ en Se'eḇ,
en al hulle vorste soos Seḇa en Salmúna,
[12] wat sê: "Laat ons die wonings van Elohim vir ons in besit neem!"
[13] My Elohim, maak hulle soos strooi,
soos stoppels voor die wind.
[14] Soos vuur wat 'n bos verbrand,
en soos die vlam wat berge aan die brand steek-
[15] vervolg hulle só met U storm
en verskrik hulle met U stormwind.
[16] Oordek hulle aangesig met skande, dat hulle U Naam kan soek[r], o יהוה!
[17] Laat hulle beskaamd staan en verskrik

[r] 44:21-22; 74:18; Jesh 52:5 Jer 23:26-27

© Kopiereg 2003-2010 Masada – Proeflees uitgawe

wees vir ewig,
en laat hulle rooi van skaamte word en omkom;
18 sodat hulle kan weet dat U,
wie se Naam יהוה is,
alleen die Allerhoogste is oor die hele aarde.

84 *Vir die musiekleier; op die Gittiet. Van die kinders van Korag. ’n Lied.*

Hoe lieflik is U wonings,
o יהוה van die leërskare!
2 My wese verlang, ja, smag na die voorhowe van יהוה;
my hart en my vlees jubel uit tot die lewende Ěl.
3 Selfs vind die mossie ’n huis en die swaeltjie ’n nes vir haar,
waar sy haar kleintjies neerlê –
U altare, יהוה van die leërskare,
my Koning en my Elohim!
4 Geseënd is hulle wat woon in U huis;
hulle prys U gedurig. Sela.
5 Geseënd is die mens wie se sterkte in U is,
in wie se hart die gebaande weë is.
6 Wanneer hulle deur die Vallei van Baka[s] trek,
maak hulle dit ’n fonteinland;
ook oordek die vroeë reën dit met seëninge.
7 Hulle gaan van krag tot krag;
elkeen van hulle sal verskyn voor Elohim in Tsijon.
8 יהוה, Elohim van die leërskare, hoor my gebed;
luister tog, o Elohim van Jaäkoḇ! Sela.
9 O Elohim, ons skild,
kyk en aanskou die aangesig van U gesalfde.
10 Want ’n dag in U voorhowe is beter as duisend;
ek wil liewer by die drumpel staan in die huis van my Elohim
as om te woon in die tente van boosheid.
11 Want יהוה Elohim is ’n son en skild;
יהוה sal guns en agting gee;
Hy sal die goeie nie weerhou van die wat in opregtheid wandel nie.
12 יהוה van die leërskare,
geseënd is die mens wat op U vertrou!

85 *Vir die musiekleier. Van die kinders van Korag. ’n Lied.*

יהוה, U vind vreugde in U land;
die lot van Jaäkoḇ het U verander.
2 U het die ongeregtigheid van U volk weggeneem,
al hulle sonde bedek. Sela.
3 U het al U grimmigheid teruggetrek,
U het U van die gloed van U toorn weggedraai.
4 Herstel ons, o Elohim van ons verlossing,
en laat U grimmigheid teen ons ophou!
5 Sal U vir ewig teen ons toornig wees,
U toorn laat duur van geslag tot geslag?
6 Sal U ons nie weer lewend maak,
sodat U volk in U bly kan wees nie?
7 Laat ons U guns sien, o יהוה,
en gee ons U verlossing!
8 Ek wil hoor wat Ěl יהוה sê.
Ja, Hy praat vrede vir Sy volk
en vir Sy gunsgenote;
maar laat hulle nie tot dwaasheid terugkeer nie!
9 Verseker, Sy verlossing is naby die wat Hom vrees,
sodat aansien in ons land kan woon.
10 Guns en trou ontmoet mekaar;
geregtigheid en vrede kus mekaar.
11 Trou spruit uit die aarde
en geregtigheid kyk uit die hemel neer.
12 Ook gee יהוה die goeie, en ons land lewer sy opbrengs.
13 Geregtigheid gaan voor Hom uit,
en dit let op die weg van Sy voetstappe.

86 *’n Gebed van Dawid.*

יהוה, neig U oor, verhoor my,
want ek is ellendig en behoeftig.
2 Bewaar my wese, want ek is toegewy;
U is my Elohim,
Verlos U dienaar wat op U vertrou.
3 Bewys my guns, o יהוה,
want ek roep U aan die hele dag deur.
4 Verbly die wese van U dienaar,
want tot U, o יהוה, hef ek my wese op.

[s] Vallei van Trane

© Kopiereg 2003-2010 Masada – Proeflees uitgawe

[5] Want U, o יהוה, is goed en gereed om te vergewe
en groot van guns vir almal wat U aanroep.
[6] יהוה, luister na my gebed
en let op die stem van my smekinge.
[7] In die dag van my benoudheid roep ek U aan,
want U antwoord my.
[8] Daar is niemand soos U, יהוה, onder die elohim,
en daar is niks soos U werke nie.
[9] Al die nasies wat U gemaak het,
sal kom en hulle voor U aangesig neerbuig, יהוה,
en hulle sal U Naam ag;
[10] want U is groot en doen wonders,
U alleen is Elohim.
[11] Leer my, יהוה, U weg:
ek sal in U waarheid wandel;
verenig my hart tot die vrees van U Naam.
[12] יהוה, my Elohim, ek wil U loof met my hele hart
en U Naam vir ewig ag;
[13] want U guns is groot oor my,
en U het my wese uit die doderyk diep daaronder gered.
[14] o Elohim, vermeteles het teen my opgestaan,
en 'n bende tiranne soek my lewe;
en hulle stel U nie voor hul oë nie.
[15] Maar U, יהוה,
is 'n barmhartige Ěl en bewys guns,
geduldig en groot van guns en trou.
[16] Draai U tot my en bewys my guns!
Gee U sterkte aan U dienaar
en verlos die seun van U dienares.
[17] Wys aan my 'n teken ten goede,
sodat my haters dit sien en beskaamd kan staan,
omdat U, o יהוה, my gehelp en getroos het.

87 *Van die kinders van Korag. 'n Lied.*

Sy grondvesting is op kodesh berge.
[2] יהוה het die poorte van Tsijon lief bo al die wonings van Jaäkoḇ.
[3] Glansryke dinge word van u gesê,
o stad van Elohim! Sela.
[4] "Ek wil Rahaḇ en Baḇel vermeld onder hulle wat My ken;
kyk, Paleshet en Tsor saam met Kush -
'hierdie een is daar gebore.'"
[5] En van Tsijon sal gesê word:
"Man vir man is daarin gebore,
en Hy, die Allerhoogste, hou dit in stand."
[6] יהוה sal tel as Hy die volke opskryf:
"Hierdie een is daar gebore." Sela.
[7] En die wat sing sowel as die wat vrolik is, sê:
"Al my fonteine is in jou!"

88 *'n Lied van die kinders van Korag, Vir die musiekleier; op die wysie van: "Máḥalat leannot." 'n Onderwysing van Heman, die Esrahiet.*

יהוה, Elohim van my verlossing,
bedags roep ek,
in die nag is dit voor U.
[2] Laat my gebed voor U kom,
neig U oor tot my smeking.
[3] Want my wese is vol van teëspoede,
en my lewe raak aan die doderyk.
[4] Ek word gereken by die wat in die kuil neerdaal;
ek het geword soos 'n man sonder krag,
[5] vrygelaat onder die dooies,
soos die wat verslaan is en in die graf lê,
aan wie U nie meer dink nie,
en wat afgesny is van U hand.
[6] U het my in die diepste kuil gesit,
in duisternisse, in dieptes.
[7] U grimmigheid rus op my,
en U druk my neer met al U golwe. Sela.
[8] U het my bekendes ver van my verwyder,
my iets afskuweliks gemaak vir hulle;
ek is ingesluit en kan nie uitkom nie.
[9] My oog vergaan van ellende.
יהוה, ek roep U aan die hele dag deur,
ek strek my hande na U uit.
[10] Sal U aan die dooies 'n wonder doen?
Of sal skimme opstaan om U te loof? Sela.
[11] Word U guns in die graf vertel?
U trou in die plek van vernietiging?
[12] Word U wondermag in die duisternis bekend?
En U geregtigheid in die land van

© Kopiereg 2003-2010 Masada – Proeflees uitgawe

vergetelheid?
13 Maar ék, יהוה, roep U aan om hulp,
en in die môre kom my gebed U tegemoet.
14 יהוה, waarom verstoot U my?
Waarom verberg U U aangesig vir my?
15 Van jongs af is ek ellendig en klaar om te sterf;
ek dra U verskrikkinge,
ek is radeloos.
16 U toorngloed het oor my gegaan;
U verskrikkinge vernietig my;
17 die hele dag omring hulle my soos water,
saam omsingel hulle my.
18 U het vriend en metgesel ver van my verwyder;
my bekende is duisternis.

89 *'n Onderwysing van Etan, die Esrahiet*.

Die goedertierenhede van יהוה wil ek vir ewig besing;
ek wil U trou bekend maak met my mond van geslag tot geslag.
2 Want ek het gesê: "Guns sal vir ewig gebou word;
in die hemele, daar bevestig U U trou."
3 "Ek het 'n verbond gesluit met My verkorene,
met 'n eed aan Dawid, My dienaar, belowe:
4 'Tot in ewigheid sal Ek jou nageslag bevestig
en jou troon opbou van geslag tot geslag.'" Sela.
5 En die hemele loof U wondermag, o יהוה,
ook U trou in die vergadering van die kodeshim.
6 Want wie kan in die hemel met יהוה vergelyk word?
Wie is soos יהוה onder die seuns van die elohim?
7 Ěl is grootliks gedug in die raad van die kodeshim
en vreeslik bo almal wat rondom Hom is.
8 O יהוה, Elohim van die leërskare,
wie is magtig soos U, o Jah?
En U trou is rondom U!
9 U regeer oor die trotsheid van die see;
wanneer sy golwe hulle verhef,
bring U hulle tot bedaring.
10 U het Rahaḇ verbrysel soos een wat verslaan is,
met U sterke arm U vyande verstrooi.
11 Aan U behoort die hemel,
aan U ook die aarde;
die wêreld en sy volheid.
U het dit gegrond.
12 Die noorde en die suide,
U het dit geskep;
Taḇor en Ḥermon jubel in U Naam.
13 U het 'n arm met mag;
U hand is sterk,
U regterhand verhewe.
14 Geregtigheid en reg is die grondslag van U troon;
guns en trou gaan voor U aangesig uit.
15 Geseënd is die volk wat die trompetgeklank ken;
o יהוה, hulle wandel in die lig van U aangesig.
16 In U Naam juig hulle die hele dag,
en deur U geregtigheid word hulle verhef.
17 Want U is hulle magtige sieraad,
en deur U welbehae word ons horing verhef.
18 Want aan יהוה behoort ons skild,
en ons Koning is die Kodesh Een van Jisra'ěl.
19 Toe het U in 'n gesig gepraat met U gunsgenoot
en gesê: "Ek het hulp verleen aan 'n held,
'n verkorene uit die volk verhef.
20 "Ek het Dawid, My dienaar, gevind,
met My kodesh olie hom gesalf,
21 "Met wie My hand bestendig sal wees;
ook sal My arm hom versterk.
22 Die vyand sal hom nie oorval en die kwaaddoener hom nie verdruk nie;
23 "Maar Ek sal sy teëstanders voor hom weg verpletter;
en die wat hom haat, sal Ek verslaan.
24 "En My trou en My guns sal met hom wees,
en deur My Naam sal sy horing verhef word.

© Kopiereg 2003-2010 Masada – Proeflees uitgawe

25 "En Ek sal sy hand lê op die see
en sy regterhand op die riviere.
26 "Hy is dit wat My sal noem: 'U is my Vader,
my Ěl en die rots van my verlossing!'
27 "Ja, Ék sal hom 'n eersgeborene maak,
die hoogste onder die konings van die aarde.
28 "Vir ewig sal Ek My guns vir hom bewaar,
en My verbond bly vir hom vas.
29 "En Ek sal sy nageslag vir ewig laat duur
en sy troon soos die dae van die hemel.
30 "Indien sy kinders My Tora verlaat en
in My regte nie wandel nie;
31 "Indien hulle My wette verbreek en My gebooie nie hou nie,
32 "Dan sal Ek hulle oortreding met die roede besoek
en met plae hulle ongeregtigheid.
33 "Maar My guns sal Ek van hom nie wegneem
en My trou nie verbreek nie.
34 "Ek sal My verbond nie verbreek nie,
en wat oor My lippe gegaan het,
sal Ek nie verander nie.
35 "Een maal het Ek gesweer by My afgesonderheid:
Waarlik, Ek sal vir Dawid nie lieg nie!
36 "Sy nageslag sal vir ewig wees
en sy troon soos die son voor My.
37 "Soos die maan sal hy vir ewig vasstaan,
en die getuie in die hemel is getrou." Sela.
38 Maar U het self verstoot en verag,
U het toornig geword teen U gesalfde.
39 U het die verbond van U dienaar tot niet gemaak,
U het sy kroon verbreek teen die grond.
40 U het al sy mure stukkend gebreek,
sy vestings 'n puinhoop gemaak.
41 Almal wat met die pad verbygaan, het hom beroof;
vir sy bure het hy 'n vernedering geword.
42 U het die regterhand van sy teëstanders verhef,
al sy vyande bly gemaak.
43 Ook het U die skerpte van sy swaard laat omdraai en hom nie laat standhou in die geveg nie.
44 U het aan hom sy glans onttrek en sy troon teen die grond neergewerp.
45 U het die dae van sy jeug verkort,
hom met skaamte oordek. Sela.
46 Hoe lank sal U, o יהוה, Uself vir altyd verberg,
sal U grimmigheid brand soos 'n vuur?
47 Dink van watter lewensduur ek is,
tot watter nietigheid U al die mensekinders geskep het!
48 Watter mens leef daar wat die dood nie sal sien nie,
wat sy lewe sal kan red uit die mag van die doderyk? Sela.
49 יהוה, waar is U vorige gunste
wat U aan Dawid met 'n eed beloof het in U trou?
50 Dink, יהוה, die bespotting van U dienaars,
hoe ek in my boesem dra die bespotting van al die baie volke,
51 waarmee U vyande, o יהוה, spot,
waarmee hulle die voetstappe van U gesalfde spot.
52 Geseënd is יהוה vir ewig!
Ômĕn, ja Ômĕn.

90 *'n Gebed van Moshe, die man van Elohim.*

יהוה, U was vir ons 'n toevlug van geslag tot geslag.
2 Voordat die berge gebore was en U die aarde en die wêreld voortgebring het,
ja, van ewigheid tot ewigheid is U Ěl.
3 U laat die mens terugkeer tot stof
en sê: "Keer terug, o mensekinders!"
4 Want duisend jaar is in U oë soos die dag van gister wat verbyskiet,
en soos 'n nagwaak.
5 U het hulle weggespoel;
hulle word 'n slaap;
hulle is soos die gras wat weer in die môre uitspruit:
6 in die môre bloei dit en spruit weer uit;
in die aand sny 'n mens dit af,
en dit verdor.
7 Want ons vergaan deur U toorn,

© Kopiereg 2003-2010 Masada – Proeflees uitgawe

en deur U grimmigheid word ons verskrik.
[8] U stel ons ongeregtighede voor U,
ons verborge sondes in die lig van U aangesig.
[9] Want al ons dae gaan verby deur U grimmigheid,
ons bring ons jare deur soos 'n gedagte.
[10] Die dae van ons jare is sewentig jaar,
of indien ons baie sterk is, tagtig jaar;
en die uitnemendste daarvan is moeite en verdriet;
want gou gaan dit verby,
en ons vlieg daarheen.
[11] Wie ken die sterkte van U toorn
en U grimmigheid, ooreenkomstig die vrees wat aan U verskuldig is?
[12] Leer ons om ons dae so te tel dat ons 'n wyse hart mag bekom!
[13] Keer terug, יהוה! Tot hoe lank?
En ontferm U oor U dienaars.
[14] Versadig ons in die môre met U guns,
sodat ons kan jubel en bly wees in al ons dae.
[15] Maak ons bly na die dae waarin U ons verdruk het,
na die jare waarin ons teëspoed gesien het.
[16] Laat U werk vir U dienaars sigbaar word
en U glans oor hulle kinders.
[17] En laat die lieflikheid van יהוה ons Elohim oor ons wees,
en bevestig die werk van ons hande oor ons,
ja, die werk van ons hande, bevestig dit!

91 Hy wat in die skuilplek van die Allerhoogste sit,
sal vernag in die skaduwee van die Almagtige.
[2] Ek sal aan יהוה sê: "My toevlug en my bergvesting,
my Elohim op wie ek vertrou."
[3] Want dit is Hy wat jou sal red uit die net van die voëlvanger,
van die verderflike pes.
[4] Hy sal jou dek met Sy vlerke,
en onder Sy vleuels sal jy skuil;
Sy trou is 'n skild en pantser.
[5] Jy hoef nie te vrees vir die skrik van die nag,
vir die pyl wat bedags vlieg nie,
[6] vir die pes wat in die donker wandel,
vir die siekte wat op die middag verwoes nie!
[7] Al val daar duisend aan jou sy
en tien duisend aan jou regterhand,
dit sal nie naby jou kom nie.
[8] Net met jou oë sal jy dit aanskou
en die vergelding van die bose sien.
[9] Want U, יהוה, is my toevlug.
Die Allerhoogste het jy jou woonplek gemaak.
[10] Geen teëspoed sal jou tref
en geen plaag naby jou tent kom nie;
[11] want Hy sal Sy boodskappers aangaande jou beveel om jou te bewaar op al jou weë.
[12] Hulle sal jou op die hande dra,
sodat jy jou voet teen geen klip stamp nie.
[13] Op die leeu en die adder sal jy trap,
die jong leeu en die slang vertrap.
[14] "Omdat hy My liefhet, daarom sal Ek hom red;
Ek sal hom beskerm, omdat hy My Naam ken.
[15] "Hy sal My aanroep, en Ek sal hom verhoor;
in die nood sal Ek by hom wees;
Ek sal hom verlos en aansien aan hom gee.
[16] "Met lengte van dae sal Ek hom versadig,
en Ek sal hom My verlossing laat sien."

92 *'n Lied vir die Sabbat.*
Dit is goed om יהוה te dank
en lofprysing tot U Naam te sing,
o Allerhoogste,
[2] om in die môre U guns te verkondig
en U getrouheid elke nag;
[3] op die tiensnarige instrument en op die harp, met snarespel op die lier.
[4] Want U het my bly gemaak deur U dade, יהוה;
ek jubel oor die werke van U hande.
[5] O יהוה, hoe groot is U werke;
baie diep is U gedagtes!

© Kopiereg 2003-2010 Masada – Proeflees uitgawe

[6] ’n Dom mens weet nie,
en ’n dwaas verstaan dit nie:
[7] wanneer die bose mense groei soos die plante
en al die werkers van ongeregtigheid bloei,
is dit om hulle vir ewig te verdelg.
[8] Maar U is hoog verhewe tot in ewigheid, יהוה!
[9] Want kyk, U vyande, o יהוה, want kyk, U vyande sal vergaan;
al die werkers van ongeregtigheid sal verstrooi word.
[10] Maar U verhoog my horing soos van ’n buffel;
ek is met vars olie gesalf.
[11] En my oog sien met welgevalle neer op die wat my voorlê, my ore hoor van die wat teen my as kwaaddoeners opstaan.
[12] Die regverdige sal groei soos ’n palmboom;
hy sal opgroei soos ’n seder op Leḇanon.
[13] Geplant in die huis van יהוה,
sal hulle groei in die voorhowe van ons Elohim.
[14] In die gryse ouderdom sal hulle nog vrugte dra,
hulle sal vet en groen wees,
[15] om te verkondig dat יהוה reg is,
my rots, en in Hom is geen onreg nie.

93 יהוה is Koning;
Hy is met grootheid beklee.
יהוה beklee Hom met sterkte,
Hy omgord Homself.
Ook staan die wêreld vas, sodat dit nie wankel nie.
[2] Vas staan U troon van ouds af;
van ewigheid af is U.
[3] Die riviere, o יהוה, het verhef,
die riviere het hulle gebruis verhef;
die riviere verhef hulle geraas!
[4] יהוה in die hoogte is magtiger as die gebruis van groot, geweldige waters,
van die golwe van die see!
[5] U getuienisse is baie betroubaar.
Om kodesh te wees pas by U huis, יהוה,
tot in lengte van dae!

94 Ěl van wraak, o יהוה,
Ěl van wraak, verskyn in ligglans!
[2] Verhef U, o regter van die aarde,
vergeld die trotsaards hulle dade!
[3] Hoe lank sal die bose,
o יהוה, hoe lank sal die bose jubel?
[4] Hulle smaal, hulle praat onbeskaamd,
al die werkers van ongeregtigheid verhef hulle.
[5] O יהוה, hulle verbrysel U volk,
en hulle verdruk U erfdeel.
[6] Hulle maak die weduwee en die vreemdeling dood en vermoor die vaderloses
[7] en sê: “יהוה sien dit nie, en die Elohim van Jaäkoḇ merk dit nie.”
[8] Let op, o onverstandiges onder die volk,
en julle dwase, wanneer sal julle verstandig word?
[9] Sou Hy wat die oor plant, nie hoor nie,
of Hy wat die oog formeer, nie sien nie?
[10] Sou Hy wat die nasies tugtig, nie straf nie,
Hy wat die mens kennis leer?
[11] יהוה ken die gedagtes van die mense-
dat hulle nietigheid is.
[12] Geseënd is die man, o יהוה,
wat U onderrig en wat U leer uit U Tora,
[13] om hom rus te gee van die dae van teëspoed, totdat die kuil vir die bose gegrawe word.
[14] Want יהוה sal Sy volk nie verwerp
en sal Sy erfdeel nie verlaat nie;
[15] want die regspraak sal terugkeer tot geregtigheid,
en al die opregtes van hart sal dit volg.
[16] Wie sal vir my optree teen die kwaaddoeners?
Wie sal my bystaan teen die werkers van ongeregtigheid?
[17] Indien יהוה vir my nie ’n hulp was nie,
dan het my wese gou in die stilte gewoon.
[18] Wanneer ek dink: “My voet wankel”,
dan ondersteun U guns my, o יהוה!
[19] Wanneer my gedagtes binne my vermeerder,
dan verkwik U vertroostinge my wese.
[20] Het die regterstoel wat teëspoed stig,
wat moeite versin teen die wette in,

© Kopiereg 2003-2010 Masada – Proeflees uitgawe

met U gemeenskap?
21 Hulle bestorm die lewe van die
regverdige en veroordeel onskuldige
bloed.
22 Maar יהוה is my rotsvesting,
en my Elohim die rots van my toevlug.
23 En Hy laat hulle ongeregtigheid op
hulle terugkeer en verdelg hulle in hul
boosheid;
יהוה ons Elohim verdelg hulle.

95 Kom, laat ons jubel tot יהוה, laat
ons juig tot die Rots van ons verlossing!
2 Laat ons Sy aangesig tegemoetgaan
met danksegging,
met lofsange Hom toejuig!
3 Want יהוה is ’n groot Ěl,
ja, ’n groot Koning bo al die elohim.
4 In wie se hand die diepste plekke van
die aarde is,
en die toppe van die berge is Syne.
5 Aan wie die see behoort wat Hy self
gemaak het,
en die droë land wat Sy hande gevorm
het.
6 Kom, laat ons aanbid en neerbuig;
laat ons kniel voor יהוה wat ons gemaak
het.
7 Want Hy is ons Elohim,
en ons is die volk van Sy weiding
en die skape van Sy hand.
Ag, as julle vandag maar na Sy stem wou
luister!
8 “Verhard julle hart nie soos by Mériḇa,
soos op die dag van Massa in die
woestyn nie;
9 “Waar julle vaders My versoek het,
My beproef het, alhoewel hulle My werk
gesien het.
10 “Veertig jaar het Ek ’n afkeer gehad
van hierdie geslag en gesê:
‘Hulle is ’n volk met ’n dwalende hart,
en hulle ken My weë nie;’
11 “Sodat Ek in My toorn gesweer het:
‘Waarlik, hulle sal in My rus nie ingaan
nie!’”

96 Sing tot יהוה ’n nuwe lied;
sing voor יהוה, o ganse aarde!
2 Sing tot יהוה, loof Sy Naam,
verkondig Sy verlossing van dag tot dag.
3 Vertel onder die nasies Sy aansien,
onder al die volke Sy wonders.
4 Want יהוה is groot en baie lofwaardig;
Hy is gedug bo al die elohim.
5 Want al die elohim van die volke is
idole,
maar יהוה het die hemele gemaak.
6 Majesteit en glans is voor Sy aangesig,
sterkte en sieraad in sy kodesh plek.
7 Gee aan יהוה, o geslagte van die volke,
gee aan יהוה aansien en sterkte.
8 Gee aan יהוה die aansien van Sy Naam,
bring offers en kom in Sy voorhowe.
9 Aanbid יהוה in kodesh gewaad;
bewe voor Sy aangesig, o ganse aarde!
10 Sê onder die volke: “יהוה is Koning!
Ook staan die wêreld vas, sodat dit nie
wankel nie.
Hy sal die volke regverdig oordeel.”
11 Laat die hemele bly wees en die aarde
juig;
laat die see en sy volheid bruis.
12 Laat die veld juig en al wat daarin is;
dan sal al die bome van die bos jubel
13 voor die aangesig van יהוה;
want Hy kom,
want Hy kom om die aarde te oordeel;
Hy sal die wêreld oordeel in geregtigheid
en die volke in Sy trou.

97 יהוה is Koning;
laat die aarde juig;
laat baie eilande bly wees!
2 Wolke en donkerheid is rondom Hom;
geregtigheid en reg is die grondslag van
Sy troon.
3 ’n Vuur gaan voor Sy aangesig uit
en steek Sy teëstanders rondom aan die
brand.
4 Sy weerligstrale verlig die wêreld;
die aarde sien dit en bewe.
5 Berge smelt weg soos was voor die
aangesig van יהוה,
voor die aangesig van Meester van die
hele aarde.
6 Die hemele verkondig Sy geregtigheid,
en al die volke sien Sy glans.
7 Beskaamd staan almal wat die beelde
dien,

© Kopiereg 2003-2010 Masada – Proeflees uitgawe

wat hulle op idole beroem;
al die elohim buig hulle voor Hom neer.
[8] Tsijon hoor dit en is bly,
en die dogters van Jahuda juig oor U oordele, o יהוה!
[9] Want U, יהוה, is die Allerhoogste oor die hele aarde;
U is hoog verhewe bo al die elohim.
[10] O liefhebbers van יהוה, haat die kwaad!
Hy bewaar die lewens van Sy gunsgenote,
Hy red hulle uit die hand van die bose.
[11] Die lig is vir die regverdige gesaai
en vrolikheid vir die opregtes van hart.
[12] Regverdiges, wees bly in יהוה,
en loof Sy kodesh Naam!

98 *'n Lied*.

Sing tot יהוה 'n nuwe lied!
Want Hy het wonders gedoen;
Sy regterhand en Sy kodesh arm het Hom gehelp.
[2] יהוה het Sy verlossing bekend gemaak,
Sy geregtigheid voor die oë van die nasies geopenbaar.
[3] Hy het gedink aan Sy guns
en Sy trou aan die huis van Jisra'ěl;
al die eindes van die aarde het die verlossing van ons Elohim gesien.
[4] Juig voor יהוה, o ganse aarde,
breek uit in sang, jubel en lofsange!
[5] Sing tot יהוה met die lier,
met die lier en die stem van 'n lied,
[6] met die klank van trompette en ramshorings;
juig voor die aangesig van die Koning, יהוה!
[7] Laat die see bruis en sy volheid,
die wêreld en die wat daarin woon.
[8] Laat die riviere in die hande klap,
die berge tesame jubel voor יהוה;
[9] want Hy kom om die aarde te oordeel;
Hy sal die wêreld oordeel in geregtigheid
en die volke met reg.

99 יהוה is Koning;

laat die volke bewe!
Hy troon op die kérubs;
laat die aarde sidder!
[2] יהוה is groot in Tsijon,
en verhewe is Hy bo al die volke.
[3] Laat hulle U grote en gedugte Naam loof!
Kodesh is Hy!
[4] Ook die sterkte van die Koning wat die reg liefhet.
U het bevestig wat regverdig is;
U het reg en geregtigheid gedoen in Jaäkoḇ.
[5] Verhef יהוה ons Elohim,
en buig julle neer voor die voetbank van Sy voete.
Kodesh is Hy!
[6] Moshe en Aharon was onder Sy priesters,
en Shemu'ěl onder die aanroepers van Sy Naam.
Hulle het יהוה aangeroep, en Hy het hulle verhoor.
[7] In die wolkkolom het Hy met hulle gepraat. Hulle het Sy getuienisse onderhou en die wet wat Hy hulle gegee het.
[8] O יהוה ons Elohim, U het hulle verhoor,
U was vir hulle 'n vergewende Elohim
en Een wat wraak oefen oor hulle dade.
[9] Verhef יהוה ons Elohim,
en buig julle neer voor Sy kodesh berg.
Want יהוה ons Elohim is kodesh.

100 *'n Lied. By die lofoffer*.

Juig voor יהוה, o ganse aarde!
[2] Dien יהוה met blydskap;
kom voor Sy aangesig met gejubel.
[3] Erken dat יהוה Elohim is:
Hy het ons gemaak, en ons is Syne,
Sy volk en die skape van Sy weiding.
[4] Gaan Sy poorte in met danksegging,
Sy voorhowe met lofprysing;
loof Hom, prys Sy Naam.
[5] Want יהוה is goed;
Sy guns is tot in ewigheid,
en Sy trou van geslag tot geslag.

101 *Van Dawid. 'n Lied*.

Ek wil sing van guns en reg;
tot U o יהוה wil ek lofsing,!
[2] Ek wil ag gee op volmaakte wandel.
Wanneer sal U na my kom?

© Kopiereg 2003-2010 Masada – Proeflees uitgawe

Ek wandel in die opregtheid van my hart,
binne my huis.
3 Ek stel geen ding van Belija'al voor my
oë nie;
die dade van afvalliges haat ek;
dié sal my nie aankleef nie.
4 'n Verkeerde hart moet ver van my af
bly;
wat kwaad is, wil ek nie ken nie.
5 Hy wat heimlik van sy naaste kwaad
praat, hom sal ek vernietig;
hy wat hoog van oë is en trots van hart,
hom verdra ek nie.
6 My oë sal wees op die getroues in die
land,
dat hulle by my kan woon;
hy wat wandel in die weg van
opregtheid,
dié mag my dien.
7 Hy wat bedrog pleeg,
mag binne my huis nie bly nie;
wie leuens praat,
kan voor my oë nie bestaan nie.
8 Elke môre sal ek al die bose van die
land vernietig,
om al die werkers van ongeregtigheid
uit die stad van יהוה te roei.

102 *'n Gebed van 'n ellendige wanneer hy beswyk en sy klagte uitstort voor die aangesig van* יהוה.

O יהוה, hoor my gebed,
en laat my hulpgeroep tot by U kom!
2 Verberg U aangesig nie vir my op die
dag wanneer ek in benoudheid is nie;
neig U oor tot my;
op die dag wanneer ek roep,
verhoor my gou!
3 Want my dae verdwyn soos rook
en my gebeente gloei soos 'n vuurherd.
4 My hart is platgeslaan en verdor soos
die plante;
want ek vergeet om my brood te eet.
5 Vanweë my harde gesug kleef my
gebeente aan my vlees.
6 Ek is soos 'n pelikaan van die woestyn,
ek het geword soos 'n uil op die
puinhope.
7 Ek is slapeloos en het geword soos 'n
eensame voël op die dak.
8 Die hele dag spot my vyande my;
die wat teen my raas, vloek teen my.
9 Want ek eet as soos brood
en meng my drank met trane,
10 vanweë U grimmigheid en U toorn;
want U het my opgehef
en my weggegooi.
11 My dae is soos 'n skaduwee wat lank
geword het,
en ek verdor soos die plante.
12 Maar U, o יהוה, U bly tot in ewigheid,
en U gedenknaam van geslag tot geslag.
13 U sal opstaan, U oor Tsijon ontferm;
want dit is tyd om hom guns te bewys,
want die bestemde tyd het gekom.
14 Want U dienaars het sy klippe lief
en het medelyde met sy puin.
15 Dan sal die heidene die Naam van יהוה
vrees
en al die konings van die aarde U glans;
16 omdat יהוה Tsijon opgebou het,
in Sy glans verskyn het,
17 Hy het gedraai na die gebed van die
wie naak is,
en hulle gebed nie verag nie.
18 Dit sal vir die volgende geslag
opgeskryf word,
en die volk wat geskep[t] gaan word, sal
Jah loof;
19 omdat Hy van Sy kodesh hoogte
neergesien het,
יהוה uit die hemel op die aarde gelet het,
20 om die gekerm van die gevangene te
hoor,
om los te maak die kinders van die dood;
21 sodat hulle in Tsijon die Naam van יהוה
kan vermeld
en Sy lof in Jarushalajim,
22 Wanneer die volke almal saam
vergader,
ook die koninkryke om יהוה te dien.
23 Hy het my krag op die weg swak
gemaak,
my dae verkort.
24 "My Ěl", sê ek, "neem my nie weg in
die helfte van my dae nie; U jare is van
geslag tot geslag!

[t] Teh 22:31

© Kopiereg 2003-2010 Masada – Proeflees uitgawe

25 "In die begin van tyd het U die aarde gegrondves,
en die hemele is die werk van U hande.
26 "Húlle sal vergaan, maar U sal bly;
ja, hulle almal sal soos 'n kledingstuk verslyt;
U verwissel hulle soos 'n kledingstuk,
en hulle verdwyn.
27 "Maar U bly dieselfde,
en U jare het geen einde nie.
28 "Die kinders van U dienaars sal woon,
en hulle nageslag sal voor U aangesig bly bestaan."

103 *'n Lied van Dawid*.

Loof יהוה, o my wese,
en alles wat binne-in my is,
Loof Sy kodesh Naam!
2 Loof יהוה, o my wese,
en vergeet geeneen van Sy weldade nie!
3 Wat al jou ongeregtigheid vergewe,
wat al jou krankhede genees,
4 wat jou lewe verlos van die verderf,
wat jou kroon met guns en barmhartighede,
5 wat jou wese versadig met die goeie,
sodat jou jeug weer nuut word soos dié van 'n arend.
6 יהוה doen geregtigheid en reg aan almal wat verdruk word.
7 Hy het aan Moshe Sy weë bekend gemaak,
aan die kinders van Jisra'ël Sy dade.
8 יהוה is barmhartig en bewys guns,
lankmoedig en groot van guns.
9 Hy sal nie vir altyd twis en nie vir ewig die toorn behou nie.
10 Hy handel met ons nie na ons sondes en vergeld ons nie na ons ongeregtighede nie.
11 Want so hoog soos die hemel is bo die aarde,
so geweldig is Sy guns oor die wat Hom vrees.
12 So ver soos die ooste verwyderd is van die weste,
so ver verwyder Hy ons oortredinge van ons.
13 Soos 'n vader hom ontferm oor die kinders,
so ontferm יהוה Hom oor die wat Hom vrees.
14 Want Hy weet hoe ons gemaak is,
gedagtig dat ons stof is.
15 Die mens se dae is soos die gras;
soos 'n blom van die veld, so bloei hy.
16 Wanneer die wind daaroor gaan,
is dit nie meer nie
en sy plek ken hom nie meer nie.
17 Maar die guns van יהוה
is van ewigheid tot ewigheid oor die wat Hom vrees,
en Sy geregtigheid vir kindskinders,
18 vir die wat Sy verbond hou
en aan Sy bevele dink om dié te doen.
19 יהוה het Sy troon in die hemel gevestig,
en Sy koninkryk regeer oor alles.
20 Loof יהוה, julle Sy boodskappers,
kragtige helde wat Sy Woord volbring,
in gehoorsaamheid aan die stem van Sy Woord!
21 Loof יהוה, al Sy leërskare,
Sy dienaars wat Sy vreugde doen!
22 Loof יהוה, al Sy werke,
op al die plekke van Sy heerskappy!
Loof יהוה, o my wese!

104 Loof יהוה, o my wese!

יהוה my Elohim, U is baie groot!
Met majesteit en glans is U beklee,
2 wat Uself omhul met die lig soos met 'n kleed,
wat die hemel uitspan soos 'n gordyn;
3 wat Sy solders bou in die waters,
wat van die wolke Sy wa maak,
wat op die vleuels van die wind wandel,
4 wat van die winde Sy boodskappers maak,
van vuurvlamme Sy dienaars.
5 Hy het die aarde gegrond op sy fondasies,
sodat dit vir ewig en altyd nie wankel nie.
6 U het dit met die wêreldvloed soos met 'n kleed oordek;
die waters het bo-oor die berge gestaan.
7 Vir U dreiging het hulle gevlug,
vir die stem van U donder het hulle weggeskrik.
8 Berge het opgerys,

© Kopiereg 2003-2010 Masada – Proeflees uitgawe

laagtes het weggesak,
na die plek wat U vir hulle reggemaak het.
9 ’n Grens het U gestel waar hulle nie oor mag gaan nie;
hulle mag die aarde nie weer oordek nie.
10 Hy wat die fonteine uitstuur in die holtes,
tussen die berge loop hulle deur.
11 Hulle laat al die diere van die veld drink;
die wilde-esels les hulle dors.
12 By hulle woon die voëls van die hemel;
tussen die takke uit laat hulle die stem hoor.
13 Hy laat die berge drink uit Sy boonste kamers;
die aarde word versadig uit die vrug van U werke.
14 Hy laat gras uitspruit vir die diere
en die plante tot diens van die mens,
om voedsel uit die aarde te laat voortkom,
15 en dat wyn die mens se hart kan bly maak;
om die aangesig te laat blink van olie,
en dat brood die mens se hart kan versterk.
16 Die bome van יהוה word versadig,
die seders van Líḇanon wat Hy geplant het;
17 waar die voëls hulle neste maak,
die ooievaar wie se huis die sipresse is.
18 Die hoë berge is vir die bergbokke,
die rotse is ’n skuilplek vir die dassies.
19 Hy het die maan gemaak vir die vaste tye;
die son ken sy tyd om onder te gaan.
20 U beskik die duisternis, en dit word nag,
waarin al die diere van die bos uitkruip.
21 Die jong leeus brul om roof
en begeer hulle voedsel van Elohim.
22 Wanneer die son opgaan, dan trek hulle hul terug en gaan lê in hul slaapplekke.
23 Die mens gaan uit na sy werk
en na sy arbeid tot die aand toe.
24 Hoe talryk is U werke, o יהוה!
U het hulle almal met wysheid gemaak;
die aarde is vol van U rykdom!
25 Daar is die see, groot en wy,
daar is ’n gewemel sonder getal,
klein diere saam met grotes.
26 Daar gaan die skepe en die Lewiátan[u]
wat U gevorm het om daarin te speel.
27 Hulle almal wag op U,
dat U hulle voedsel kan gee op die regte tyd.
28 U gee dit aan hulle, hulle tel dit op;
U maak U hand oop,
hulle word versadig met die goeie.
29 U verberg U aangesig,
hulle word verskrik;
U neem hulle asem weg,
hulle sterf en keer terug tot hul stof.
30 U stuur U Gees uit, hulle word geskep;
en U maak die gelaat van die aarde nuut.
31 Die glans van יהוה sal vir ewig wees,
יהוה sal jubel oor Sy werke,
32 Hy wat die aarde aankyk, en dit bewe;
Hy raak die berge aan, en hulle rook.
33 Ek wil sing tot יהוה solank as ek lewe,
ek wil lofsing tot my Elohim solank ek bestaan.
34 Mag my oordenking Hom welgevallig wees;
ék sal bly wees in יהוה!
35 Mag die sondaars omkom van die aarde
en die bose mense nie meer wees nie!
Loof יהוה, o my wese!
HalleluJah!

105 Loof יהוה, roep Sy Naam aan,
maak onder die volke Sy dade bekend.
2 Sing, tot Hom, lofsing tot Hom
praat van al Sy wonders.
3 Beroem julle in Sy kodesh Naam;
laat die hart van die wat יהוה soek, bly wees.
4 Vra na יהוה en Sy krag;
soek Sy aangesig altyddeur.
5 Dink aan Sy wonders wat Hy gedoen het,
aan Sy wondertekens en die oordele van Sy mond,

[u] Slangagtige seemonster of krokodil.

© Kopiereg 2003-2010 Masada – Proeflees uitgawe

[6] o nageslag van Aḇraham, Sy dienaar,
o kinders van Jaäkoḇ, Sy verkorenes!
[7] Hy, יהוה, is ons Elohim;
oor die hele aarde is Sy oordele.
[8] Hy dink vir ewig aan Sy verbond,
aan die woord wat Hy ingestel het vir duisend geslagte,
[9] die verbond wat Hy met Aḇraham gesluit het, en Sy eed aan Jitsḥak;
[10] wat Hy ook vir Jaäkoḇ as wet bekragtig het,
vir Jisra'ĕl as 'n ewige verbond,
[11] met die woorde: "Ek sal aan jou die land Kanaän gee, julle aangewese erfdeel."
[12] Toe hulle min mense was, min en vreemdelinge daarby,
[13] en hulle getrek het van nasie tot nasie, van die een koninkryk na die ander volk,
[14] het Hy geen mens toegelaat om hulle te verdruk nie;
ook het Hy konings om hulle ontwil gestraf en gesê:
[15] "Raak My gesalfdes nie aan en doen My profete geen kwaad nie."
[16] En Hy het 'n hongersnood oor die land geroep;
elke staf van brood het Hy verbreek.
[17] Hy het 'n man voor hulle uit gestuur: Josĕf is as slaaf verkoop.
[18] Hulle het sy voete in boeie geknel, hy self het in die ysters gekom,
[19] tot op die tyd dat Sy Woord uitgekom het,
die Woord van יהוה het hom beproef.
[20] Die koning het gestuur en hom losgemaak, die regeerder van die volke, en hom losgelaat.
[21] Hy het hom aangestel as meester oor sy huis en as regeerder oor al sy goed;
[22] om sy vorste te bind na sy begeerte, en aan sy oudstes moes hy wysheid leer.
[23] Toe het Jisra'ĕl na Mitsrajim gekom, en Jaäkoḇ het as vreemdeling vertoef in die land van Gam.
[24] En Hy het Sy volk baie vrugbaar gemaak en dit meer versterk as hul teëstanders.
[25] Hy het hulle hart verander,
om Sy volk te haat,
om listig teen Sy dienaars te handel.
[26] Hy het Moshe, Sy dienaar, gestuur
en Aharon wat Hy gekies het.
[27] Dié het onder hulle Sy aangekondigde tekens gedoen
en wonders in die land van Gam.
[28] Hy het duisternis gestuur en dit donker gemaak;
en hulle was teen Sy woorde nie opstandig nie.
[29] Hy het hulle waters verander in bloed en hulle visse laat sterf.
[30] Hulle land het gewemel van paddas, in die kamers van hulle konings.
[31] Hy het gepraat, en daar het steekvlieë gekom,
muskiete in hulle hele grondgebied.
[32] Hy het hulle reën hael gemaak, vuurvlamme in hulle land.
[33] En Hy het hulle wingerdstok en hulle vyeboom geslaan en die bome van hulle grondgebied verbreek.
[34] Hy het gepraat, en daar het sprinkane gekom en voetgangers sonder getal,
[35] wat al die plante in hulle land opgeëet het,
die vrugte van hulle grond opgeëet het.
[36] Hy het ook al die eersgeborenes in hulle land getref,
die eerstelinge van al hulle krag.
[37] Toe het Hy hulle laat uitgaan met silwer en goud,
en onder Sy stamme was daar niemand wat struikel nie.
[38] Mitsrajim was bly toe hulle uittrek, want vrees vir hulle het op hulle geval.
[39] Hy het 'n wolk uitgebrei as bedekking en vuur om die nag te verlig.
[40] Hulle het gebid:
toe laat Hy kwartels kom;
en Hy het hulle versadig met brood uit die hemel.
[41] Hy het 'n rots oopgemaak, en water het gevloei;
dit het geloop deur die dor plekke,
'n rivier!
[42] Want Hy het gedink aan Sy kodesh woord,

© Kopiereg 2003-2010 Masada – Proeflees uitgawe

aan Aḇraham, Sy dienaar.
43 En Hy het Sy volk laat uitgaan met vreugde,
Sy uitverkorenes met gejubel.
44 En Hy het aan hulle die lande van die heidene gegee,
en wat deur volke met moeite verwerf is, het hulle in besit geneem,
45 dat hulle Sy wette kan onderhou
en Sy Tora bewaar.
HalleluJah!

106 HalleluJah!

Loof יהוה, want Hy is goed,
want Sy guns is tot in ewigheid.
2 Wie kan die magtige dade van יהוה uitspreek,
al Sy roem verkondig?
3 Geseënd is hulle wat die reg bewaar,
die wat altyd geregtigheid doen.
4 Dink aan my, o יהוה,
na die welbehae in U volk,
besoek my met U verlossing,
5 dat ek die goeie van U verkorenes kan aanskou,
dat ek bly kan wees in die blydskap van U volk, my kan beroem met U erfdeel.
6 Ons het gesondig, saam met ons vaders;
ons het verkeerd gedoen, oortree.
7 Ons vaders in Mitsrajim het nie ag gegee op U wonders,
hulle het nie gedink aan die menigte van U gunste nie,
maar was opstandig by die see,
by die Rietsee.
8 Maar Hy het hulle verlos om Sy Naam ontwil,
om Sy mag bekend te maak.
9 En Hy het die Rietsee gedreig,
sodat dit opgedroog het,
en hulle deur die watervloede laat gaan soos deur ’n woestyn.
10 En Hy het hulle verlos uit die hand van die hater en hulle bevry uit die hand van die vyand.
11 En die waters het hulle teëstanders oordek:
nie een van hulle het oorgebly nie.
12 Toe het hulle aan Sy woorde geglo,
hulle het Sy lof gesing.
13 Maar hulle het gou Sy werke vergeet,
op Sy raadsbesluit nie gewag nie.
14 En hulle het baie begerig geword in die woestyn en Ěl versoek in die wildernis.
15 Toe het Hy hulle gegee wat hulle gevra het,
maar in hulle wese ’n maerte gestuur.
16 En hulle was in die laer afgunstig op Moshe,
op Aharon, die kodesh van יהוה.
17 Die aarde het oopgegaan en Datan verslind en die bende van Aḇíram oordek.
18 En ’n vuur het gebrand onder hulle bende,
’n vlam het die bose verbrand.
19 Hulle het by Ḥoreb ’n kalf gemaak en gebuig voor ’n gegote beeld.
20 En hulle het hul Glans verruil vir die afbeelding van ’n bees wat gras eet.
21 Hulle het Ěl, hulle Verlosser, vergeet wat groot dinge gedoen het in Mitsrajim,
22 wonders in die land van Gam,
vreeslike dinge by die Rietsee.
23 Toe het Hy gesê dat Hy hulle sou verdelg,
indien Moshe, Sy verkorene, nie voor Sy aangesig in die bres gaan staan het om Sy grimmigheid af te keer,
dat Hy nie sou vernietig nie.
24 Hulle het ook die kosbare land beledig,
Sy woord nie geglo nie;
25 en hulle het gemurmureer in hul tente,
hulle het nie na die stem van יהוה geluister nie.
26 Toe het Hy Sy hand teen hulle opgehef om hulle neer te slaan in die woestyn,
27 en om hulle nageslag te versprei onder die heidene en hulle te verstrooi in die lande.
28 Ook het hulle hul aan Baäl-Peor gekoppel
en die offerandes aan die dooies geëet;
29 en hulle het יהוה getart deur hul dade,
sodat ’n plaag onder hulle uitgebreek het.
30 Toe het Píneḥas opgetree en oordeel gevel,
en die plaag het opgehou;
31 en dit is hom gereken tot geregtigheid,

© Kopiereg 2003-2010 Masada – Proeflees uitgawe

van geslag tot geslag tot in ewigheid.
32 Hulle het Hom ook vertoorn by die waters van Mériḇa,
en dit het met Moshe sleg gegaan om hulle ontwil;
33 want hulle was opstandig teen sy gees,
sodat hy onverskillig gepraat het met sy lippe.
34 Hulle het die volke nie verdelg soos יהוה aan hulle gesê het nie,
35 maar hul met die heidene vermeng
en hulle werke geleer.
36 En hulle het hulle idole gedien,
en dit het vir hulle ’n strik geword.
37 Bowendien het hulle hul seuns en hul dogters aan die demone geoffer
38 en onskuldige bloed vergiet,
die bloed van hul seuns en hul dogters wat hulle aan die idole van Kanaän geoffer het,
sodat die land deur bloedskuld geskend is.
39 En hulle het onrein geword deur hul werke
en gehoereer deur hul dade.
40 Toe het die toorn van יהוה ontvlam teen Sy volk,
en Hy het Sy erfdeel verafsku.
41 En Hy het hulle in die hand van die heidene gegee,
en hulle haters het oor hulle regeer;
42 en hulle vyande het hulle verdruk,
sodat hulle onder hul hand moes buig.
43 Hy het hulle baiekeer gered;
maar húlle was opstandig in hulle voorneme.
So het hulle dan weggesink deur hul ongeregtigheid.
44 Nogtans het Hy hulle benoudheid aangesien toe Hy hulle smeking gehoor het;
45 en Hy het tot hulle beswil aan Sy verbond gedink
en berou gekry oor die oorvloed van Sy gunste.
46 En Hy het hulle medelyde laat vind by almal wat hulle as gevangenes weggevoer het.
47 Verlos ons, יהוה ons Elohim,
en versamel ons uit die heidene,
dat ons U kodesh Naam kan loof
en ons beroem in U lof!
48 Geseënd is יהוה, die Elohim van Jisra’ěl, van ewigheid tot ewigheid!
En laat die hele volk sê:
“Ômĕn. HalleluJah!”

107 Loof יהוה, want Hy is goed,
want Sy guns is tot in ewigheid!
2 Dit moet die verlostes van יהוה sê,
wat Hy uit die nood verlos het
3 en uit die lande versamel het,
van die sonopkoms en die weste,
van die noorde en die suide af.
4 Hulle het gedwaal in die woestyn,
op woeste paaie;
hulle het ’n stad om in te woon nie gevind nie.
5 Honger en dors was hulle;
hulle wese het in hulle versmag.
6 Toe het hulle יהוה aangeroep in hul benoudheid;
uit hul angste het Hy hulle gered.
7 En Hy het hulle gelei op ’n regte pad
om te gaan na ’n stad om in te woon.
8 Laat hulle יהוה loof vir Sy guns
en Sy wonderdade aan die mensekinders;
9 want Hy het die dorstige wese versadig
en die hongerige wese met die goeie vervul.
10 Sommige het in duisternis en doodskaduwee gesit,
gevang in ellende en ysters –
11 omdat hulle opstandig was teen die woorde van Ěl
en die raad van die Allerhoogste verwerp het,
12 het Hy hulle hart deur moeite verneder;
hulle het gestruikel,
en daar was geen helper nie.
13 Toe het hulle יהוה aangeroep in hul benoudheid;
uit hul angste het Hy hulle verlos.
14 Hy het hulle uit duisternis en doodskaduwee laat uitgaan
en hulle bande verbreek.
15 Laat hulle יהוה loof vir Sy guns

© Kopiereg 2003-2010 Masada – Proeflees uitgawe

en Sy wonderdade aan die mensekinders;
16 want Hy het koperdeure verbreek
en ystergrendels stukkend geslaan.
17 Hulle was dwase vanweë hulle oortredings en weens hulle ongeregtighede gepynig.
18 Hulle wese het elke soort voedsel verafsku,
en hulle het tot by die poorte van die dood gekom.
19 Toe het hulle יהוה aangeroep in hul benoudheid;
uit hul angste het Hy hulle verlos.
20 Hy het Sy woord uitgestuur, dat Hy hulle kon gesond maak
en hulle uit hul kuile red.
21 Laat hulle יהוה loof vir Sy guns
en Sy wonderdade aan die mensekinders;
22 en laat hulle lofoffers bring
en met gejubel Sy werke vertel.
23 Die wat na die see toe afdaal in skepe, wat handel drywe op die groot waters,
24 húlle het die werke van יהוה gesien en Sy wonders in die diepte.
25 Want Hy het gespraat en 'n stormwind laat opsteek wat die golwe daarvan opgesweep het.
26 Hulle het opgerys na die hemel, neergedaal na die dieptes,
hulle wese het vergaan van boosheid.
27 Hulle het getuimel en gewaggel soos 'n dronk man,
en al hulle wysheid is verwar.
28 Toe het hulle יהוה aangeroep in hul benoudheid,
en uit hul angste het Hy hulle gelei.
29 Hy het die storm 'n gesuis gemaak, en hulle golwe het stil geword.
30 Toe was hulle bly, omdat dit rustig geword het,
en Hy het hulle gelei na die hawe van hul begeerte.
31 Laat hulle יהוה loof vir Sy guns
en Sy wonderdade aan die mensekinders.
32 En laat hulle Hom verhoog in die vergadering van die volk
en Hom roem in die kring van die oudstes.
33 Hy het riviere 'n woestyn gemaak
en waterfonteine 'n dorsland,
34 vrugbare land 'n brak aarde,
oor die boosheid van die wat daarin woon.
35 Hy het die woestyn 'n waterplas gemaak
en die dor land waterfonteine;
36 en Hy het hongeriges daar laat bly,
en hulle het 'n stad gebou om in te woon.
37 En hulle het lande gesaai en wingerde geplant
wat vrugte as opbrengs verskaf het.
38 En Hy het hulle geseën,
sodat hulle sterk vermeerder het,
en hulle vee het Hy nie min gemaak nie.
39 Toe het hulle min geword en weggesink deur die druk van teëspoed en kommer,
40 Hy wat veragting uitstort oor edeles
en hulle laat dwaal in 'n woeste wêreld, sonder pad,
41 Hy het die behoeftige beskerm teen verdrukking
en die geslagte soos kuddes gemaak.
42 Die opregtes sien dit en is bly,
maar alle ongeregtigheid hou sy mond toe.
43 Wie is wys? Laat hy op hierdie dinge ag gee,
en laat hulle let op die goedgunstighede van יהוה.

108 *'n Lied van Dawid.*

My hart is gerus, o Elohim!
Ek wil sing en loof, ja, ook my aansien.
2 Waak op, harp en lier!
Ek wil die dagbreek wakker maak.
3 Ek wil U loof onder die volke, o יהוה, en lofsing tot U, onder die nasies;
4 want U guns is groot bo die hemel uit
en U trou tot by die wolke.
5 Verhef U bo die hemele, o Elohim,
en U glans bo die hele aarde!
6 Dat U bemindes gered kan word,
verlos deur U regterhand
en verhoor ons!
7 Elohim het gepraat in Sy kodesh plek:

© Kopiereg 2003-2010 Masada – Proeflees uitgawe

Ek wil jubel, Ek wil Shekem verdeel
en die dal van Sukkot afmeet.
[8] Gílead is Myne, Manashshe is Myne,
en Efrajim is My hoof beskutting;
Jahuda is My wetgewer.
[9] Moab is My waskom;
op Edom werp Ek My skoen;
oor Paleshet jubel Ek.
[10] Wie sal my bring in die versterkte stad?
Wie lei my tot in Edom?
[11] Het U, o Elohim, ons nie verwerp nie?
En U trek nie uit, saam met ons leërs nie, o Elohim.
[12] Gee ons hulp teen die vyand, want die mens se hulp is vergeefse moeite.
[13] In Elohim sal ons kragtige dade doen,
en Hy self sal ons vyande vertrap.

109 *Vir die musiekleier. Van Dawid. 'n Lied*.

O Elohim van my lof, moenie swyg nie!
[2] Want hulle het die mond van die bose
en die mond van bedrog teen my oopgemaak;
hulle het met my gepraat met 'n valse tong,
[3] en my met woorde van haat omring;
ja, hulle het my sonder oorsaak beveg.
[4] Vir my liefde behandel hulle my vyandig,
terwyl ek bid.
[5] En hulle vergoed my kwaad vir goed
en haat vir my liefde.
[6] Stel 'n bose oor hom
en laat 'n teëstander staan aan sy regterhand.
[7] Wanneer hy geoordeel word, laat hom as skuldige uitgaan,
en laat sy gebed sonde word.
[8] Laat sy dae min wees;
laat 'n ander sy amp neem.
[9] Laat sy kinders wese word
en sy vrou 'n weduwee;
[10] en laat sy kinders oral rondswerf en bedel
en brood soek, weg van hulle puinhope af.
[11] Laat die skuldeiser alles neem wat hy het,
en laat vreemdes sy goed buit.
[12] Laat hom niemand hê wie se guns bestendig is,
en laat niemand hom oor sy wese ontferm nie.
[13] Laat sy nakomelinge uitgeroei word;
laat hulle naam uitgedelg word in die volgende geslag.
[14] Laat יהוה gedagtig wees aan die ongeregtigheid van sy vaders,
en laat die sonde van sy moeder nie uitgedelg word nie.
[15] Laat dié altyddeur voor יהוה wees,
dat Hy hulle gedagtenis van die aarde af kan uitroei;
[16] omdat hy nie daaraan gedink het om guns te bewys nie,
maar die ellendige en behoeftige man vervolg het
en die moedelose van hart, om hom dood te maak.
[17] Ja, hy het die vloek liefgehad
en dit het oor hom gekom;
en hy het geen welbehae gehad in die seën nie
en dit het ver van hom af gebly.
[18] Hy het die vloek aangetrek soos klere
en dit het soos water in sy binneste gekom
en soos olie in sy gebeente.
[19] Laat dit vir hom wees soos 'n mantel waarin hy hom toedraai,
en 'n gordel wat hy altyddeur ombind.
[20] Laat dit die loon van my teëstanders wees vanweë יהוה,
en van hulle wat kwaad praat teen my.
[21] Maar U, o יהוה Meester,
handel met my om U Naam ontwil;
omdat U guns goed is, red my.
[22] Want ek is arm en behoeftig,
en my hart is gewond in my binneste.
[23] Ek gaan heen soos 'n skaduwee wat lank word;
ek is afgeskud soos 'n sprinkaan.
[24] My knieë knik van vas,
en my vlees het maer geword, sonder vet.
[25] En ék het vir hulle 'n bespotting geword;

© Kopiereg 2003-2010 Masada – Proeflees uitgawe

hulle sien my, en skud hulle koppe.
[26] Help my, יהוה my Elohim!
Verlos my volgens U guns,
[27] sodat hulle kan weet dat dit U hand is:
U, o יהוה, het dit gedoen.
[28] Laat húlle vloek, maar U, seën U.
Hulle het opgestaan en beskaamd geword,
maar U dienaar is bly.
[29] Laat my teëstanders beklee word met bespotting en hulle toedraai in hul skande soos in 'n mantel.
[30] Ek sal יהוה hardop loof met my mond,
en onder baie sal ek Hom prys;
[31] want Hy staan aan die regterhand van die behoeftige om hom te verlos van die wat hom veroordeel.

110 *Van Dawid. 'n Lied.*

יהוה het vir my meester gesê:
"Sit aan My regterhand, totdat Ek jou vyande 'n voetbank vir jou voete maak."
[2] יהוה sal U magtige septer uitstrek uit Tsijon en sê:
"Regeer te midde van jou vyande."
[3] Jou volk sal baie gewillig wees op die dag van U krygsmag in afgesonderde glans!
Uit die moederskoot van die dagbreek sal jy die dou van jou jeug hê.
[4] יהוה het gesweer, en dit sal Hom nie berou nie:
"Jy is priester vir ewig volgens die orde van Malki-Tsedek."
[5] יהוה aan jou regterhand verbrysel konings op die dag van Sy toorn.
[6] Hy sal oordele hou tussen die nasies,
Hy maak dit vol lyke,
Hy verbrysel 'n hoof oor 'n groot land.
[7] Hy drink uit die stroom op die pad,
daarom sal hy die kop oplig.

111 HalleluJah!

Ek wil יהוה loof met my hele hart;
in die kring van die opregtes
en in die vergadering.
[2] Die werke van יהוה is groot;
hulle word nagespeur deur almal wat 'n welbehae daarin het.
[3] Sy werke is majesteit en glans;
en Sy geregtigheid bestaan tot in ewigheid.
[4] Hy het vir Sy wonders gemaak om onthou te word;
יהוה bewys guns en is barmhartig.
[5] Aan die wat Hom vrees, het Hy kos gegee;
Hy dink vir ewig aan Sy verbond.
[6] Hy het die krag van Sy werke aan Sy volk bekend gemaak,
deur hulle die erfdeel van die heidene te gee.
[7] Die werke van Sy hande is trou en reg;
al Sy bevele is betroubaar.
[8] Hulle is vasgestel vir altyd, vir ewig;
uitgevoer in trou en opregtheid.
[9] Hy het aan Sy volk verlossing gestuur;
Hy het Sy verbond vir ewig ingestel;
Sy Naam is kodesh en vreeslik.
[10] Die vrees van יהוה is die beginsel van die wysheid;
almal wat dit beoefen, het 'n goeie begrip.
Sy lof bestaan tot in ewigheid.

112 HalleluJah!

Geseënd is die man wat יהוה vrees,
wat 'n groot welbehae in Sy gebooie het.
[2] Sy nageslag sal geweldig op die aarde wees;
die geslag van die opregtes sal geseën word.
[3] Oorvloed en rykdom is in sy huis;
en sy geregtigheid bestaan tot in ewigheid.
[4] Vir die opregtes gaan Hy op as 'n lig in die duisternis:
Hy bewys guns,
Hy is barmhartig
Hy is regverdig.
[5] Geseënd die man wat hom ontferm en uitleen,
wat sy sake volgens regsreëlings doen.
[6] Want hy sal nooit wankel nie;
die regverdige sal in ewig onthou word.
[7] Hy vrees nie vir slegte tyding nie;
sy hart is gerus, vol vertroue op יהוה.
[8] Vas is sy hart, hy vrees nie
terwyl hy op sy teëstanders neersien.
[9] Hy strooi uit, hy gee aan die

© Kopiereg 2003-2010 Masada – Proeflees uitgawe

behoeftiges;
sy geregtigheid bestaan tot in ewigheid;
sy horing word verhoog in aansien.
10 Die bose sien dit en is vererg;
hy kners met sy tande en smelt weg;
die begeerte van die bose mense
vergaan.

113 HalleluJah!
Loof, o dienaars van יהוה,
loof die Naam van יהוה!
2 Laat die Naam van יהוה geprys word,
van nou af tot in ewigheid!
3 Van die opgang van die son
tot by sy ondergang
moet die Naam van יהוה geloof word!
4 יהוה is hoog bo al die nasies;
bo die hemele is Sy glans.
5 Wie is soos יהוה ons Elohim, wat hoog
woon,
6 wat laag neersien, in die hemel en op
die aarde?
7 Wat die geringe uit die stof oprig,
die behoeftige van die ashoop af verhef;
8 om hom te laat sit by die edeles,
by die edeles van Sy volk.
9 Wat die onvrugbare van die huis laat
woon,
'n blye moeder van kinders.
HalleluJah!

114 Toe Jisra'ěl uit Mitsrajim getrek
het,
die huis van Jaäkoḇ uit 'n volk met 'n
vreemde taal,
2 het Jahuda Sy kodesh plek geword,
Jisra'ěl Sy ryksgebied.
3 Die see het dit gesien en gevlug;
die Jardĕn het agteruitgewyk.
4 Die berge het gespring soos ramme,
die heuwels soos lammers.
5 Wat is dit met jou, o see, dat jy vlug?
O Jardĕn, dat jy agteruitwyk?
6 O berge, dat julle rondspring soos
ramme?
O heuwels, soos lammers?
7 Beef, aarde, voor die aangesig van die
Meester,
voor die aangesig van die Elohim van
Jaäkoḇ,
8 wat die rots verander het in 'n
waterplas,
die klip in 'n waterfontein!

115 Nie aan ons, o יהוה,
nie aan ons nie,
maar aan U Naam gee aansien,
om U guns, om U trou ontwil.
2 Waarom sou die heidene sê:
"Waar is hulle Elohim dan?"
3 terwyl ons Elohim tog in die hemel is;
Hy doen alles wat Hom behaag.
4 Hulle idole is silwer en goud,
'n werk van mensehande.
5 Hulle het 'n mond, maar praat nie;
hulle het oë, maar sien nie;
6 ore het hulle, maar hoor nie;
hulle het 'n neus, maar ruik nie;
7 hande, maar hulle vat nie;
voete, maar hulle loop nie;
hulle gee geen geluid deur hul keel nie.
8 Die wat hulle maak,
sal net soos hulle word –
elkeen wat op hulle vertrou.
9 Jisra'ěl, vertrou op יהוה:
Hy is hulle hulp en hulle skild!
10 Huis van Aharon, vertrou op יהוה:
Hy is hulle hulp en hulle skild!
11 Julle wat יהוה vrees, vertrou op יהוה:
Hy is hulle hulp en hulle skild.
12 יהוה het aan ons gedink:
Hy sal seën,
Hy sal die huis van Jisra'ěl seën,
Hy sal die huis van Aharon seën.
13 Hy sal diegene seën wat יהוה vrees,
die kleintjies saam met die grotes.
14 יהוה sal julle baie vermeerder,
julle en jul kinders.
15 Julle is geseënd deur יהוה wat hemel
en aarde gemaak het.
16 Die hemele is hemele vir יהוה,
maar die aarde het Hy aan die
mensekinders gegee.
17 Die dooie en almal wat na die stilte
neerdaal, sal Jah nie loof nie;
18 maar óns sal Jah prys,
van nou af tot in ewigheid.
HalleluJah!

116 Ek het יהוה lief, want Hy hoor my

© Kopiereg 2003-2010 Masada – Proeflees uitgawe

stem, my smekinge,
2 want Hy het Sy oor tot my geneig;
daarom sal ek Hom in my dae aanroep.
3 Bande van die dood het my omring,
en angste van die doderyk het my getref;
ek het benoudheid en kommer gevind.
4 Maar ek het die Naam van יהוה
aangeroep:
"Ag, יהוה, verlos my wese."
5 יהוה bewys guns en is regverdig,
en ons Elohim is barmhartig.
6 יהוה bewaar die eenvoudiges;
ek het swak geword, maar Hy het my
gered.
7 My wese, keer terug tot jou rus;
want יהוה het goed aan jou gedoen.
8 Want U het my wese verlos van die
dood,
my oog van trane,
my voet van struikeling.
9 Ek sal wandel voor יהוה
in die lande van die lewendes.
10 Ek het geglo toe ek gesê het:
"Ek is diep neergebuig."
11 Ék het in my haas gesê:
"Alle mense is leuenaars."
12 Wat sal ek יהוה vergoed vir al Sy
weldade aan my?
13 Ek sal die beker van verlossinge
opneem
en die Naam van יהוה aanroep.
14 My geloftes sal ek aan יהוה betaal
in die teenwoordigheid van Sy ganse
volk.
15 Kosbaar in die oë van יהוה
is die dood van Sy gunsgenote.
16 Ag, יהוה, sekerlik, ek is U dienaar,
ek is U dienaar, die seun van U dienares;
U het my bande losgemaak.
17 Ek sal U 'n offer van danksegging bring
en die Naam van יהוה aanroep.
18 Ek sal my geloftes aan יהוה betaal
in die teenwoordigheid van Sy ganse
volk,
19 in die voorhowe van die huis van יהוה,
in jou midde, o Jarushalajim!
HalleluJah!

117 Loof יהוה, alle nasies!
Prys Hom, alle volke!
2 Want Sy guns is geweldig oor ons,
en die trou van יהוה is tot in ewigheid.
HalleluJah!

118 Loof יהוה, want Hy is goed,
want Sy guns is vir ewig!
2 Laat Jisra'ěl dan sê:
"Sy guns is vir ewig!"
3 Laat die huis van Aharon dan sê:
"Sy guns is vir ewig!"
4 Laat die wat יהוה vrees, dan sê:
"Sy guns is vir ewig!"
5 Uit die benoudheid het ek Jah
aangeroep;
יהוה het my verhoor in die wye ruimte.
6 יהוה is vir my: ek sal nie vrees
wat 'n mens my kan doen nie!
7 יהוה is vir my as my helper;
so sal ék dan neersien op die wat my
haat.
8 Dit is beter om by יהוה te skuil
as om op mense te vertrou.
9 Dit is beter om by יהוה te skuil
as om op edeles te vertrou.
10 Al die heidene het my omsingel;
dit is in die Naam van יהוה dat ek hulle
stukkend gekap het.
11 Hulle het my omsingel,
ja, hulle het my omsingel;
dit is in die Naam van יהוה dat ek hulle
stukkend gekap het.
12 Hulle het my omsingel soos bye;
hulle is uitgeblus soos 'n doringtakvuur;
dit is in die Naam van יהוה dat ek hulle
stukkend gekap het.
13 Gestamp, ek is hard gestamp om my te
laat val,
maar יהוה het my gehelp.
14 יהוה is my sterkte en lied,
en Hy het my verlossing geword.
15 'n Stem van gejubel en van verlossing
is in die tente van die regverdiges:
die regterhand van יהוה werk kragtig.
16 Die regterhand van יהוה verhef;
die regterhand van יהוה werk kragtig.
17 Ek sal nie sterf nie, maar lewe
en die werke van Jah vertel.
18 יהוה het my hard gekasty,
maar my nie aan die dood oorgegee nie.
19 Maak oop vir my die poorte van die

© Kopiereg 2003-2010 Masada – Proeflees uitgawe

geregtigheid;
ek wil daardeur ingaan, ek wil יהוה loof.
[20] Dit is die poort van יהוה;
regverdiges mag daardeur ingaan.
[21] Ek wil U loof,
omdat U my verhoor het
en my verlossing geword het.
[22] Die steen wat die bouers verwerp het,
het ’n hoeksteen geword.
[23] Dit het van יהוה gekom;
dit is wonderbaar in ons oë.
[24] Dit is die dag wat יהוה gemaak het;
laat ons daaroor juig en bly wees.
[25] Ek smeek, יהוה, gee tog verlossing;
ek smeek, יהוה, gee tog voorspoed!
[26] Geseënd is hy wat kom in die Naam van יהוה!
Ons seën julle uit die Huis van יהוה.
[27] יהוה is Ěl, en Hy het vir ons lig gegee.
Bind die feesoffer met toue,
tot by die horings van die altaar.
[28] U is my Ěl, en ek wil U loof;
U is my Elohim, ek wil U verhoog.
[29] Loof יהוה, want Hy is goed,
want Sy guns is vir ewig!

119 Geseënd is die opregtes van weg,
wat in die leeringe van יהוה wandel.
[2] Geseënd is die wat Sy getuienisse bewaar,
wat Hom met die hele hart soek;
[3] ook geen ongeregtigheid doen nie,
maar in Sy weë wandel.
[4] U het U bevele gegee om dit trou te onderhou.
[5] Ag, was my weë maar vas om U wette te onderhou!
[6] Dan sal ek nie beskaamd staan
wanneer ek op al U gebooie let nie.
[7] Ek sal U loof in opregtheid van hart
wanneer ek U regverdige regsreëlings leer.
[8] Ek sal U wette onderhou;
verlaat my nie geheel en al nie.
[9] Waarmee sal die jongman sy pad suiwer hou?
Deur dit volgens U woord te hou.
[10] Ek soek U met my hele hart;
laat my nie afdwaal van U gebooie nie.
[11] Ek het U woord in my hart gebêre,
dat ek teen U nie sal sondig nie.
[12] Lofwaardig is U, o יהוה!
Leer my U wette!
[13] Ek het met my lippe vertel al die
regsreëlings van U mond.
[14] Ek is vrolik in die weg van U
getuienisse soos oor allerhande rykdom.
[15] Ek wil U bevele oordink
en op U paaie let.
[16] Ek sal my verlustig in U wette,
U woord sal ek nie vergeet nie.
[17] Doen goed aan U dienaar, sodat ek kan lewe;
dan wil ek U woord bewaar.
[18] Open my oë, dat ek die wonders uit U Tora kan sien.
[19] Ek is ’n vreemdeling op die aarde;
verberg U gebooie nie vir my nie.
[20] My wese vergaan van verlange na U regsreëlings te alle tye.
[21] U dreig die vermeteles as gevloektes wat van U gebooie afdwaal.
[22] Keer bespotting en veragting van my af,
want U getuienisse het ek bewaar.
[23] Al sit vorste en beraadslaag teen my,
U dienaar oordink U wette.
[24] Ja, U getuienisse is my vreugde,
my raadsmanne.
[25] My wese kleef aan die stof;
maak my lewend volgens U woord.
[26] My weë het ek vertel en U het my verhoor;
leer my U wette!
[27] Laat my die weg van U bevele verstaan,
dat ek U wonders kan oordink.
[28] My wese huil van kommer;
rig my op volgens U woord.
[29] Verwyder van my die weg van leuens,
en verleen my goedgunstiglik U Tora.
[30] Ek het die weg van waarheid verkies;
U regsreëlings het ek voor my gestel.
[31] Ek kleef U getuienisse aan;
o יהוה, maak my nie beskaamd nie!
[32] Ek sal op die weg van U gebooie wandel,
want U verruim my hart.
[33] יהוה, leer my die weg van U wette,

© Kopiereg 2003-2010 Masada – Proeflees uitgawe

sodat ek dit tot die einde toe kan bewaar.
34 Gee my verstand, dat ek U Tora kan bewaar,
ja, dit kan onderhou met my hele hart.
35 Laat my wandel op die pad van U gebooie,
want daarin het ek ’n vreugde.
36 Neig my hart tot U getuienisse
en nie tot winsbejag nie.
37 Draai my oë weg, dat hulle na geen valsheid kyk nie;
maak my lewend in U weë.
38 Vervul aan U dienaar U belofte wat pas by U vrees.
39 Draai my smaadheid weg wat ek vrees,
want U regsreëlings is goed.
40 Kyk, ek het ’n begeerte vir U bevele;
maak my lewend deur U geregtigheid.
41 En laat U goedgunstighede oor my kom, o יהוה,
U verlossing volgens U belofte,
42 sodat ek my smader iets kan antwoord,
want ek vertrou op U woord.
43 En onttrek die woord van waarheid nie geheel en al van my mond nie,
want op U regsreëlings wag ek.
44 Dan wil ek U Tora voortdurend onderhou,
vir ewig en altyd,
45 en wyd wandel,
want ek soek U bevele.
46 Ook wil ek voor konings van U getuienisse praat
en my nie skaam nie.
47 En ek wil my verlustig in U gebooie wat ek liefhet,
48 en my hande ophef na U gebooie wat ek liefhet,
en U wette oordink.
49 Onthou die woord aan U dienaar,
omdat U my laat hoop het.
50 Dit is my troos in my ellende,
dat U belofte my lewend maak.
51 Vermeteles het baie met my gespot;
van U Tora het ek nie afgewyk nie.
52 Ek het gedink, o יהוה, aan U oordele van ouds,
en ek het my getroos.
53 Toorngloed het my aangegryp vanweë die bose wat U Tora verlaat.
54 U wette was liedere vir my in die huis van my vreemdelingskap.
55 יהוה, in die nag het ek gedink aan U Naam,
en ek het U Tora onderhou.
56 Dit het myne geword,
omdat ek U bevele bewaar het.
57 U is my deel, o יהוה;
ek het gesê dat ek U woorde sal bewaar.
58 Ek het U met my hele hart om guns gesmeek;
bewys my guns volgens U belofte.
59 Ek het my weë oordink en my voete laat teruggaan na U getuienisse.
60 Ek het my gehaas, en nie getalm nie,
om U gebooie te onderhou.
61 Die strikke van die bose het my omring;
U Tora het ek nie vergeet nie.
62 Middernag staan ek op om U te loof vir U regverdige regsreëlings.
63 Ek is ’n metgesel van almal wat U vrees,
en van die wat U bevele onderhou.
64 יהוה, die aarde is vol van U guns;
leer my U wette.
65 U het goed gedoen aan U dienaar,
יהוה, volgens U woord.
66 Leer my ’n goeie insig en kennis,
want ek glo aan U gebooie.
67 Voordat ek verdruk was, het ek gedwaal;
maar nou onderhou ek U woord.
68 U is goed en doen goed;
leer my U wette.
69 Vermeteles het leuens teen my verkondig;
maar ék bewaar U bevele met my hele hart.
70 Hulle hart is ongevoelig soos vet;
maar ék verlustig my in U Tora.
71 Dit is goed vir my dat ek verdruk was,
sodat ek U wette sou leer.
72 Die Tora van U mond is vir my beter as duisende stukke goud en silwer.
73 U hande het my gemaak en my voorberei;

© Kopiereg 2003-2010 Masada – Proeflees uitgawe

maak my verstandig, dat ek U gebooie kan leer.
74 Die wat U vrees, sien my, en hulle is bly;
want op U woord wag ek.
75 Ek weet, יהוה,
dat U oordele regverdig is
en dat U my uit getrouheid verdruk het.
76 Laat tog U guns wees om my te troos volgens U belofte aan U dienaar.
77 Laat U barmhartighede oor my kom, dat ek kan lewe;
want U Tora is my verlustiging.
78 Laat die vermeteles beskaamd staan, omdat hulle sonder oorsaak my onregverdig behandel het;
maar ék oordink U bevele.
79 Laat die wat U vrees, na my terugkeer, en die wat U getuienisse ken.
80 Laat my hart opreg wees in U wette, sodat ek nie beskaamd hoef te staan nie.
81 My wese smag na U verlossing;
op U woord wag ek.
82 My oë smag na U belofte en sê:
"Wanneer sal U my vertroos?"
83 Want ek het geword soos 'n leersak in die rook;
U wette het ek nie vergeet nie.
84 Hoeveel sal die dae van U dienaar wees?
Wanneer sal U oordele vel oor my vervolgers?
85 Vermeteles het vir my kuile gegrawe, hulle wat nie lewe volgens U Tora nie.
86 Al U gebooie is waarheid;
hulle vervolg my sonder oorsaak;
help my!
87 Hulle het my amper vernietig op die aarde;
maar ék het U bevele nie verlaat nie.
88 Maak my lewend volgens U guns, dat ek die getuienis van U mond kan onderhou.
89 Vir ewig, o יהוה, staan U woord vas in die hemele.
90 U trou is van geslag tot geslag;
U het die aarde bevestig,
en dit bly staan.
91 Volgens U regsreëlings bly hulle vandag nog staan, want alles is U dienaars.
92 Indien U Tora nie my verlustiging was nie,
het ek omgekom in my ellende.
93 Ek sal U bevele tot in ewigheid nie vergeet nie,
want deur hulle het U my lewe gegee.
94 Aan U behoort ek: verlos my,
want ek soek U bevele.
95 Die bose lê en wag op my, om my om te bring;
ek verstaan U getuienisse.
96 Aan alle volmaaktheid het ek 'n einde gesien,
maar U gebod is baie wyd.
97 Hoe lief het ek U Tora;
dit is my bepeinsing die hele dag.
98 U gebooie maak my wyser as my vyande,
want dit is myne vir ewig.
99 Ek het meer begrip as al my leermeesters,
want U getuienisse is my bepeinsing.
100 Ek het meer begrip as die ou mense,
want ek bewaar U bevele.
101 Ek het my voete teruggehou van elke verkeerde pad,
sodat ek U woord kan bewaar.
102 Ek het van U regsreëlings nie afgewyk nie,
want U het my geleer.
103 Hoe soet is U beloftes vir my smaak, meer as heuning vir my mond.
104 Uit U bevele kry ek begrip;
daarom haat ek elke leuenpad.
105 U woord is 'n lamp vir my voet
en 'n lig vir my pad.
106 Ek het gesweer, en dit gehou, om U regverdige regsreëlings te onderhou.
107 Ek is baie diep neergedruk;
יהוה,
maak my lewend volgens U woord!
108 Laat tog die vrywillige offerandes van my mond U behaag, o יהוה,
en leer my U regsreëlings.
109 My lewe is altyddeur in my hand;
nogtans vergeet ek U Tora nie.

© Kopiereg 2003-2010 Masada – Proeflees uitgawe

110 Die bose het vir my 'n vangnet gespan;
nogtans het ek van U bevele nie afgedwaal nie.
111 Ek het U getuienisse vir ewig as erfdeel ontvang,
want hulle is die vreugde van my hart.
112 Ek het my hart geneig, om U wette uit te voer,
vir ewig, tot die einde toe.
113 Twyfelaars haat ek,
maar U Tora het ek lief.
114 U is my skuilplek en my skild;
op U woord wag ek.
115 Gaan weg van my, kwaaddoeners,
want ek bewaar die gebooie van my Elohim!
116 Ondersteun my volgens U belofte, dat ek kan lewe;
en maak my nie beskaamd weens my verwagting nie.
117 Steun my, dat ek verlos word;
dan sal ek altyddeur op U wette let.
118 U verag almal wat van U wette afdwaal,
want hulle bedrieëry is leuens.
119 U ruim al die bose van die aarde weg soos skuim;
daarom het ek U getuienisse lief.
120 My vlees sidder van skrik vir U,
en ek vrees vir U oordele.
121 Ek het reg en geregtigheid gedoen:
gee my nie oor aan my verdrukkers nie.
122 Wees borg vir U dienaar ten goede;
laat vermeteles my nie verdruk nie.
123 My oë smag na U verlossing
en na die belofte van U geregtigheid.
124 Handel met U dienaar na U guns,
en leer my U wette.
125 Ek is U dienaar - maak my verstandig,
dat ek U getuienisse kan ken.
126 Dit is tyd vir יהוה om te handel!
Hulle het U Tora verbreek.
127 Daarom het ek U gebooie lief,
meer as goud, ja, as baie fyn goud.
128 Daarom hou ek al die bevele aangaande alles vir reg;
elke leuenpad haat ek.
129 U getuienisse is wonderbaar;
daarom bewaar my wese hulle.
130 Die opening van U woorde gee lig;
dit maak die eenvoudiges verstandig.
131 Ek maak my mond wyd oop en hyg,
want na U gebooie verlang ek.
132 Draai U na my en bewys my guns volgens die reg van die wat U Naam liefhet.
133 Maak my voetstappe vas in U woord,
en laat geen boosheid oor my regeer nie.
134 Verlos my van die mens se verdrukking,
sodat ek U bevele kan onderhou.
135 Laat U aangesig skyn oor U dienaar,
en leer my U wette.
136 Strome water loop van my oë af,
omdat hulle U Tora nie onderhou nie.
137 יהוה, U is regverdig,
en reg is U regsreëlings.
138 In geregtigheid en besondere trou het U U getuienisse beveel.
139 My ywer verteer my,
omdat my teëstanders U woorde vergeet het.
140 U woord is deur en deur beproef,
en U dienaar het dit lief.
141 Ek is klein en verag,
maar U bevele vergeet ek nie.
142 U geregtigheid is geregtigheid tot in ewigheid,
en U Tora is waarheid.
143 Benoudheid en angs het my getref,
maar U gebooie is my vreugde.
144 U getuienisse is geregtigheid tot in ewigheid;
maak my verstandig, dat ek kan lewe.
145 Ek het geroep met my hele hart;
verhoor my, o יהוה!
Ek wil U wette bewaar.
146 Ek het U aangeroep;
verlos my, dat ek U getuienisse kan onderhou.
147 Voor die môreskemering roep ek om hulp;
op U woord wag ek.
148 My oë is die nagwake voor om U woord te oordink.
149 Hoor my stem volgens U guns;
o יהוה, maak my lewend volgens U

© Kopiereg 2003-2010 Masada – Proeflees uitgawe

regsreëlings.
150 Hulle kom nader wat skandelike dade najaag,
hulle wat ver van U Tora af is.
151 U, o יהוה, is naby,
en al U gebooie is waarheid.
152 Lankal het ek geweet uit U getuienisse
dat U hulle vir ewig gegrond het.
153 Sien my ellende aan en red my,
want U Tora vergeet ek nie.
154 Verdedig my regsaak en verlos my;
maak my lewend volgens U belofte.
155 Die verlossing is ver van die bose,
want hulle soek U wette nie.
156 יהוה, U barmhartighede is baie;
maak my lewend volgens U regsreëlings.
157 My vervolgers en my teëstanders is baie;
van U getuienisse wyk ek nie af nie.
158 Ek het diegene gesien wat troueloos handel,
en dit het my gewalg dat hulle U woord nie onderhou nie.
159 Aanskou dat ek U bevele liefhet;
O יהוה, maak my lewend volgens U guns.
160 Die hele inhoud van U woord is waarheid,
en al U regverdige regsreëlings is tot in ewigheid.
161 Vorste het my sonder oorsaak vervolg,
maar my hart vrees vir U woord.
162 Ek is vrolik oor U belofte soos een wat ’n groot buit vind.
163 Leuens haat ek en verafsku dit;
U Tora het ek lief.
164 Ek loof U sewe maal elke dag
oor U regverdige regsreëlings.
165 Die wat U Tora liefhet,
het groot vrede,
en vir hulle is daar geen struikelblok nie.
166 O יהוה, ek verwag U verlossing,
en ek hou U gebooie.
167 My wese onderhou U getuienisse,
en ek het hulle baie lief.
168 Ek onderhou
U bevele en U getuienisse,
want al my weë is voor U.
169 O יהוה, laat my smeking nader kom voor U aangesig;
maak my verstandig volgens U woord.
170 Laat my smeking voor U aangesig kom;
red my volgens U belofte.
171 My lippe sal lofsange laat uitstroom,
want U leer my U wette.
172 My tong sal U woord besing,
want al U gebooie is geregtigheid.
173 Laat U hand my tot hulp wees,
want ek het U bevele verkies.
174 O יהוה, ek verlang na U verlossing,
en U Tora is my vreugde.
175 Laat my wese lewe, dat dit U kan loof;
en laat U regsreëlings my help.
176 Ek het gedwaal soos ’n verlore skaap;
soek U dienaar,
want U gebooie vergeet ek nie.

120 *’n Bedevaartslied*.

Ek roep יהוה aan in my benoudheid,
en Hy verhoor my.
2 יהוה, red my wese van die valse lippe,
van die bedrieglike tong!
3 Wat sal iemand jou gee
of wat vir jou daaraan toevoeg,
o bedrieglike tong?
4 Skerp pyle van ’n held saam met
gloeiende kole van besembosse.
5 Wee my dat ek as vreemdeling vertoef in Mesheg,
dat ek by die tente van Kĕdar woon!
6 Te lank al woon my wese by die wat die vrede haat.
7 Ek is vredeliewend;
maar wanneer ek praat,
is hulle op oorlog uit.

121 *’n Bedevaartslied*.

Ek slaan my oë op na die berge:
waar sal my hulp vandaan kom?
2 My hulp is van יהוה
wat hemel en aarde gemaak het.
3 Hy laat jou voet nie wankel nie;
jou Bewaarder sluimer nie.
4 Kyk, die Bewaarder van Jisra’ĕl
sluimer of slaap nie.
5 יהוה is jou Bewaarder;
יהוה is jou skaduwee aan jou regterhand.
6 Die son sal jou bedags nie steek nie,
die maan ook nie in die nag nie.

© Kopiereg 2003-2010 Masada – Proeflees uitgawe

[7] יהוה sal jou bewaar van alle boosheid;
Hy sal jou wese bewaar.
[8] יהוה sal jou uitgang en jou ingang bewaar,
van nou af tot in ewigheid.

122 *'n Bedevaartslied. Van Dawid.*

Ek was bly toe hulle vir my gesê het:
"Laat ons na die Huis van יהוה gaan!"
[2] Ons voete staan in jou poorte,
o Jarushalajim!
[3] Jarushalajim wat gebou is
soos 'n stad wat goed saamgevoeg is,
[4] waarheen die stamme optrek,
die stamme van Jah,
'n getuienis vir Jisra'ël!
Om die Naam van יהוה te loof.
[5] Want daar staan die trone vir die gereg,
die trone van die huis van Dawid.
[6] Bid vir die vrede van Jarushalajim;
mag hulle wat jou liefhet, rustig lewe!
[7] Mag daar vrede wees binne jou mure,
rus in jou wonings!
[8] Ter wille van my broers en my vriende
wil ek sê: "Vrede in jou!"
[9] Ter wille van die Huis van יהוה ons Elohim
wil ek die goeie vir jou soek.

123 *'n Bedevaartslied.*

Ek slaan my oë op tot U wat in die hemel troon.
[2] Kyk, soos die oë van die dienaars
is op die hand van hulle meester,
soos die oë van die dienares
is op die hand van haar meesteres,
so is ons oë op יהוה ons Elohim,
totdat Hy ons guns bewys.
[3] Bewys ons guns, o יהוה,
bewys ons guns,
want ons is meer as versadig van veragting;
[4] ons wese is meer as versadig van die spot van die oormoediges,
van die veragting van die trotsaards!

124 *'n Bedevaartslied. Van Dawid.*

"Indien יהוה nie vir ons was nie,"
laat Jisra'ël dit sê:
[2] "Indien יהוה nie vir ons was toe die mense teen ons opgestaan het nie,
[3] "Dan het hulle ons lewendig verslind toe hulle toorn teen ons ontvlam het;
[4] "Dan het die waters ons oorstroom,
'n stroom het oor ons wese gegaan;
[5] "Dan het die trotse waters oor ons wese gegaan."
[6] Geseënd is יהוה wat ons aan hulle tande nie as buit oorgegee het nie!
[7] Ons wese het ontsnap soos 'n voël uit die vangnet van die voëlvangers;
die vangnet is gebreek, en ons, ons het ontsnap.
[8] Ons hulp is in die Naam van יהוה wat hemel en aarde gemaak het.

125 *'n Bedevaartslied.*

Die wat op יהוה vertrou,
is soos die berg Tsijon wat nie wankel nie, maar bly vir ewig.
[2] Rondom Jarushalajim is berge;
so is יהוה rondom Sy volk,
nou en vir ewig.
[3] Want die septer van boosheid sal nie rus
op die erfdeel van die regverdiges nie,
sodat die regverdiges hulle hande nie sal uitsteek na onreg nie.
[4] יהוה, doen goed aan die goeies
en aan die wat opreg is in hulle harte.
[5] Maar die wat langs krom paaie wegdraai,
sal יהוה laat vergaan saam met die werkers van ongeregtigheid.
Vrede oor Jisra'ël!

126 *'n Bedevaartslied.*

Wanneer יהוה die omstandighede van Tsijon terug draai,
sal ons wees soos die wat droom.
[2] Oons mond sal gevul wees met gelag
en ons tong met gejubel;
hulle sal onder die heidene sê:
"יהוה het groot dinge aan hulle gedoen."
[3] יהוה sal groot dinge aan ons doen:
ons sal bly wees!
[4] O יהוה, draai ons omstandighede terug
soos waterstrome in die Suidland.
[5] Die wat met trane saai,

© Kopiereg 2003-2010 Masada – Proeflees uitgawe

sal met gejubel oes.
6 Hy wat loop en ween
en die saadkoring dra;
hy sal sekerlik kom met gejubel
en sy gerwe dra.

127 *'n Bedevaartslied. Van Shelomo.*

Indien יהוה die huis nie bou nie,
werk die wat daaraan bou, tevergeefs;
Indien יהוה die stad nie beskerm nie,
waak die wagter tevergeefs.
2 Tevergeefs dat julle vroeg opstaan,
laat opbly, om brood van moeite te eet;
so gee Hy aan Sy beminde slaap!
3 Kyk, seuns is 'n erfdeel van יהוה;
die vrug van die moederskoot is die
beloning.
4 Soos pyle in die hand van 'n held,
so is die seuns van die jeug.
5 Geseënd is die man wat sy pylkoker
daarmee gevul het!
Hulle sal nie beskaamd staan
wanneer hulle met die vyande in die
poort praat nie.

128 *'n Bedevaartslied.*

Geseënd is elkeen wat יהוה vrees,
wat in Sy weë wandel!
2 Die vrug van jou hande sal jy eet;
geseënd is jy, en dit gaan goed met jou!
3 Jou vrou is soos 'n vrugbare
wingerdstok binne-in jou huis;
jou kinders soos olyfboompies rondom
jou tafel.
4 Kyk, so sal die man geseën word wat
יהוה vrees.
5 Mag יהוה jou seën uit Tsijon,
dat jy die voorspoed van Jarushalajim
mag aanskou
al die dae van jou lewe!
6 En dat jy jou kindskinders mag
aanskou!
Vrede oor Jisra'ěl!

129 *'n Bedevaartslied.*

"Hulle het my alreeds te veel van my
jeug af as vyand behandel."
Laat Jisra'ěl dit sê:
2 "Hulle het my alreeds te veel van my
jeug af as vyand behandel;
tog het hulle my nie oorwin nie.
3 "Ploeërs het op my rug geploeg;
hulle het hul vore lank getrek."
4 יהוה is regverdig:
Hy het die toue van die bose afgekap.
5 Laat hulle beskaamd staan en
agteruitwyk,
almal wat Tsijon haat.
6 Laat hulle soos gras op die dakke word
wat verdor voordat 'n mens dit uittrek,
7 waarmee die maaier sy hand en die
gerwebinder sy arm nie vul nie.
8 Sodat die wat verbygaan, nie sê:
"Die seën van יהוה oor julle!
Ons seën julle in die Naam van יהוה."

130 *'n Bedevaartslied.*

Uit die dieptes roep ek U aan, o יהוה!
2 יהוה, hoor my stem;
laat U ore luister na die stem van my
smekinge.
3 Indien U, Jah, die ongeregtighede in
gedagtenis hou,
o יהוה, wie sal bestaan?
4 Maar by U is vergewing,
dat U gevrees mag word.
5 Ek verwag יהוה;
my wese verwag,
en ek wag op Sy woord.
6 My wese verwag יהוה
meer as wagters op die môre,
wagters op die môre.
7 Wag op יהוה, o Jisra'ěl!
want by יהוה is daar guns,
en by Hom is daar baie verlossing;
8 en Hy self sal Jisra'ěl verlos
van al sy ongeregtighede.

131 *'n Bedevaartslied. Van Dawid.*

O יהוה, my hart is nie verhef
en my oë nie trots nie;
ook wandel ek nie in dinge wat vir my te
groot en te wonderbaar is nie.
2 Waarlik, ek het my wese tot bedaring
gebring en stilgemaak;
soos 'n gespeende kind by sy moeder,
soos 'n gespeende kind is my wese in my.
3 Wag op יהוה, o Jisra'ěl,
nou en vir ewig!

© Kopiereg 2003-2010 Masada – Proeflees uitgawe

132 *'n Bedevaartslied.*

O יהוה, dink aan Dawid,
aan al sy ellende;
[2] dat hy aan יהוה gesweer het,
'n gelofte gedoen het aan die Magtige
van Jaäkoḇ:
[3] "Sekerlik sal ek nie ingaan in die tent
van my woning
of klim op die bed wat vir my gesprei is
nie;
[4] "Sekerlik sal ek my oë geen slaap gun,
aan my ooglede geen sluimering nie,
[5] "Totdat ek 'n plek vind vir יהוה,
'n woning vir die Magtige van Jaäkoḇ!"
[6] Kyk, ons het daarvan gehoor in Éfrata;
ons het dit gevind in die velde van die
woud.
[7] Laat ons na Sy woning gaan,
ons neerbuig voor Sy voetbank.
[8] Staan op na U rusplek, יהוה,
U en die ark van U sterkte!
[9] Laat U priesters beklee wees met
geregtigheid,
en laat U gunsgenote jubel.
[10] Wys U Gesalfde nie af nie,
ter wille van Dawid, U dienaar.
[11] יהוה het aan Dawid gesweer in
waarheid;
Hy sal daarvan nie terugdraai nie:
"Van die vrug van jou liggaam sal Ek laat
sit op jou troon.
[12] "Indien jou seuns My verbond hou
en My getuienisse wat Ek hulle leer,
dan sal húlle seuns ook vir ewig op jou
troon sit."
[13] Want יהוה het Tsijon gekies,
Hy het dit as woonplek vir Hom begeer
en gesê:
[14] "Dit is My rusplek vir ewig;
hier wil Ek woon, want Ek het dit begeer.
[15] "Sy voedsel sal Ek ryklik seën,
sy behoeftiges versadig met brood;
[16] "En sy priesters sal Ek met verlossing
beklee,
en sy gunsgenote sal vrolik jubel.
[17] "Daar sal Ek vir Dawid 'n horing laat
uitspruit;
Ek het vir My Gesalfde 'n lamp voorberei.
[18] "Ek sal sy vyande met skaamte beklee,
maar op Hom sal Sy kroon skitter."

133 *'n Bedevaartslied. Van Dawid.*

Kyk, hoe goed en hoe lieflik is dit dat
broers ook in eenheid saamwoon!
[2] Dit is soos die kosbare olie op die kop,
wat afloop op die baard,
die baard van Aharon,
wat afloop op die rand van sy klere.
[3] Dit is soos die dou van Ḥermon
wat neerdaal op die berge van Tsijon;
want daar gebied יהוה die seën,
die lewe vir ewig!

134 *'n Bedevaartslied.*

Kom, loof יהוה,
Alle dienaars van יהוה
wat snags in die huis van יהוה staan!
[2] Hef op julle hande na die plek van
afsondering, en loof יהוה!
[3] יהוה, Hy wat hemel en aarde gemaak
het,
seën jou uit Tsijon!

135 HalleluJah!

Prys die Naam van יהוה!
Prys, o dienaars van יהוה,
[2] wat staan in die huis van יהוה,
in die voorhowe van die huis van ons
Elohim!
[3] Loof Jah, want יהוה is goed;
sing lof tot Sy Naam, want dié is lieflik!
[4] Want Jah het Jaäkoḇ vir Hom gekies,
Jisra'ěl as Sy kosbare eiendom.
[5] Waarlik, ék weet dat יהוה groot
en ons Meester bo alle elohim is.
[6] Alles wat יהוה behaag, doen Hy,
in die hemel en op die aarde,
in die seë en al die dieptes.
[7] Hy wat die dampe laat opgaan van die
einde van die aarde af,
Hy het weerligstrale by die reën maak,
die wind uit Sy skatkamers laat gaan;
[8] wat die eersgeborenes van Mitsrajim
getref het,
van mense sowel as van vee;
[9] wat tekens en wonders gestuur het
in jou midde, o Mitsrajim,
teen Par'o en teen al sy dienaars;
[10] wat baie nasies verslaan het

© Kopiereg 2003-2010 Masada – Proeflees uitgawe

en magtige konings gedood het:
11 Siḥon, die koning van die Amoriete,
en Og, die koning van Bashan,
en al die koninkryke van Kanaän,
12 en hulle land as erfdeel gegee het,
as erfdeel aan Jisra'ěl, Sy volk.
13 O יהוה, U Naam is vir ewig,
U gedenknaam, יהוה, van geslag tot geslag!
14 Want יהוה sal aan Sy volk reg doen en medelye hê met Sy dienaars.
15 Die idole van die heidene is silwer en goud,
die werk van mensehande.
16 Hulle het 'n mond, maar praat nie;
hulle het oë, maar sien nie;
17 ore het hulle, maar hoor nie;
ook is daar geen asem in hulle mond nie.
18 Die wat hulle maak, sal net soos hulle word,
elkeen wat op hulle vertrou.
19 Huis van Jisra'ěl, loof יהוה!
Huis van Aharon, loof יהוה!
20 Huis van Levi, loof יהוה!
Julle wat יהוה vrees, loof יהוה!
21 Geseënd is יהוה uit Tsijon,
Hy wat in Jarushalajim woon!
HalleluJah!

136 Loof יהוה, want Hy is goed,
want Sy guns is tot in ewigheid.
2 Loof die Elohim van die elohim,
want Sy guns is tot in ewigheid.
3 Loof die Meester van die meesters,
want Sy guns is tot in ewigheid:
4 Hy wat alleen groot wonders doen,
want Sy guns is tot in ewigheid.
5 Wat die hemele met verstand gemaak het,
want Sy guns is tot in ewigheid.
6 Wat die aarde op die water uitgespan het,
want Sy guns is tot in ewigheid.
7 Wat die groot ligte gemaak het,
want Sy guns is tot in ewigheid.
8 Die son om te regeer oor die dag,
want Sy guns is tot in ewigheid.
9 Die maan en sterre om te regeer oor die nag,
want Sy guns is tot in ewigheid.
10 Wat die Mitsrim getref het in hulle eersgeborenes,
want Sy guns is tot in ewigheid.
11 En Jisra'ěl onder hulle uitgelei het,
want Sy guns is tot in ewigheid.
12 Met 'n sterk hand en met 'n uitgestrekte arm,
want Sy guns is tot in ewigheid.
13 Wat die Rietsee in stukke gesny het,
want Sy guns is tot in ewigheid.
14 En Jisra'ěl daar dwarsdeur laat gaan het,
want Sy guns is tot in ewigheid.
15 En Par'o saam met sy leër in die Rietsee gestort het,
want Sy guns is tot in ewigheid.
16 Wat Sy volk deur die woestyn gelei het,
want Sy guns is tot in ewigheid.
17 Wat groot konings verslaan het,
want Sy guns is tot in ewigheid.
18 En geweldige konings gedood het,
want Sy guns is tot in ewigheid.
19 Siḥon, die koning van die Amoriete,
want Sy guns is tot in ewigheid.
20 En Og, die koning van Bashan,
want Sy guns is tot in ewigheid.
21 En hulle land as erfdeel gegee het,
want Sy guns is tot in ewigheid.
22 As erfdeel aan Jisra'ěl, Sy dienaar,
want Sy guns is tot in ewigheid.
23 Wat in ons vernedering aan ons gedink het,
want Sy guns is tot in ewigheid.
24 En ons van ons teëstanders losgeruk het,
want Sy guns is tot in ewigheid.
25 Wat voedsel gee aan alle vlees,
want Sy guns is tot in ewigheid.
26 Loof die Ěl van die hemel,
want Sy guns is tot in ewigheid.

137 By die riviere van Baḇel,
daar het ons gesit en geween,
terwyl ons aan Tsijon dink.
2 Aan die wilgerbome wat daarin is,
het ons ons liere opgehang.
3 Want daar het hulle wat ons as gevangenes weggevoer het,
van ons die woorde van 'n lied gevra

© Kopiereg 2003-2010 Masada – Proeflees uitgawe

en hulle wat ons verdruk het, vreugde, deur te sê:
"Sing vir ons 'n lied van Tsijon."
[4] Hoe sou ons die lied van יהוה kan sing in 'n vreemde land?
[5] Indien ek jou vergeet, o Jarushalajim, laat my regterhand dan homself vergeet!
[6] Laat my tong kleef aan my verhemelte indien ek aan jou nie dink nie,
indien ek Jarushalajim nie verhef bo my hoogste vreugde nie.
[7] יהוה, onthou die dag van Jarushalajim teen die kinders van Edom,
hulle wat gesê het:
"Breek weg, breek weg, tot op die grond met hom!"
[8] O dogter van Baḇel, jy wat verwoessal word,
geseënd is hy wat jou sal vergeld wat jy ons aangedoen het!
[9] Geseënd is hy wat jou kinders gryp en verpletter teen die rots!

138 *'n Lied van Dawid*.

Ek sal U loof met my hele hart;
in die teenwoordigheid van die elohim sal ek U lof besing.
[2] Ek sal my neerbuig na U afgesonderde paleis en U Naam loof,
vir U guns en om U trou;
want U het U Naam, U woord bo alles groot gemaak.
[3] Die dag toe ek geroep het, het U my verhoor,
my moedig gemaak met krag in my wese.
[4] Al die konings van die aarde sal U loof, יהוה,
wanneer hulle die woorde van U mond gehoor het;
[5] en hulle sal sing van die weë van יהוה,
want die glans van יהוה is groot.
[6] Want יהוה is verhewe;
nogtans sien Hy die nederige aan,
en die hoogmoedige ken Hy op 'n afstand.
[7] Alhoewel ek te midde van benoudheid wandel,
behou U my in die lewe;
U steek U hand uit teen die toorn van my vyande,
en U regterhand verlos my.
[8] יהוה sal dit vir my voleindig!
U guns, יהוה, is tot in ewigheid:
Laat die werke van U hande nie vaar nie!

139 *Vir die musiekleier*.

'n Lied van Dawid.
יהוה, U het my ondersoek en ken my.
[2] U ken my sit en my opstaan;
U verstaan my gedagte van ver.
[3] U bepaal my pad en my lê,
en U is met al my weë goed bekend.
[4] Want daar is nog geen woord op my tong nie,
of U, יהוה, U ken dit geheel en al.
[5] U sluit my in van agter en van voor,
en U lê U hand op my.
[6] Dit is kennis, te wonderbaar vir my,
te hoog vir my begrip.
[7] Waar sou ek heengaan van U Gees
en waarheen vlug van U aangesig?
[8] Klim ek op na die hemel, U is daar;
en maak ek die graf my bed,
kyk, U is daar!
[9] Neem ek die vleuels van die dagbreek,
gaan ek by die uiteinde van die see woon,
[10] ook daar sou U hand my lei
en U regterhand my vashou.
[11] En sou ek sê: "Laat tog net die duisternis my bedek "
dan sal die nag vir my lig wees,
[12] selfs die duisternis is vir U nie donker nie,
en die nag gee lig soos die dag,
die duisternis is soos die lig.
[13] Want U het my niere gevorm,
my in my moeder se skoot geweef.
[14] Ek loof U, omdat ek so vreeslik wonderbaar gemaak is;
wonderbaar is U werke!
En my wese weet dit alte goed.
[15] My gebeente was vir U nie verborge toe ek in die geheim gemaak is nie,
kunstig geweef in die dieptes van die aarde.
[16] U oë het my ongevormde liggaam gesien;
en in U boek is hulle almal opgeskryf:

© Kopiereg 2003-2010 Masada – Proeflees uitgawe

dae dat alles bepaal was,
toe nog geeneen van hulle daar was nie.
17 Hoe kosbaar is U gedagtes dan vir my, o Ěl!
Hoe geweldig is hulle volle som nie!
18 Sou ek hulle tel,
is hulle meer as die sand;
word ek wakker, dan is ek nog by U.
19 O Eloah, sou U tog maar die bose wou ombring!
En julle mans van bloed,
gaan van my af weg!
20 Hulle wat boos teen U praat,
U teëstanders verhef hul valslik!
21 יהוה, sou ek dié nie haat wat vir U haat,
en verafsku die wat teen U opstaan nie?
22 Ek haat hulle met ’n volkome haat;
vyande is hulle vir my!
23 Ondersoek my, o Ěl, en ken my hart;
toets my en ken my gedagtes;
24 en kyk of daar by my ’n weg van boosheid is,
en lei my op die ewige weg!

140 *Vir die musiekleier. ’n Lied van Dawid.*

Red my, יהוה,
van die mans van boosheid,
bewaar my van die mans van geweld;
2 wat boosheid in die hart bedink,
wat elke dag stryd verwek.
3 Hulle maak hul tong skerp soos ’n slang;
gif van ’n adder is onder hulle lippe. Sela.
4 Bewaar my, יהוה, van die hande van die bose;
behoed my van die mans van geweld wat planne beraam om my voete weg te stoot.
5 Trotsaards het vir my ’n vangnet en toue gespan;
hulle het ’n net uitgespan aan die kant van die pad;
strikke het hulle vir my gestel. Sela.
6 Ek het aan יהוה gesê: “U is my Ěl;
luister tog, יהוה, na die stem van my smekinge!
7 “Meester יהוה, Sterkte van my verlossing,
U beskut my hoof in die dag van stryd!
8 “יהוה, gee tog nie die begeertes van die bose nie;
laat sy listige plan nie werk nie,
sodat hulle hul verhef nie. Sela.
9 “Wat betref die hoof van die wat my omring,
laat die teëspoed van hulle lippe hulle bedek.
10 “Laat vurige kole op hulle afgegooi word;
mag Hy hulle laat val in die vuur,
in kuile, sodat hulle nie weer opstaan nie!
11 “Laat die kwaadprater nie op aarde standvastig word nie;
laat die kwaad die man van geweld keer op keer jaag.”
12 Ek weet dat יהוה die regsaak van die ellendige,
die reg van die behoeftiges sal behartig.
13 Sekerlik, die regverdiges sal U Naam loof,
die opregtes sal voor U aangesig woon.

141 *’n Lied van Dawid.*

יהוה, ek roep U aan;
kom tog gou na my toe;
luister na my stem wanneer ek na U roep.
2 Laat my gebed soos reukwerk voor U aangesig wees,
die opheffing van my hande soos die aandoffer.
3 יהוה, stel ’n wag voor my mond, bewaar die deur van my lippe.
4 Laat my hart nie tot die bose neig nie,
om in boosheid dinge te doen saam met mans wat ongeregtigheid werk nie;
en laat my nie van hulle lekkernye eet nie.
5 Laat die regverdige my slaan
en my tugtig met liefdevolle guns -
hoofsalf sal my hoof nie weier nie;
want nog is my gebed teen hulle booshede.
6 Hulle regters word aan die kant van die rots afgegooi,
hulle sal hoor dat my woorde lieflik is.
7 Soos ’n mens in die aarde vore en skeure trek,

© Kopiereg 2003-2010 Masada – Proeflees uitgawe

is ons beendere gestrooi by die mond
van die doderyk.
8 Want op U is my oë, Meester יהוה;
by U skuil ek:
giet my lewe nie uit nie!
9 Bewaar my vir die mag van die vangnet
van die wat vir my strikke stel,
en vir die strikke van die werkers van
ongeregtigheid.
10 Laat die bose in hulle vangkuile val,
almal saam,
terwyl ék verbygaan!

142 *'n Onderwysing van Dawid, toe hy in die spelonk was. 'n Gebed.*

Ek roep יהוה aan met my stem,
Ek smeek יהוה met my stem.
2 Ek stort my klagte uit voor Sy aangesig;
ek maak voor Sy aangesig my nood
bekend.
3 Wanneer my gees in my versmag,
dan ken U my pad.
Op die pad wat ek moet gaan,
het hulle 'n strik vir my versteek.
4 Ek kyk uit na regs en kyk,
maar daar is niemand wat my ken nie;
die toevlug is vir my verlore;
niemand vra na my nie.
5 Ek roep U aan, o יהוה!
Ek sê: "U is my skuilplek,
my deel in die land van die lewendes.
6 "Luister na my smeking,
want ek is baie swak;
red my van my vervolgers,
want hulle is vir my te sterk.
7 "Lei my wese uit die gevangenis om U
Naam te loof.
Die regverdiges sal my omring
omdat U aan my goed doen."

143 *'n Lied van Dawid.*

O יהוה, hoor my gebed;
luister tog na my smekinge;
verhoor my in U trou, in U geregtigheid.
2 En gaan nie na die gereg met U dienaar
nie,
want niemand wat leef, is voor U
aangesig regverdig nie.
3 Want die vyand vervolg my wese;
hy vertrap my lewe teen die grond;
hy laat my woon in duisternisse
soos hulle wat lankal dood is.
4 En my gees versmag in my,
my hart verstyf in my binneste.
5 Ek dink aan die dae lank gelede;
ek peins oor al U dade;
ek dink ná oor die werk van U hande.
6 Ek brei my hande na U uit;
my wese dors na U soos 'n uitgedorde
land. Sela.
7 Verhoor my tog gou, יהוה:
my gees beswyk!
Verberg U aangesig nie vir my nie,
sodat ek nie word soos hulle wat in die
kuil neerdaal nie.
8 Laat my U guns in die môre hoor,
want op U vertrou ek;
maak my bekend die pad wat ek moet
gaan,
want ek hef my wese op na U.
9 Red my van my vyande, יהוה!
By U skuil ek.
10 Leer my om U vreugde te doen,
want U is my Elohim.
Laat U goeie Gees my lei in 'n gelyk land.
11 O יהוה, maak my lewend om U Naam
ontwil;
lei my wese uit die benoudheid,
in U geregtigheid.
12 En vernietig my vyande in U guns,
en bring hulle almal om wat my as vyand
behandel;
want ek is U dienaar.

144 *'n Lied van Dawid.*

Geseënd is יהוה, my Rots,
wat my hande leer om te veg,
my vingers om oorlog te voer;
2 my guns en my bergvesting,
my skans en my redder,
my skild en die Een by wie ek skuil,
wat my volk aan my onderwerp.
3 יהוה, wat is die mens dat U hom ken?
Die mensekind dat U op hom ag gee?
4 Die mens is soos 'n leegheid;
sy dae is soos 'n vlugtige skaduwee.
5 Buig U hemele, יהוה, en daal neer; raak
die berge aan, dat hulle rook!
6 Slinger weerkig en verstrooi hulle;
stuur U pyle uit en verwar hulle!

© Kopiereg 2003-2010 Masada – Proeflees uitgawe

7 Strek U hande uit die hoogte;
ruk my uit, en red my uit groot waters,
uit die hand van vreemdes,
8 wie se mond leuens praat
en wie se regterhand 'n regterhand van
bedrog is.
9 O Elohim, ek wil 'n nuwe lied tot U sing,
op die tiensnarige harp wil ek U lof
besing.
10 U wat aan konings die oorwinning gee,
wat U dienaar Dawid wegruk van die
bose swaard.
11 Verlos my uit en red my uit die hand
van vreemdes,
wie se mond leuens praat
en wie se regterhand 'n regterhand van
bedrog is.
12 Laat ons seuns wees soos plante
wat opgekweek is in hulle jeug,
ons dogters soos hoekstene
uitgebeitel soos die boustyl van 'n paleis;
13 dat ons skure vol mag wees,
wat allerhande soorte voorraad oplewer;
ons kleinvee by duisende mag aanteel,
by tien duisende op ons velde;
14 ons beeste gelaai mag wees;
geen inbrake en geen uittogte nie,
en geen gehuil op ons pleine nie.
15 Geseënd is die volk met wie dit so
gaan;
geseënd is die volk wie se Elohim יהוה is!

145 *'n Loflied van Dawid*.

O My Elohim, o Koning, ek wil U verhoog
en U Naam loof
vir ewig en altyd.
2 Elke dag wil ek U loof en U Naam prys
vir ewig en altyd.
3 יהוה is groot en baie lofwaardig,
en Sy grootheid is ondeurgrondelik.
4 Die een geslag tot die volgende prys U
werke,
en hulle verkondig U magtige dade.
5 Ek wil praat van die glans van U
glansryke majesteit
en van U wonderbare dade.
6 En hulle sal praat van die krag van U
vreeslike dade,
en U grootheid wil ek vertel.
7 Hulle sal die herinnering van U groot
goedheid laat uitstroom
en jubel oor U geregtigheid.
8 יהוה bewys guns en is barmhartig,
geduldig en groot van goedheid.
9 יהוה is vir almal goed,
en Sy barmhartigheid is oor al Sy werke.
10 Al U werke loof U, o יהוה,
en U gunsgenote prys U.
11 Hulle maak melding van die glans van
U koninkryk
en praat van U mag,
12 om aan die mensekinders Sy magtige
dade bekend te maak
en die glansryke luister van Sy koninkryk.
13 U koninkryk is 'n koninkryk van alle
eeue,
en U heerskappy duur deur al die
geslagte.
14 יהוה ondersteun almal wat val,
en Hy rig almal op wat neergebuig is.
15 Die oë van almal wag op U,
en U gee hulle hul voedsel op die regte
tyd.
16 U maak U hand oop en versadig
die begeerte van alles wat lewe.
17 יהוה is regverdig in al Sy weë
en goedgunstig in al Sy werke.
18 יהוה is naby almal wat Hom aanroep,
almal wat Hom aanroep in waarheid.
19 Hy vervul die begeerte van die wat
Hom vrees,
en Hy hoor hul hulpgeroep en verlos
hulle.
20 יהוה bewaar almal wat Hom liefhet,
maar Hy verdelg al die bose.
21 My mond sal die lof van יהוה uitspreek,
en laat alle vlees Sy kodesh Naam loof
vir ewig en altyd.

146 HalleluJah!

Loof יהוה, o my wese!
2 Ek wil יהוה prys solank ek lewe;
ek wil die lof van my Elohim besing
terwyl ek bestaan.
3 Moet nie op prinse vertrou nie,
op die mensekind, by wie geen
verlossing is nie.
4 Sy gees gaan uit, hy keer terug na sy
aarde toe;
op daardie dag vergaan sy planne.

© Kopiereg 2003-2010 Masada – Proeflees uitgawe

[5] Geseënd is hy wat die Elohim van
Jaäkoḇ het as sy hulp,
wie se verwagting op יהוה sy Elohim is,
[6] wat hemel en aarde gemaak het,
die see en alles wat daarin is;
wat trou bly tot in ewigheid;
[7] wat aan die verdruktes reg doen,
wat aan die wat honger is brood gee.
יהוה maak die gevangenes los.
[8] יהוה open die oë van die blindes;
יהוה rig die wat geboë is, op;
יהוה het die regverdiges lief.
[9] יהוה behoed die vreemdelinge;
Hy rig wees en weduwee weer op;
maar die weg van die bose maak Hy
krom.
[10] יהוה is vir ewig Koning, o Tsijon;
jou Elohim, is van geslag tot geslag!
HalleluJah!

147 Loof יהוה,

want dit is goed om lof tot ons Elohim te
sing,
ja lieflik, ’n loflied is gepas!
[2] יהוה bou Jarushalajim op;
Hy versamel die verworpenes van Jisra’ĕl.
[3] Hy genees die gebrokene van hart,
en Hy verbind hulle wonde.
[4] Hy bepaal die getal van die sterre;
Hy gee hulle almal name.
[5] Ons Meester is groot en magtig in krag;
Sy verstand is oneindig.
[6] יהוה rig die ootmoediges weer op;
die bose mense verneder Hy tot die
grond toe.
[7] Sing ’n danklied tot יהוה,
sing lof tot ons Elohim met die lier;
[8] wat die hemel met wolke oordek,
wat vir die aarde reën berei,
wat op die berge gras laat uitspruit,
[9] wat aan die vee hulle voedsel gee,
aan die jong rawe wat roep.
[10] Hy het geen vreugde in die krag van
die perd,
geen vreugde in die bene van die man
nie.
[11] יהוה het vreugde in die wat Hom
vrees,
wat op Sy guns wag.
[12] O Jarushalajim, prys יהוה!
O Tsijon, loof jou Elohim!
[13] Want Hy het die grendels van jou
poorte sterk gemaak;
Hy het jou kinders in jou midde geseën.
[14] Hy wat aan jou grondgebied vrede
verskaf,
wat jou versadig met die beste van die
koring,
[15] wat Sy bevel na die aarde stuur,
Sy woord loop baie vinnig.
[16] Hy gee sneeu soos wol;
Hy strooi ryp soos as.
[17] Hy gooi Sy hael rond soos stukke,
wie kan bestaan voor Sy koue?
[18] Hy stuur Sy woord en laat hulle smelt;
Hy laat Sy wind waai - die waters loop.
[19] Hy maak aan Jaäkoḇ Sy woorde
bekend,
aan Jisra’ĕl Sy wette en Sy regsreëlings.
[20] So het Hy aan geen enkele nasie
gedoen nie;
en Sy regsreëlings, dié ken hulle nie.
HalleluJah!

148 HalleluJah!

Loof יהוה uit die hemele;
loof Hom in die hoogtes!
[2] Loof Hom, al Sy boodskappers,
loof Hom, al Sy leërskare!
[3] Loof Hom, son en maan,
loof Hom, alle helder sterre!
[4] Loof Hom, hemele van hemele
en waters wat bo die hemele is!
[5] Laat hulle die Naam van יהוה loof; want
Hy het bevel gegee –
en hulle is geskep.
[6] En Hy het hulle in stand gehou
vir altyd en ewig;
Hy het ’n wet gegee wat geeneen oortree
nie.
[7] Loof יהוה van die aarde af,
groot seediere en alle dieptes!
[8] Vuur en hael, sneeu en wolke,
stormwind wat Sy woord uitvoer;
[9] berge en alle heuwels,
vrugtebome en alle sederbome,
[10] wilde diere en alle vee,
kruipende diere en gevleuelde voëls;
[11] konings van die aarde en alle volke,
vorste en alle regters van die aarde;

© Kopiereg 2003-2010 Masada – Proeflees uitgawe

[12] jong mans en ook jong meisies,
oues saam met die jonges -
[13] laat hulle die Naam van יהוה loof!
Want Sy Naam alleen is hoog;
Sy majesteit is oor aarde en hemel!
[14] En Hy het 'n horing vir Sy volk verhef:
'n roem vir al Sy gunsgenote;
vir die kinders van Jisra'ĕl,
die volk wat naby Hom is.
HalleluJah!

149 HalleluJah!

Sing vir יהוה 'n nuwe lied,
Sy lof in die vergadering van die gunsgenote!
[2] Laat Jisra'ĕl hom verheug in sy Maker,
laat die kinders van Tsijon juig oor hulle Koning!
[3] Laat hulle Sy Naam loof in koordans,
Hom lofsing met tamboeryn en lier.
[4] Want יהוה het 'n vreugde in Sy volk,
Hy versier die ootmoediges met verlossing.
[5] Laat die gunsgenote juig in glans,
laat hulle jubel op hul beddens.
[6] Lofsange van Ĕl is in hulle keel,
en 'n tweesnydende swaard in hulle hand,
[7] om wraak te neem onder die heidene,
strafoordele onder die volke,
[8] om hulle konings met kettings te bind
en hulle edeles met ysterboeie,
[9] om 'n vonnis wat opgeskryf is, aan hulle te voltrek.
'n Aansien is dit vir al Sy gunsgenote!
HalleluJah!

150 HalleluJah!

Loof Ĕl in Sy afgesonderde plek,
loof Hom in Sy magtige uitspansel!
[2] Loof Hom oor Sy magtige dade,
loof Hom volgens Sy oorvloedige grootheid!
[3] Loof Hom met die klank van die ramshoring,
loof Hom met harp en lier!
[4] loof Hom met tamboeryn en danse,
loof Hom met snarespel en fluite,
[5] loof Hom met helder simbale,
loof Hom met klinkende simbale!
[6] Laat alles wat asem het, Jah loof!
HalleluJah!

© Kopiereg 2003-2010 Masada – Proeflees uitgawe